BYBELSTUDIE

DIE BOEK VAN OPENBARING

Gereformeerde Kerk Centurion

31 Oktober 2007

hierdie dokument is beskikbaar op
http://www.gkcenturion.org.za/

DIE BOEK VAN OPENBARING

Inleiding

Die boek van Openbaringe vorm ‘n eenheid, wat in sy begin en einde sterk herinner aan die briewe van die Nuwe Testament. Ons sou kon sê dit is ’n profetiese brief van die Here Jesus aan die sewe gemeentes van Klein Asië – en sodoende sy hele kerk. Die boek word ten onregte soms ‘n ‘geslote’ boek genoem – nogal ironies teenoor die begrip ‘openbaring’.

Vir baie is die simboliek en beeldspraak moeilik om te verstaan. As jy weer te diep delf kan jy verward raak. Dikwels word daar sommer wyd gefantaseer oor die inhoud van die besondere boek. Aan die ander kant bied die boek vir baie mense die moontlikhede om avontuurlustige voorspellings te maak of om oor die huidige wêreldverskynsels te spekuleer.

Die karakter van die boek kan beskryf word as apokaliptiek. Apokalips beteken om die deksel van iets wat verborge is op te lig (‘ontsluiering’, ’ontdekking’, ’oopmaak wat verborge is’). ’n Apokaliptiese geskrif bied simboliese oorsigte en nie noodwendige detail nie. Daarom moet die eenheid van die boek steeds in gedagte gehou word. Die ‘profetiese perspektief’ bied ons ’n visie op die bergspitse en nie die detail van die valleie daartussen nie. Ons het hier dus nie met toekomsvoorspelling te doen nie en kan ons dit nie sondermeer net letterlik verklaar nie.

Apokalips in Bybel: Daniël (2de deel), Esegiël, Jesaja 24-27; Markus 13

Doel

Die boek is nie bedoel vir alle mense nie. Dit is nie bedoel vir die ongelowige en goddelose wêreldmense nie. Die boek is aan Sy diensknegte gegee.

Die doel van die boek is egter nie om eiewillige verklarings aan te bied nie, maar om die boodskap van die openbaring te laat leef en betekenis te gee aan die alledaagse lewe van gelowiges. Profetiese woorde soos in hierdie boek vervat is immers nie om die toekoms te probeer uitrafel nie, maar om die Here van die toekoms in Sy almag en wyse beskikking voortdurend aan ons bekend te stel. Dan sal ons ook ’n kykie- soos deur die gleufie in die deur – kry van die werk van God in verlede, hede en toekoms.

Die doel van die boek is geensins om ’n vooruitgeskrewe geskiedenis te wees soos sommige dit wil verklaar nie. Veel eerder moet ons onthou dat die boek in die eerste plek gerig is op die gelowiges in die tyd waarin Johannes geleef het. Daarvandaan kan ons die lyne trek na die profetiese boodskap vir ons tyd en eeu. So oorspan die profetiese blik in hierdie boek al die eeue tot op die voleinding. Openbaring het ten doel om die kerk in haar stryd te bemoedig deur vermaning en vertroosting (paraklese). [Parakletos = Vertrooster)

1e doel *‘wat gou moet gebeur’*
Dit is ‘n goddelike moet, ‘n hemelse noodwendigheid waardeur die dinge wat in Gods Raad besluit is, uitgevoer en voleindig word. Dit gee die troos en sekerheid: Die Here regeer; die wêreldgeskiedenis en die kerkgeskiedenis ontwikkel volgens God se Raad en is geen willekeurige sameloop van omstandighede nie. Hierdie dinge *moet* gebeur en dit moet *gou* gebeur.

2e doel Hou God se kerk wakend met die oog op die gesigseinder gerig....

Skrywer (Lees: Op 1:9-11)

Dit word algemeen aanvaar dat die apostel Johannes, seun van Sebedeus, die skrywer is. Hy is in sy ouderdom vanweë sy geloof na die eiland Patmos verban (Op 1:9), waarskynlik in die tyd van keiser Domitianus (ongeveer 95 n.C.) Hierdie keiser het die verering van die keiser as god afgedwing en het dus swaar vervolging van die Christene tot gevolg gehad. Daar op Patmos het Johannes hierdie openbaringe van die Here Jesus Christus ontvang en in opdrag van sy Here te boek gestel (Op 1:10,11).

Tema (Lees: Op 1:7-8; 1: 3 en 22: 7,10; Matt 13:14)

Die volle boodskap van Openbaringe word saamgevat in die tema wat in hfst. 1:7,8 beskryf staan: Jesus Christus is die finale en volslae oorwinnaar oor die magte van die bose en Hy sal sy kerk lei om deel te hê aan die heerlike oorwinning! Daarom...
'Geseënd is die een wat die woorde van die profesie lees, en die mense wat dit hoor en wat ter harte neem wat daarin geskrywe staan, want die eindtyd is naby' (Op1:3 en ook 22:7, 10).

Die boek bied 'n visionêre beskrywing van die verloop van die einddinge, die laaste dae, van die opstanding en hemelvaart van Christus tot Sy wederkoms en die vestiging van Sy heerskappy oor die heelal.

Kyk op! Leef met 'n opgerigte hoof - kyk na die hemel.

'n Studie van hiedie boek verhoed dat ons een-vlak mense word wat kykers is maar nie sien nie, hoorders is wat nie verstaan nie (Matt 13:14)

Dit bring die rykste troos aan die gelowige op aarde midde-in die grootste nood. Dit bemoedig die strydende kerk in 'n wêreld wat lyk soos 'n arendsnes wat uitmekaar geskop is. Dit verlewendig die hoop en verdryf die vertwyfeling by die kinders van God, want dit kom deurgaans met die blye versekering: Christus, ons Koning is Oorwinnaar!

Simboliek

Die gebruik van simboliek is 'n stylfiguur waarin die openbaring gegee word en wat net soos die gelykenisse van Jesus vir die ingewydes bedoel is. Daarom vind ons dit nie so eienaardig dat diegene wat net literêr daarna kyk of selfs die ongelowiges wat hulle daarmee besig hou, allerlei kunsgrepe daaruit versin nie. Tog moet onsself ook nie die beeldspraak of simboliek sondermeer net allegories verklaar nie (vgl. gelykenisse bv. die barmhartige samaritaan)

Getalle se simboliese waarde in Openbaring kan kortliks soos volg saamgevat word:

3: Getal van God Drie-enig, wat verlede, hede en toekoms ten volle omvat.
4: Getal van die mens/aarde (bv. windstreke of seisoene); Volkomenheid van die Skepping
7: Verbondsgetal van volkome, herstelde verbondsverhouding tussen God en mens en dui op die aktiewe ingryp van die Drie-Enige God in belang van Sy (vervolgde) kerk. (Geheel van **3** + **4**)
10: Getal van volheid (ook die veelvoude daarvan)
12: Getal wat die kerk aandui en in sy veelvoude ook dui op die OT en NT kerk en uiteindelik die verheerlikte kerk soos dit gebruik word in die beskrywing van die Nuwe Jerusalem (Op 21). Hou verband met die 12 stamme van Israel. Ook in veelvoude - 144 000

Getuie en martelaarskap

Terwyl ons tema die jaar klem lê op ons getuie-wees vir Christus is dit belangrik dat ons steeds ook oplet dat die betekenis van die woorde getuie of getuienis (marturia), wat in die OT hoofsaaklik 'n juridiese karakter het, in die NT veral ook die betekenis kry van martelaarskap ter wille van Christus. Hierin is Johannes self 'n voorbeeld en word vervolging van die gelowiges wat aan die getuienis van Christus vashou, as 'n noodwendige deel van Christenskap geteken.

Struktuur

Verskeie kommentare bied pogings tot 'n bepaalde struktuur. Die maklikste is egter om die struktuur te beskou as ineengeweef in sewe sewes. Troonvisioene staan sentraal.

1. Die sewe goue staanlampe
2. Die sewe seëls (Tussenvisioen tussen 6de en 7de seël: Hfst 7)
↓
3. Die sewe trompette (Tussenvisioen tussen 6de en 7de trompet: Hfst 10-11:14)
↓
4. Die sewe visioene van die draak
(Tussenvisioen: Hfst 14)
↓
5. Die sewe bakke vol toorn van God
↓
6. Die sewe visioene van Babel
↓
7. Die sewe eindvisioene

Die gebeure loop dus in hierdie visioene parallel en dieselfde gebeure word telkens uit 'n ander hoek beskrywe, terwyl daar die hele tyd verdieping plaasvind. Die skrikwekkende openbaringe word telkens onderbreek met 'n tussen-visioen waarin die ontvanger Johannes, en die lesers, bemoediging kry om verder te kyk!

Laaste woord

'Die boek is baie kunstig saamgestel. Dit kan vergelyk word met 'n orrelkomposisie waarin swaar dreuning van oordeel, geweld en smart, afgewissel word met die crescendos van oorwinning en blydskap en wat uitloop op die finale oorwinningslied' (Duvenhage, 1999:3)

Inhoud met dank aan:
- Ds Maarten van Helden
- Dr B Duvenhage: *Van Stryd tot Oorwinning*
- Nelly Silvis

DIE BOEK VAN OPENBARING

VOORWOORD (OPENBARING 1:1-3)

Lees: Op 1:1-3 – Ou en Nuwe Vertaling

1. ***Waarom begin die apostel nie met sy eie naam nie?***

Lees: Joh 3:30

2. ***Wat beteken dit vir jou as daar staan : "wat gou MOET gebeur" (ou vertaling)?***

Lees: Op 2:10

3. ***Hoeveel getuies is betrokke in die bevestiging van die waarheid/gesag van hierdie openbaring? Waarom? (Num 35:30 ; Deut 17:6)***

Lees:
- ***Num 35:30***
- ***Deut 17:6***

4. ***Hier is die eerste van sewe saligsprekinge wat oor die boek verdeel is! Met watter saligsprekinge kan u dit vergelyk? Watter drie dinge is belangrik om die saligsprekinge jouself as leser te kan toe-eien?***

Lees die saligsprekinge:
- ***Op 1:3***
- ***Op 14:13***
- ***Op 16:15***
- ***Op 19:9***
- ***Op 20:6***
- ***Op 22:7***
- ***Op 22: 14***

5. Wat impliseer die laaste byvoeging : "want die einde/eindtyd is naby"?

DIE AANHEF (OP 1:4-6)

Lees
- ***Op 1:4-6***
- ***Op 1:4-5 (Aanhef)***
- ***Op 22:21 (Einde)***
- ***Jak 1:1***
- ***Hand 15:23***
- ***Hand 23:26***

Begin (Op 1:4,5) en einde (Op 22:21) is in **briefvorm**. Brief van Christus aan sy vervolgde kerke. Skrywer maak net soos Paulus nie van die bondige Griekse aanhefstyl (bv. Jak 1:1) gebruik nie, maar van die **Oosterse** formule : Eers die afsender (naam van skrywer) en ontvangers/lesers en dan 'n kort vredestoevoeging/oordra van groete.

1. Waarom skryf hy daar net "Van Johannes"?

Lees: Joh 19:26-27

Lesers ken die skrywer wat self lank in Efese gewoon en gewerk het.

Met die provinsie Asië word Klein Asië bedoel wat ons vandag ken as Turkye. Op besoek aan die land kan u nog steeds hierdie stede of ruïnes daarvan gaan besoek.

2. Wat is die volle betekeniswaarde van die "sewe gemeentes"?

Lees:
- ***Op 1:11***
- ***Rom 8: 29-30***
- ***Kol 4:13***

Daar was meer as 7 gemeentes bv Kolosse en Hiërapolis (Kol 4:13).

- Waarom word *hierdie 7 gemeentes* uitgekies?
- Waarom word *7 gemeentes* uitgekies?

Die woord 'gemeente' is die Griekse "ekklesia", wat 'uitgeroepenes' beteken. Die boek is dus geskryf aan die vervolgde gelowiges wat deur die geloof uit die wêreld uitgeroep is om die kerk van die Here te wees. Die woord "kerk" kom nie in die Bybel voor nie, maar kom van die woord "kuriake" wat 'die wat aan die Here behoort' beteken. Sewe is die getal van volheid in die versoening tussen God en mens. Dit gaan dus om meer as die sewe genoemde (Op 1:11) gemeentes. Dit omvat almal wat die naam van Christus bely en die versoening deur Christus glo en bely en vir hulle is die troosboek gegee en al die beloftes wat daarin vervat is. Dit is vir alle gemeentes oor die hele wêreld. [Die 7 briewe is deel van een brief. Alle 7 gemeentes kry gevolglik waarskynlik toegang tot al 7 briewe. Die afsluiting is telkens: 'gemeentes moet luister'.]

3. Wat beteken dit as daar gegroet word met "genade en vrede"?

Grieks = 'gari' en 'eirene' – verbondsterme. Kan ook verstaan word as naderverklarende "en". Genade dui op die eenmalige gebeurtenis waardeur God mense kom red het. Vrede is die voortdurende begrip wat uit die genadewerk van God voortvloei.

Wat is die opdrag aan mense/ons sodat hulle/ons hierdie ewigdurende vrede kan ervaar?

Lees:
- ***1 Tim 4:7b, 14-16***
- ***2 Pet 3:18***

4. Kyk wie is die uitdeler van die seën. Bespreek elkeen afsonderlik en kyk watter troos lê daarin vir die vervolgde kerk.

Lees:
- ***Vader: Eks 3:14***
- ***Heilige Gees:***
- ***Op 1: 4***
- ***Op 3:1***
- ***Op 4:5***
- ***Op 5:6***
- ***Jes 11:2***
- ***Seun:***
- ***Ps 89:3, 8, 28, 36-38***
- ***Jer 42: 5***
- ***Jes 55:4***

Drie-Enige God is ter sprake

Vader :
Hy wat is en wat was en wat kom = uitbouing van Eks 3:14. Onveranderlike maar ook altyd bewegende (aktiewe God)
Heilige Gees:
Sewe geeste voor sy troon (Op 1:4; 3:1; 4:5; 5:6). Hele kerk (sewe gemeentes) het deel aan die Gees. 7 Geeste = Volheid. Volle omvang van HG
Seun:
Met 3 hoedanighede versier (vgl Ps 89:3, 8, 28)
- Gestorwe
- Opgestaan (Kol 1:18)
- Verheerlik – Heers oor konings van die aarde (Ps 89:28; Jes 55:4)

Hoekom is Jesus 'n 'Geloogwaardige Getuie'? (Jer 42:5, Ps 89:36-38)

Getrou tot die dood, eersteling van die opstanding, en verhoog tot Koning van konings. Die eerste lesers is die jong kerk in benouing, en daarom moet hulle Christus se heerskappy erken en aanvaar anders sal die boek vir hulle niks beteken nie. Anders kan hulle maar ophou lees!

Die Drie-eenheidsformule:
- Waar kom dit vandag nog voor?
- Bron van alle waarheid:

Lees:
- ***Joh 14: 6, 17***
- ***1 Joh 2:27***
- ***Op 19:11***

5. Die volgende woorde is 'n lofprysing of Eulogie. Die skrywer verseker ons van die versoeningswerk wat Christus vir sy kerk voltooi het. Hoe het Hy dit gedoen en wat is die resultaat?

Geestelike oorlogvoering- bid die bloed af op.....
- Jesus Christus het reeds gesterf
- Hoef Hom nie iedere keer weer te kruisig nie

Onthou-ons taak is om oor die Waarheid te waak!!

Lees:
- ***HK: Sondag 1 Vraag 1***
- ***HK: Sondag 12 Vraag 32***
- ***Op 5:13-14***
- ***Op 7:10***

Sondag 1 HK, vraag 1: Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?
Sondag 12 HK, vraag 32: Waarom word jy 'n Christen genoem?
Ooreenstemmende lofprysings by Op 5:13-14 en Op 7:10.

Die bloed van Christus dui nie op iets mistiek nie maar op sy sterwe as betaling tot regverdigmaking/vryspraak. Die gevolg is nie net priesterskap soos in die Tabernakeltyd van Israel in die woestyn nie, maar nou is ons meer as oorwinnaars (Rom 8) en daarom "konings en priesters van God". Daar is dus ontwikkeling in die openbaringswerk van God. Deel in die waardigheid van Christus.

Ons is dus almal, profeet, priester en koning. Jy is 'n prins of prinses in die koninkryk van God!

6. Wat beteken die woordjie "Amen"? (Op1:6) Waarom is daar 'n dubbele "ja, Amen" in Op 1:7?

Die apostel lei die lesers om eers die lofprysing te bekragtig deur dit hulle self toe te eien. Amen, dit is waar, ons bely dit so. Nou kan hulle verder lees.

Waarom doen ons elke Sondag belydenis van ons geloof in die erediens?

In vs 7 is dit 'n Griekse ja en 'n Hebreeuse ja (Amen)! Dubbel seker**! Die Here kom!** Die kerk antwoord in geloof op die belofte! Hulle neem die tema van die brief aan as hulle eie hoop en verwagting.

Sing van Amen na die erediens – deur die gemeente bevestig!

ENKELE VERDERE NOTA'S OOR OPENBARING

Openbaring handel oor die toekoms en die hede. Ons word ook bemoedig met die heilsgebeure in die verlede. Openbaring bring 'n boodskap van hoop. Ons hoef niks te vrees as ons in Christus geplant is nie.

Openbaring bevestig dat:

- Jesus Christus weer kom
- Die bose sal finaal vernietig word
- Die dooies sal opstaan vir die finale oordeel.

Die betekenins van die beelde en tekens wat in Openbaring gebruik word was destyds aan die mense bekend. As ons dus die betekenis daarvan kan verstaan, sal die boek ook vir ons maklik wees om te verstaan. Die boek wil nie dinge verberg/geheim hou nie – dit wil juis alles *openbaar!*

Die woord 'profesie'/'boodskap' kom ***7*** keer in Openbaring voor: Op 1:3, 11:6, 19:10, 22:7,10 18 19.

Die woord 'eindtyd'/'tyd'/'vasgestelde tyd' kom ***7*** keer in die Griekse teks voor: Op 11:18, 22:10, 12:12, 12:14 (Slegs 4 keer in Afrikaasne vertaling)

Inhoud met erkenning aan:

- Ds Maarten van Helden: Bybelstudie nota's
- Nelly Silvis: Bybelstudie nota's
- Verklarende Afrikaanse Bybel
- Bybel in Praktyk

DIE BOEK VAN OPENBARING

TEMA (OPENBARING 1: 7-8)

7. Vers 7 en 8 bied ons die tema van die boek/brief. Dit is die hoofboodskap wat steeds vasgehou moet word. Hoe sou ons dit vandag ons eie maak? Watter troos is daarin vir ons vandag?

Kernboodskap is die wederkoms, wat vas en seker is (Hand 1). Twee OT tekste is hier saamgevoeg :

- Dan 7:13 Die Seun van die mens kom met oordeel en bevryding (Mark 13:26; 1 Tes 4: 15-18)
- Sag 12:10 Roubeklag

Vgl ook Matt 24:30. Jesus Christus is die vervulling van die OT! Hy kom as deurboorde/gekruisigde die oordeel fel oor alle mense. Ja, amen. Dit sal beslis waar word. Dubbele erkenning!

Sondag 19, vraag 52. Ons het 'n MAGTIGE God.

- Verander van volwassenes met 'n kinderlike geloof
- Word volwassenes met 'n **volwasse** geloof.

8. Wat beteken die lettersimboliek – "die Alfa en Omega"? Waarom kom die byvoeging weer …. "Hy wat is en wat was en wat kom?

(Op 4:8; Jes 44:6; Jes 48:12-15)

Jesus self praat hier. Hy eien Homself al die eienskappe van God toe. Joh 1:1 – In die begin was die Woord daar..... en ook Hy wat is en wat was en wat kom!

Ons sien die Skeppings- en Voleindingsmag van God die Almagtige. Maar Hy is ook die onveranderlike en die alleenheerser. Hy spreek die laaste woord!

DIE ROEPING VAN JOHANNES (OP 1:9-11)

i. Watter vergelyking kan ons trek tussen die hierdie deel en bv Jes 6; Jer 1; Eseg 1?

Johannes bou verder op die voorafgaande legitimasie: Christus gee die openbaring. God Drie-enig seën sy kerk. Die boodskap is in 'n oorhoofse tema saamgevat. En nou sien ons die roepingsvisioen van Johannes: Jesus self verskyn aan Hom. So het ook die ou testamentiese profete aan hulle lesers/gehoor getoon dat hulle woorde, die woorde van God aan sy volk/kerk is. Die verskyning van die Here word hier in tipies profetiese visioen voorgestel. "Iemand soos…" vergelyk met die woorde van Daniël 7:13.

***2.* Wat is die verband tussen Johannes en die lesers van die boek/brief? Wat beteken jou band met die gemeente van Christus vir jou persoonlik?**

Al is hy afgesonder deur sy verbanning na Patmos, is daar steeds die band van die geloof. Hy is hulle '*medegelowige*'. In en deur Christus aan wie hulle deur die geloof verbind is, het hy soos hulle deel aan: Die *verdrukking* en die *koninkryk* en die lydsaamheid/volharding. Al drie is werklikhede. waaraan alle gelowiges deel het. Geloof impliseer martelaarskap, maar dit hef nie die verbondenheid aan die ewige koninkryk op nie. Inteendeel, dit bevestig die feit dat ons vreemdelinge in die wêreld is. Slegs deur volharding in verdrukking

kan die koninkryk ingegaan word (Hand 14:22). Die skrywer staan dus nie eenkant van sy hoorders nie. Wat leer dit ons van die prediking of getuienis van God se getuies?

Johannes vereenselwig hom dus steeds met die lyding van sy medegelowiges wat onder die dreiging van vervolging leef. Hulle is kultureel, sosiaal en kerklik ontwortel omdat hulle deur die Jode uit die sinagoges verban is. Die Jode het die Christene selfs aangekla by die Romeinse owerhede. Teen christene is gediskrimineer omdat hulle nie wou inval by die heidense gebruike en leefstyl nie. Op ekonomiese gebied was hulle in die noute gedryf, omdat hulle nie aan die vakbonde/gildes wat aan die afgode gewy is, kon behoort nie. Polities was hulle uitgesluit van besluitnemingsprosesse. Hulle was dus 'n ontredderde en geïsoleerde groep.

9. Kyk op 'n kaart (NAV p. 328) waar lê **die eilandjie Patmos**.

Patmos is deel van die Sporadegroep-eilande teenoor die kus van Turkye. Dit is 'n rotsagtige eiland in die Egeïese See, 80-90km vanaf Efese. Die Romeine het dit as verbanningsoord gebruik. Algemeen word aanvaar dat hy onder keiser Domitianus (regeer van 81-96 nC) verban is. Patmos was 'n eiland met goeie klimaat en ryk aan landerye. Die straf was miskien nie sodanig dwangarbeid of gevangenskap nie, maar verwydering van sy werkterrein en uit sy gemeenteverband. Dit was al lyding opsigself. Sy eie woorde is dat hy daarheen verban is *"omdat ek die woord van God en die getuienis van Jesus verkondig het".*

Hoeveel is ons bereid om te offer vir ons bereidheid vir die evangelie? (Hand 4)

4. **Wat beteken dit dat iemand "in die Gees" is? Watter dag was dit? Wat het hy gedoen? En wat is die gevolg van hierdie soort "in die Gees" wees? Wat is sy opdrag en waarom juis "skryf"?**

In die Gees op die dag van die Here (kuriaké, die dag van die Kurios, 'n titel wat Jesus juis deur sy opstanding en oorwinning verkry het). Hy is geestelik besig. (Eseg 3:12; Op 19:10) Hy hou sy Sondagoggendgodsdiens, waarskynlik eenkant van die ander bannelinge. Selfs as hy alleen is, dan hou hy aan 'n bepaalde dag en roetine vas en beoefen sy godsdiens. Hy bid! En dan hoor en sien Johannes. Wie homself/haarself dus aan die Here wy in gebed (erediens?) veral op die Sondag, sal deur die Gees, die Here self ontmoet – Hom hoor (prediking) en sien (sakramente). Die Sondag is 'n verdieping van die prinsipes van die ou testamentiese sabbat en behoort gebruik te word vir afsondering van die normale gang van ons lewe, om ons veral aan die Here se diens te wy (HK Sondag 38).

Dit is ook op hierdie dag dat ons weer herinner word aan ons opdragte. Johannes kry die opdrag van bo! Duidelik en ondubbelsinnig… "skrywe wat jy sien en stuur dit aan…" Hy moet skryf, want die gemeentes moet dit ook "sien en hoor" en so word dit bewaar vir die nageslag as Woord van God, van die Heilige Gees! (geïnspireer). Sonder dat die profeet dit weet, is hy besig met die skryf van die Bybel as Heilige Woord van God aan sy kerk!! Dat profete die visioene in soveel detail kon neerskryf, is 'n besondere gawe aan God se profete. Vgl ook Daniël en Esegiël, ens.

Trompet: Num 10:2-10

VISIOEN VAN DIE VERHEERLIKTE CHRISTUS (OP 1:12-20)

Verheerlikte Christus is dieselfde Christus as wat op aarde was. Nou, ná sy dood en opstanding, verskyn Hy in Sy verheerlikte vorm, daarom hierdie beeld o.a. in Openbaring. Dis dieselfde Here as wat Dan 7 Hom sien. Die sentrale gedagte van die eerste visioen wat Johannes sien: Jesus is by sy kerk.

1. Sou mens dit kon vergelyk met Hooglied? (Hgl 5:10-16)

- Wanneer Jesus weer verskyn is ons ook verwonderd, vergaap ons onsself.
- Openbaring is dus ook 'n **hoog**lied, 'n hoogtepunt, mylpaal!
- Gebruik ook metafore

2. Wat is die betekenis van die onderdele van die visioen?

2.1 Sewe goue kandelare/staanlampe

- Sewe *enkellampe* teenoor ou testamentiese kandelaar met 7 lampe (soos op kanselblad) (Eks 25:31,37; 1 Kon 7: 49; Sag 4:2)
- Dui op sewe *onafhanklike* kerke/gemeentes – elke kerkraad het gesag
- Goud dui op kosbaar, gelouter
- Kandelaar/lamp dui op lig
- Jesus wandel *tussen* Sy kandelare – Hy regeer Sy Kerk. Soewerein en met goddelike gesag. Ons gemeente moet dus ook lig skyn – Hy wil hier wees. Christus sorg vir Sy kerk – ons is dus nie alleen nie:
  - Met Sy hemelvaart sê Jesus Christus: Matt 28:20 -*Ek is met julle...*
  - Rom 8:39 *Niks kan julle van my liefde skei nie*
  - Joh 10:28,29
  - Hebr 13:5
- Hy kom as Regter oor al die volke – Op1:7
- Maar hier kom doen Hy visitasie tussen die kandelare, Sy kerk
- Kerklike visitasie van die Here self. Die sewe briewe is visitasierapporte.

2.2 Seun van die Mens

- Eretitel vir die opgestane Here
- Dan 7:13-14
- Luk 9:21
- Mat 24:36-37
- Mark 2:10,28; 8:31,38; 9:9

2.3 Lang kleed

- Lang kleed soos die Hoëpriester (Eks 28:4; 29:5; 39:27)
- Hoëpriesterlike heerlikheid
  - Offer Homself
  - Ingestaan in gebed – ons Voorspraak

2.4 Goue band

- Koninklike band van waardigheid
- Goud – gelouter, deur vuur (kruisiging) gelouter in ons plek!
- Vgl Luk 12:35 – bind om heupe wanneer werk.

2.5 Hare wit soos wol (Dan 7:9)

- Ouderdom se wysheid
- Heilige majesteit
- Wit: Skoonheid, heiligheid

2.6 Oë soos vuur

- Skrikwekkend
- Kan verteer
- Onderskei alles
- Hy is ons Regter
- Sy oordeelsoog ontgaan niks

2.7 Voete soos geelkoper wat gloei (Dan10:6)

- Staan stewig
- Waar Hy beweeg, suiwer Hy
- Sy oordeel verteer alle teenstand
- Ontsagwekkend

2.8 Stem (Eseg 1:24; 43:2)

- Sleur jou mee
- Ondubbelsinnig
- Sonder teëspraak
- Helder, duidelik
- Dringend soos die eerste keer
- Net nog meer ontsagwekkend

2.9 Regterhand

- Ssterk hand, krag van God
- Jesus het **self** uit die dood opgestaan
- Jesus wek Johannes uit die dood met goddelike krag

2.10 Sewe sterre

- Sewe engele of bodes, miskien die leiers of leraars van die gemeentes/dominees? (Op 1:20)
- Eseg 9:6 – Hy begin voor in die tempel
- Begin dus by dominee, ouderlinge, gelowiges en dan die wêreld
- **NB** – bid dus vir die *amp* van die leraars

2.10 Swaard uit sy Mond (Jes 49:2)

- Hy kan met Sy eie Woord oordeel
- Twee snydende swaard van Heb 4:12

2.11 Sy voorkoms soos die son (Matt 17:2)

- Vervulling van die OT
- Hy is die Son van geregtigheid/redding (Mal 4:2)

In ‘n sterk beeld van sy bevoegdheid om te oordeel, verskyn die Here Jesus Christus aan sy dienaar en Hy laat ons deel in wat hy sien, sodat ons weet wat Jesus in sy kerk vind nie maar opinies of gedagtes van ‘n mens is nie.

3. Wat is Johannes se reaksie op hierdie ontsagwekkende verskyning van die Here? Wat sou u doen as die Here vandag so aan u verskyn?

- Johannes val neer asof hy dood is – so ontsagwekkend
- In OT is geglo as jy God sien, sal jy dood neerval
  - Moses trek sy skoene uit voor die Heilige God
- Ons sal ook neerslaan voor hierdie MAGTIGE GOD!

4. Hoe vergelyk dit met die volk se reaksie by die berg Sinaï (Eks 20:18-21)?

5. <u>Watter troos bied die Here aan sy dienaars? Waar kan ons nog van die soortgelyke "Ek is"-uitsprake vind?</u>

Dit is tegelyk 'n waarskuwende en bemoedigende verskyning! Johannes skrik hom nie dood nie, maar val in absolute aanbidding en eerbied (vrees) neer voor die grootse Christus! Jesus lê troosvol sy regterhand (sy krag) op die apostel en gee hom die troos van die evangeliewaarheid – Dit is Ek (onthou Johannes was die een vir wie Jesus baie lief was – <u>Joh 21:20</u>). Ek is die Eerste en die Laaste en die Lewende. <u>(Jes 44:6; 48:12)</u> Hier sien ons weer die "Ek is"-uitsprake wat so tipies aan Johannes is <u>(Joh 6:20,35;10:11;14:6</u>). Moenie bang wees nie, is die troos van 'n Here wat die mens ken en verstaan. Dit is Ek wat die dood en doderyk oorwin het, jy het niks te vrees nie. Sleutels – aanduiding van mag <u>(Matt 16:19)</u>

<u>Konklusie</u>: Johannes is die nederige dienskneg van die Here en skryf sy brief op legitimasie van sy Opdraggewer. Salig is diegene wat dit ter harte neem!

<u>Inhoud met erkenning aan:</u>

- Ds Maarten van Helden: Bybelstudie nota's
- Nelly Silvis: Bybelstudie nota's
- Verklarende Afrikaanse Bybel
- Bybel in Praktyk

DIE BOEK VAN OPENBARING

BOODSKAPPE AAN DIE SEWE GEMEENTES

Memoriseer die name van die 7 gemeentes!

Die boodskappe aan die 7 gemeentes (Efese, Smirna, Pergamum, Tiatira, Sardis, Filadelfia en Laodisea) bestaan uit 7 dele:

1. Opdrag om te skrywe
2. Van Wie die boodskap kom
3. Hy dra kennis van die gemeente se toestand
4. Veroordeel verkeerde (Nie by Smirna en Filadelfia)
5. Waarskuwing en/of bemoediging
6. Aansporing om te luister
7. Belofte aan oorwinnaar (6 en 7 by laaste 2 gemeentes omgeruil)

Begin met 'So sê...': Dit was kenmerkend van die profete. "So sê die Here...': Jes 43:1,16; 44:2,6,24; 45:11. Dit is die profetiese Woord van God wat tot die gemeente kom.

Slot: Verwys na gemeentes: Hoewel daar telkens 'n boodskap vir 'n besondere gemeente is, moet ander gemeentes die boodskap ook ter harte neem.

DIE BOODSKAP AAN EFESE OP 2:1-7

1. Wat dink jy is die tema van hierdie brief?

Lees
- 1 Kor 13:1-3
- Ef 4:11-16 (+/- 30 jaar vroeër geskryf, 2e geslag Christene)

2. Wat weet jy van die dorpie Efese?

'n Stad in Turkye met ongeveer 300 000 inwoners - destyds 'n groot stad. Nie-amptelik die hoofstad van daardie streek – destyds "*die lig van Asië*" genoem (die toonaangewende stad van Klein-Asië). Dit is ironies want dit was 'n stad wat bekend was vir sy afgodery en verskriklike sondes soos Sodom en Gomorra. Die internasionale handelstad het gewemel van matrose, handelaars, toeriste, slawe en heidense priesters. Ook bekend vir sy *kuns en kultuur* met sy imposante en luisteryke tempels vir die afgode, waarvan die bekendste die tempel vir Diana (Romeins vir die Griekse Artemis).

In Hand 19 lees ons van die buitengewone fees vir hierdie godin en die opstand wat gevolg het toe Paulus daar gepreek het: Hand 19:23-29. Die tempel van Diana was 'n ongelooflike marmergebou waarvan die dak op 127 pilare gerus het. Demetrius het 'n fabriek vir silwerbeeldjies gehad wat hy aan die toeriste gesmous het (belangrike inkomstebron vir die stad). Die aanbidding van Diana het met die grofste seksuele misdrywe gepaard gegaan. Daar was ook die tempel wat keiser Augustus (of Domitianus?) as god moes vereer (die sg Augusteum)! Augustus is as die Redder van die nasies beskou. Efese was dus geestelik 'n donker stad!

Paulus stig die gemeente in Efese. Paulus doen in Efese aan op die einde van sy 2de Sendingreis (Hand 18:19-21) en werk tussen 2 en 3 jaar daar op sy 3de Sendingreis. Na Paulus se werk skyn die gemeente as 'n

groot kandelaar in die donker. Dan kom daar stryd – die keuse is: die lig van God **of** die donker pad van die afgodery. Daarom bied Ef 6 ons die wapenrusting van God! Dit gaan om stryd in Efese. Lig vs duisternis! Fil 3 (Fil 3:2, 12-14)

Die eintlike tema van die brief aan Efese is dus - **Stryd tussen lig en duisternis**

Kan jy enige vergelykings tref met hierdie beeld van Efese en die tyd waarin jy hier in Centurion leef?

Elke brief aan die sewe gemeentes begin met 'n inleiding van Wie eintlik aan die woord is. Uit die inleiding verstaan ons ook die gees en trant van die brief. Vergelyk Op 2:1b met Op 1:12b en 16a; Op 2:8b met Op 1:17b. Hierdie is telkens aanhalings uit die visioen van die verheerlikte Christus.

3. Waarom sou ons sê dat die brief oor lig en duisternis handel as dit tog lyk of dit hier oor die liefde moet gaan?

Die sleutel tot verstaan van elke brief lê in die openingswoorde wat teruglei na die magtige verskyning van Jesus as Regter – Hy beoordeel **eers** sy kerk. Hy wandel tussen die kandelare. Hy sien en weet alles! Sterre en kandelare is ligdraers! Die kerk moet die lig van die evangelie in die wêreld indra. Nie net het Paulus hier gepreek nie, maar drie (twee?) jaar in die Bybelskool van Tirannus onderrig gegee (Hand 19:9-10). Na hom het ook Timoteus en Johannes hier gewerk en die graf van Maria is hier. 'n Sterk gemeente was dus hier ter sprake.

4. Wat is die positiewe op hierdie visitasierapport van Christus aan sy gemeente in Efese? Wie of wat is die Nikolaïete? Waar sou ons hulle vandag kry?

'n Goeie pastorale beginsel: Begin met die positiewe. Jesus prys sy gemeente vir hulle werk en volharding (lydsaamheid). Lydsaamheid dui op volhardende werk onder druk en selfs teenstand van die Jode en die heidene. (Ef 3:16-19)

Dwaalleraars is ontmasker. (Ef 4:14; 1 Tim 1:3-4) Die 'slegte mense' is die 'vals apostels' (2 Kor 11:13). Die Nikolaïete (vs 6) is die vrysinniges, aanhangers van die leer van Nikolaus (gnostikus?), wat eintlik onbekend is. In Op 2:14-15 (Pergamum) word sy leer verbind aan die leer van Bileam (Num 22-24; 2:14; 31:8, 15-16) en loop uit op 'n tugtelose en sedelose lewenswyse en die eet van vleis wat aan afgode geoffer is. Die haat wat hulle jeens dié mense het staan sterk teenoor die liefde wat Christus van hulle eis. MAAR God hou hulle in sy hand vas ("...sewe sterre in sy regterhand vashou....").

Pastoraal is dit dus goed om as jy iemand vermaan ook die positiewe raak te sien. Is dit egter genoeg om die dwaalleer te bestry? Is *arbeid* sonder *liefde* genoeg?

5. Wat is die taalkundige waarde van die eerste woord van vers 4? Wat is die aanklag van die Here teen sy kerk? Hoe verstaan ons die liefde in terme van die beeld dat die kerk die bruid van Christus is?

'MAAR' is die woord wat die antitese inlei en hier maak dit die wending van die prysenswaardige na die kritiese uitsprake van die Regter oor sy gemeente. Hulle het nie meer lief soos die bruid haar bruidegom gehad het in die begin nie.

Wanneer kon hierdie *in die begin* wees?

- Toe jy belydenis van geloof afgelê het
- Tot bekering gekom het?
- Nuut in 'n gemeente aangekom het?

Die onderlinge liefde in die gemeente is nie meer sigbaar nie. So loop die liefdesweg in mense harte dikwels.

Hoe lyk dit in Centurion gemeente? Is ek en jy ook hieraan skuldig? Is liefde 'n gevoel of 'n opdrag?

- Gal 5:6
- 2 Pet 1:3-9

In die plek van die haat (tug) teenoor die vrysinniges wat altyd torring aan die beginsels van die Woord, het hulle nie die liefde gehad nie. Daar is dus 'n vakuum gelaat. (Gevaar is juis dit – Matt 12:43-45)

6. Let op na die drie opeenvolgende bevele van bekering. Waarmee word hulle gedreig as hulle nie bekeer nie? Hoe het hierdie belofte waar geword?

HK Sondag 33

*Dink, bekeer en doen is drie opeenvolgende bevele wat die weg van bekering teken (*Luk 15:17-20*)*

Vers 5 stel dat 'Ek gou sal kom en die kandelaar verwyder!' Dit het gebeur. Eeue lank al daar nie meer 'n kerk in Efese nie, wel 'n moskee van die Islam! Die stad self is ook nie meer daar nie, net 'n klein dorpie, Selsjoek, die ruïnes van die eens indrukwekkende stad Efese!

7. Watter troos gee die Here aan sy kerk/kinders wat in die liefde en geloof volhard?

Al is die gemeente nie meer daar nie, die belofte aan die enkeling staan vas. Die belofte om te eet van die boom van die paradys bring die eerste en laaste bladsye van die Bybel bymekaar! (Gen 2:9; 3:23-24) Intussen het Jesus immers in groot liefde gesterf en vir ons sondes betaal.

- 1 Joh 1:5
- 1 Joh 4:19

Wie dit vashou stap die hemelpoorte binne en sal eet van die vrugte van die boom van die lewe! (Op 22:14)

Elkeen van die 7 briewe eindig met 'n oorwinningspreek wat in apokaliptiese beelde ingekleur word.

Ter opsomming:

- Probleme van Efese
  - Vals leraars
  - Het God nie meer so lief soos voorheen
- Die hele lewe is 'n stryd teen satan en sy magte (Stryd tussen lig en duisternis). Wie end-uit volhou, gaan die oorwinnaarskroon ontvang!

Inhoud met erkenning aan:

- Ds Maarten van Helden: Bybelstudie nota's
- Nelly Silvis: Bybelstudie nota's
- Verklarende Afrikaanse Bybel
- Bybel in Praktyk

DIE BOEK VAN OPENBARING

DIE BRIEF AAN SMIRNA OP 2:8-11

TEMA: STRYD TUSSEN LEWE EN DOOD

1. *Hoe vergelyk die vermaning van die brief aan Efese met hierdie brief? Is daar enige vermaning in hierdie brief?*

Al lyk dit nie op die oog af of daar vermaning voorkom nie, is daar tog bemoedigende (positiewe) vermaning: *Vrees sal jou ontrou maak!* (Smirna en Filadelfia is die enigste 2 gemeentes wat volledige positiewe boodskappe bevat.)

2. *Hoe stel Jesus Homself voor in die inleiding van die brief?*

Jesus stel Homself voor as die Een wat dood was en lewend geword het. Die Gekruisigde wat opgestaan het. (Juis dit wil die Jode nie aanvaar nie.) Dit was 'n smartlike, geestelike dood – God het Hom verlaat. Dit gaan in die brief dus om die stryd tussen lewe en dood. Ook vir die kerk van Smirna gaan dit in hulle martelaarskap om hierdie stryd. Daar loop 'n bloedspoor van swaarkry in hierdie gemeente. Baie van hulle is doodgemaak of het in tronke beland. Hulle word voortdurend bedreig. Joh 15:18-26 (veral vers 20)

Ons het in SA nog nie baie hiervan beleef nie. Tog het Jesus dit al vooruit gesê! Ook daarop moet ons voorbereid wees en selfs bereid wees om die hoogste prys vir ons geloof te betaal. As ons as gemeente nog baie gerus leef, moet ons ook wakker skrik! Getuie-wees impliseer ook martelaar wees (marturia).

3. *Wat weet ons van die stad Smirna?*

Een van die groot handelstede ('Hawe van Asië') wat vandag bekend staan as die stad Izmir, wat bekend is as die grootste uitvoerhawe van Turkye - +/- 56km noord van Efese. 'n Pragtige stad met heuwels naby die see en met goeie klimaat. Destyds was die inwoners baie lojaal aan Rome. Daar was ook 'n groot tempel vir die Dea Roma – die godin ter ere van Rome. In 'n ander tempel ter ere van Tiberias is die keiser as god aanbid.

Die Christelike biskop Polikarpos het hier as prooi van die vervolging van die Jode as martelaar in 156 nC gesterf. Hy vertel dat hy vir 86 jaar vir Christus gedien het en dit is dus moontlik dat hy die leraar van die gemeente van Smirna was ten tyde van die skrywe van hierdie brief.

4. *Wat sien Jesus in die gemeente?*

Jesus ken ook hierdie gemeente se werke, hulle swaarkry tot die dood toe en hulle armoede. Ek ken julle lyding! Net dit - niks meer nie en Hy beloof ook nie dat dit verder makliker sal gaan nie… inteendeel!!

5. *Waarom sê Jesus hulle is arm, maar ryk?*

In Laodicea is dit die teenoorgestelde situasie (Op 3:17)!

Die vervolging het hulle stoflik arm gelaat. Heb 10:34 Ongelowiges het teen hulle gediskrimineer. Geestelike rykdom kan egter nie van jou geroof word nie. Sonder geestelike rykdom is jy arm, al is jy ook

stoflik ryk. God se rykdom is nie goedkoop nie. Die mooiste diamante lê onder die lelikste gruishope. God se genade is ontsettend duur: Die bloed van sy Seun!

Vir Smirna sê Jesus: Julle IS ryk. Die genade is nie iets wat jou eendag ryk maak nie, maar deur Christus is jy vandag reeds ryk! By jou wedergeboorte ontvang jy reeds die ewige rykdomme van God!

6. *Waarom word die Jode "'n sinagoge van die Satan" genoem?*

Na die verwoesting van Jerusalem in 70 nC het duisende Jode na Smirna gevlug om hier besigheid te doen. Spoedig het hier ook 'n groot sinagoge van die Jode verrys en dit is juis daar waar die moeilikheid met die Christelike gemeente begin het. Ter wille van besigheid het die Jode by die Romeinse owerheid gekruip, soveel so dat die mure van die sinagoge behang is met eerbewyse aan die keiser en heidense afgode! Godsdienste is hier dus gelykgestel (iets wat deesdae so aktueel geword het). Die Christene kon hiermee nie saamgaan nie en het hulleself die woede van die Jode op die hals gehaal. Die Jode het slegte nuus oor die Christene aangedra. (Lastering van die Jode – Op 2:9) Kwaadstokers dien satan en hulle sinagoge is nie dié van die ware God nie. Joh 8:39-47

7. *Watter waarskuwing lê daar vir ons in die woorde van 2:10?*

Die Christene moet weet dat vervolging sal verskerp. Satan mag moontlik hulle aardse liggame skade berokken, maar hy kan hulle nie geestelik skade aandoen nie. Die Jode is nie meer God se volk nie, maar kinders van die duiwel. Nou gaan die stryd van lewe en dood verdiep! Dit sal tronkstraf en selfs die dood inhou. Dit kan met jou ook gebeur.

Maar dit is gelukkig beperk...10 dae...maar dit mag intens wees. Ook aan die vervolging is daar 'n einde en God bly deurgaans in beheer!

8. Wat is die doel van die lyding?

- 1 Petr 1:6-7
- Job

Julle sal op die proef gestel word.

9. *Wat is die opdrag van ons Here Jesus in tye van verdrukking? Wat is die beloning?*

Wees getrou tot die dood! En jy sal die kroon van die lewe ontvang. Dink aan die lourierkrans van 'n wenner in 'n wedloop. Wat is jou verantwoordelikheid?

- Gryp vas aan jou geloof
- Hou vas aan Sy beloftes

10. *Wat is die belofte aan dié wat oorwin?*

Elke mens moet die liggaamlike dood ondergaan, maar die gelowiges weet dat dit maar net 'n deurgang is na die ewige lewe. Die tweede dood is die veroordeling tot ewige verdoemenis/hel. Gelowiges hoef nie die dood te vrees nie, want deur die dood ontvang ons die kroon van die lewe.

- 1 Kor 15:51
- Op 20:14
- Op 21:8

11. *Kom ons vat die troos saam!*

Die lyding van die kerk op aarde sal nooit op helse nood uitloop nie, maar wel op die opstanding uit die dood. Vir die vreeslike lyding wat op ons wag, mag ons weet dit sal nooit helse swaar wees nie, want in Christus het ons die dood en hel oorwin en is ons deur lyding en stryd heen oppad na die ewige heerlikheid. Niemand kan hierdie rykdom van ons roof nie!

12. ***Die vraag bly: Is ons gereed en bereid vir sulke lyding ter wille van Christus?***

Hierdie briefie is bedoel om die beproefde Christene op hulle weg van beproewing en volharding met geloofsmoed te versterk. Dit is wat die Gees aan die gemeente sê. Dink aan die lyde van Jesus Christus… die gruwelike dood aan die kruis… en tog is Hy nie dood nie. Hy is die Lewende. In die stryd tussen lewe en dood bly Hy die Oorwinnaar en ons saam met Hom!

Ter opsomming:

- Probleme van Smirna
  - Verdrukking
  - Armoede
  - Kwaadstokery
- Tog is hulle ryk: God is by hulle. Ten spyte van vervolging is Smirna verseker dat Jesus Christus van alles weet en hulle in sy hand hou.
- Dit gaan oor die stryd tussen lewe en dood. Bly getrou tot die dood en jy sal die lewe as kroon kry.

Inhoud met erkenning aan:

- Ds Maarten van Helden: Bybelstudie nota's
- Nelly Silvis: Bybelstudie nota's
- Verklarende Afrikaanse Bybel
- Bybel in Praktyk

DIE BRIEF AAN PERGAMUM – OPENBARING 2:12-17

TEMA: **STRYD EN SKEIDING TUSSEN WAARHEID EN KOMPROMIE**

1. ***Wat word deur die inleidende woorde van Jesus gegee as leidraad vir die verstaan van die boodskap aan Pergamum?***

- Op 2:12b romfaian - groot oorlogswaard
- Ef 6:17 magairan
- Heb 4:12 magairan - klein dolk

Net soos die swaard vir die Romeine die simbool van gesag en oordeel was, is Jesus se tweesnydende swaard die simbool van God se gesag en oordeel. Jesus het die skerp twee-snydende swaard (romfaian) - dit is die Woord van God (magairan). Dit is die swaard wat uit sy mond uitgaan, dit is enkel waarheid. As Jesus praat is dit *skerp* en *reguit* en *hard*, veral wanneer Hy die sonde aanspreek – Hy kan ook sag en vertroostend wees. Tweesnydend, **reg of weg**! Daarmee voltrek Hy die oordeel. Op 19:15

In hierdie brief moet ons dus die tema-boodskap soek in die skerp SKEIDING wat die Woord bring, nl. die skeiding tussen die waarheid van die Woord en die leuen van die wêreldgesindes in die kerk. Met die swaard van sy mond voer Jesus *oorlog* teen die ongehoorsames! (Op 2:16 – Ou vertaling). Die suiwere prediking moet skeiding bring, moet wonde bring, oorlog veroorsaak en mense dwing tot 'n finale keuse tussen ware godsdiens en afgodery (wêreldgelykvormigheid).

Vergelyk die vermaning aan Efese met dié aan Pergamum met betrekking tot die Nikolaïete

- In Efese het hulle die leer van die Nikolaïete *verafsku. Bekeer julle of Ek neem die lamp van julle weg....*
- In Pergamum het van die Christene die leer van die Nikolaïete *aangehang! Bekeer julle of Ek maak oorlog....*

2. ***Wat weet ons van die stad Pergamum?***

Ons lees dat hier "die troon van die Satan" is (vers 13) en dat dit hier is "waar die Satan woon" (vs 13)!

Vandag is dit 'n puinhoop van tempels van die afgode. Dit was die hoofstad van die provinsie en daarom was daar 'n groot hoeveelheid amptenary van die keiserlike owerheid. Pergamum was op 'n heuwel gebou. Keiser Augustus het hier sy eie tempel laat oprig en van die inwoners is verering van die keiser verwag! Hier was ook 'n groot tempel van die afgod Zeus, wat die Romeine Jupiter genoem het. Die grootste altaar ter wêreld vind ons in hierdie tempel – 37 x 34 meter! Dag en nag is die altaar brandend gehou met offers!

Pergamum was met al sy ander tempels dus 'n stad van totale afgodery. Op sosiale gebied was daar altyd partytjies ter ere van die keiser en moes die mense wierook vir die keiser brand! Hier was ook 'n sterk kolonie Jode teenwoordig wat maar weer gesorg het dat die Christene in onguns by die owerheid gekom het.

Pergamum was ook die stad van groot geleerdheid – een van die grootste biblioteke ter wêreld was hier, met meer as 200 000 boekrolle. Die naam perkament kom juis van die naam van hierdie stad (diervelle as duursame skryfpapier). Hier kry ons ook die groot hospitaal, waar duisende mense genesing ontvang het – Pergamum was dus die hoofsetel van die god van geneeskunde, Asclepius (Asklepos) met sy slang (kyk maar na die embleem van geneeskunde vandag met sy slang. Is dit nie 'n Satansbeeld nie? (Gen 3 en Op 12:9). Dis hier waar die Satan woon! Siekes is in die nag na hierdie tempel-hospitaal gebring en in die Asclepion

gelaat met die hoop dat hy deur een van die slange wat aangehou is, aangeraak sou word om genesing van die gode te ontvang.

Is ons absolute vertroue op die geneeshere vandag nie ook iets van 'n aanbidding van hierdie afgod nie?

As die evangelie dus hier verkondig word, hoor die stad se mense dat Christus alleen die Verlosser is en dit is nie sondermeer aanvaar nie. Vervolging van die Christene was dus aan die orde van die dag.

3. *Waarom word hier na Antipas verwys?*

Die vervolging van die kerk het mense gedwing om afstand te doen van hulle teenstand teen die afgodery en keiserlike aanbidding. Die kerk bly getrou en Antipas is 'n voorbeeld van getrouheid – getroue getuie (vs 13). Hy is uitgesleep na die tempel van Zeus en daar doodgemaak! Antipas betaal die hoogste prys met sy lewe ter wille van sy geloof. Die christene bly egter getrou en volhard te midde van al die vervolging.

Met Antipas se dood sien ons dat die vervolging nog plaaslik is, maar dit is 'n poging om die kerk te intimideer. Buig of sterf! Christus roep bekeer of sterf! Die botsing tussen Christene en wêreld is kop-aan-kop!

Teenoor die paal met die slang van Asclepius kom staan die kruispaal van Christus! Vergelyk hier die storie van die koperslang

- Num 21:9 en
- Joh 3:14

Die gemeente van Pergamum is omring deur 'n slangegebroedsel van afgodery en sal alleen gered word deur op te kyk na die vloekpaal van Golgota waar Christus vir ons die slanggif in Homself ingetrek het en sterf in ons plek. Kyk na Hom, glo in Hom en jy lewe!

4. *Wat is die positiewes en negatiewes van hierdie brief?*

Die positiewe is dat die meeste van hulle getrou gebly het aan Christus en sy Naam nie verloën het nie. Selfs onder die druk van intimidasie (Antipas se dood) het hulle sy Naam bely.

Daar was egter van die lidmate wat met die heidense praktyke saamgegaan het. Die negatiewe is egter dat hulle die valse leer in die kerk *toelaat*. Hulle sny nie met die swaard diep genoeg nie. Daar is nie duidelike skeiding tussen waarheid en afgodery in die kerk nie: Bileam en die Nikolaïete.

Blieam verlei die kinders van die Here en haal hulle oor om saam met die heidene te speel en te hoereer. Die Nikolaïete se standpunt was dat jy mos 'n Christen is, daarom sal 'n bietjie afgodery niks aan jou doen nie. Ons het hier dus te make met die verleiding van KOMPROMIE-godsdiens. Een voet in kerk en een in die wêreld!

Voorbeelde vandag?

- Die kerk moet by die wêreld aanpas
- Gebruikersvriendelik wees
- Kerk moet relevant wees
- Alles in die kerk moet aanloklik gemaak word
- Suiwerheid moet nie op spits gedryf word nie
- Vermaak eerder as eerbiedige ontsag
- Kompromieë: Afgode van genesing? Sport? Plesier?....

Geleidelik verval ons in aanvaarding van die wêreldnorme deur boeke, flieks, tydskrifte, ens. Ons huiwer om té radikaal Christelik te wees! Sondag word 'n 'Sunday is Funday' en 'sports day,' ens! Geloofsuiwerheid kan besoedel word ter wille van populariteit.

Die Nikolaïete leer dus dat ons, ons nie van die wêreld hoef af te sonder nie - libertinisme, liberteins! Vandag sal iemand sê: Ek is mos vrygemaak in Christus daarom kan ek enigiets doen en moet ek nie meer te veel die Wet van God aanhang nie, want dit is wettisisme! Pasop! Dit is KOMPROMISME en liberteins!

5. *Wat is die antwoord op hierdie kerklike dwaling?*

Bekeer julle! Reformeer!
Wat beteken "gereformeerd"?
Bekering moet radikaal wees, anders sal ons met 'n oorlog teen Jesus te doen kry! Vreeslik. Van Pergamum bly net 'n puinhoop oor! As ons nie aan die suiwere Woord vashou nie, gaan die verlossing in vergelding verander (swaard).

6. *Wat is die verborge manna en die wit steentjie?*

Volgens Joodse oorlewering het Jeremia voor die vernietiging van Jerusalem die verbondsark en heilige voorwerpe daarin iewers veilig weggesteek. Van die manna is in die ark bewaar. (Eks 16: 32-34; Heb 9:4) Die Jode het geglo dat God weer in die laaste dae sy volk met hierdie manna sal spysig. Die Messias sal kom en die nuwe era inlei met die viering van die Pasga en manna sal uitdeel.

- Joh 6:32-33 en 51

Jesus leer hulle dat Hy sal kom en hulle met die lewensbrood sal spysig, die ewige lewe. Hy is immers die brood wat uit die hemel neergedaal het en ons moet Hom eet! Hy is die manna! Dit dui simbolies op die geestelike voedsel wat die getroue gelowiges sal ontvang.

Die wit steentjie het verskeie verklarings: Die steentjie by die hofgebruike – wit vir vryspraak en swart vir veroordeling. 'n Wit steen as amulet met towerkrag wat gedra is ter beskerming. Pasiënte by die Asclepius-hospitaal het dit gedra as toegangsbewys.

Die agtergrond van hierdie steentjie is onseker, maar Jesus se boodskap is tog duidelik: Ons ontvang ten minste 'n wit skoon steen - die nuwe lewe met 'n nuwe naam. Die sonde is vergete en die naam is die Naam van Christus – net Hy wat dit kry kan die Naam van Christus ken. Jy kry dit uit genade en dan sal jy die naam ken. Geloof is immers 'n gawe van God (Ef 2:8) sonder enige verdienste. (Op 3:12)

7. *Hoe sou u die boodskap van die brief opsom?*

Inhoud met erkenning aan:

- Ds Maarten van Helden: Bybelstudie nota's
- Nelly Silvis: Bybelstudie nota's
- Verklarende Afrikaanse Bybel
- Bybel in Praktyk

DIE BOEK VAN OPENBARING

DIE BRIEF AAN TIATIRA – (OPENBARING 2:18-29)

TEMA: STRYD OM DIE KONINGSKAP

1. ***Hoe stel Jesus Homself voor in die inleiding van hierdie brief?***

- Ps 2
- Matt 28:18-20

Sy oë vlam soos vuur en sy voete gloei soos gesmelte koper. Vergelyk Op 1:14-15 – Verheerlikte Jesus. Maar daar lees ons van Hom as "die Seun van God" – 'n term wat uit die OT kom in die koningspsalm (Ps 2) en hier is Hy die Koning wat met vlammende oë alles vermorsel wat in sy pad staan. Jesus se Goddelike soewereiniteit kom op die voorgrond en wie kan voor Hom bestaan? Wie Hom nie as die Gekruisigde Verlosser-Koning wil erken en bely nie, sal Hy dwing om Hom te sien as die Regter-Koning met vlammende, nie-verskonende oë – Hy kom om te oordeel oor die lewendes en dooies.

Trek die verband tussen vers 18b en vers 26 asook Ps 2.

Jesus word bekendgestel as die vervulling van Ps 2. Dit gaan in die brief oor die stryd oor wie se koningskap jy nou eintlik aanvaar.

2. ***Wat weet ons van die stad Tiatira?***

Tiatira was 'n nywerheidstad en handelstad (blouboortjies), met allerlei fabrieke, waarvan die vernaamste die tekstielbedryf en metaalwerke (yster en koper) was. Die vuurvlamme van die smelterye kon snags van ver af gesien word en die gemeente kon die begrip van Christus se vlammende oë en gloeiende voete van koper goed begryp. Daar was ook linnewinkels, erdewerk, leerlooiers, wewers, ens. Lidia, die eerste mens wat in Filippi onder Paulus se aanvoorwerk tot bekering kom, was 'n handelaar uit Tiatira (Hand 16:14-15)

Dit was egter juis hierdie arbeiders wat hulle in vakbonde en gildes georganiseer het –elke gilde het sy eie beskermgod gehad - en was so sterk dat hulle selfs die staat kon afpers met stakings en betogings. As jy in die besigheidswêreld opgang wou maak moes jy aan hierdie gildes behoort en dus ook die beskermgode aanbid en hulle gildefeeste bywoon. Daar is geëet en gesuip en gefuif tot die eintlike pret begin…totale sedelike ontaarding. Die lidmate van die kerk wat van hierdie werk afhanklik was vir hulle bestaan het weinig keuse gehad as om mee te doen aan die swelgpartytjies en uitspattighede en moes ook bydra vir die afgodsoffers (vakbondledegeld). Wie is nou eintlik die baas, wie is koning? Jy kan nie God en Mammon dien nie! Gevolglik is Christene wat getrou aan die Here gebly het, gespot en het mettertyd hulle staanplek in die sakebedryf verloor – gebrek, honger en vervolging was hulle voorland.

Geen godsdiens was regtig dominant in Tiatira nie.

Aan hierdie klein gemeentetjie van wie se ontstaan ons niks verder weet nie, word die langste van die sewe briewe geskryf.

3. ***Wat is die prysenswaardige van hierdie gemeente?***

- Op 2:19, 24 en 25

Daar is *liefde, geloof en diensvaardigheid* (diakonia)! Aan die versorging van die behoeftiges en minderbevoorregtes is genoeg aandag gegee. Wonderlik dat daar in so 'n harde en kil nywerheidsomgewing soveel liefde was! En hulle het *volhard*! Daar was daardie nodige lydsaamheid. 'n Ywerige gemeente van die Here…. MAAR!

- *Wat het met Efese gebeur? Vergelyk vers 19*
- 1 Tes 4:1-2 en 9-10
- *Wat is ons opdrag in hierdie verband?*

4. *Wat is die probleem in die kerk van Tiatira?*

- I Konings 16 (veral vs 30-32),17 en 18
- 2 Konings 9:22

Isebel is die een enkele probleem! Isebel is die prototipe van die valse profetes wat in die gemeente opgetree het. Sy verlei tot hoerery en toordery (2 Kon 9:22). En dit lei tot geweldige dreigemente van straf van die hemelse Regter-Koning, Jesus Christus! Isebel is die vrou wat reeds uiterste sondes gedoen het, wat Agab vir hom as bruid neem, terwyl sy 'n Baäl-aanbidder was en Agab daartoe verlei het. Geestelike owerspel. Wie is Here – God of Baäl? Dit is waarop die hele sage van Agab uitloop as die Here sy volk oor hierdie geestelike (kerklike) hoerery straf met 'n droogte van meer as drie jaar (Tyd van Elia) – lees I Kon 18:21. Julle moet besluit – Die HERE of Baäl… en dan word die mag van God duidelik met vuur uit die hemel! Dit lei tot die dood (sensuur) van die Baälpreisters – Elia maak 450 van hulle dood. Daarna vervolg Isebel vir Elia!

- *Mag jy as gelowige met 'n ongelowige trou?*
- 1 Petr 3:1-2

Isebel of die 'gees' van Isebel is in die kerk! En die kerkraad tree nie op nie! Isebel het hulle verlei met die idee dat God en Baäl saam aanbid kan word. Hulle het selfs nodig om goed ingelig te wees oor die "dieptes van die satan" - die lewensfilosofie van beproef alles, anders kan jy nie saampraat nie. Dit is 'n libertinistiese etiek wat hoofsaaklik afkomstig was uit die leer van die gnostiek (Nikolaiete) wat geleer het dat jy die duiwelse mag moet ken om daarvan onafhanklik te wees.

Wat is die afgode van vandag wat tot geestelike hoerery aanleiding gee?

5. *Watter dreigemente kom vanaf die ware Koning, Jesus Christus?*

Eerstens is Hy geduldig genoeg om haar (Isebel) 'n kans te gee tot bekering. Die Here is genadig, maar daarna kom geweldige strawwe – siekbed, verdrukking, pessiektes en goddelike straf. Hy wil hulle eers tot besinning ruk met hierdie waarskuwende siektes – (wat van vigs?).

- Eseg 33:25-27

6. *Wat van die getroues in die gemeente?*

Daar is blykbaar maar weinig van hulle, maar hulle word aangemoedig: HOU NET VAS! Geen verdere eise word gestel nie, net dit wat reeds gegee is: Hand 15:28-29. As alles rondom jou intuimel en jy beangs raak om alleen te staan in 'n wêreld vol dwaling en geestelike hoerery, moet jy vashou aan wat jy het: die Woord van Christus. Onthou die boodskap aan die kerk in Op 1:7 – Christus is komende! Hy gee aan ons nog 'n heerlike belofte: die môrester en hulle sal saam met Hom regeer. Ons sal by Hom wees

as Hy oor die nasies oordeel. (Ps 2:9) Hy is immers Koning met *alle* mag, al lyk dit nie tans so nie, aan die einde sal dit duidelik word en elke knie sal buig en elke tong bely dat Hy die Here (kurios) is.

- Op 22:16
- Jes 21:11-12. Vir Jesaja, 'n belofte van Christus wat nog kom.
- Verwysing uit woordelys: 2 Petr 1:19
  Num 24:17
- 2 Tim 3:14-17

Die Môrester kom ook voor in Op 22. Die môrester kondig die dag aan terwyl dit nog nag is. Die môrester is net voor dagbreek wanneer die nag op sy donkerste is, sigbaar. Christus sal met sy waarheidslig in sy volle heerskappy verskyn wanneer die wêreld op sy donkerste en mees verlate is. Die Son van geregtigheid sal nou-nou opkom. Hou net vas!!

Waaraan vashou? 2 Tim 3:14-17

7. *Hoe sou u die probleem in terme van die bedreiging van ons dag beskou? Waar sou jy Isebel vandag kry?*

Christus sê Ja, julle doen goed, MAAR….Ons sê ook ja vir Christus, MAAR …. Allerlei verskonings om nie te radikaal sy Koningskap te erken en daarvan te leef nie. So 'n draadsitter-godsdiens! Ja vir die Doopsbelofte, maar ek sal nou nie godsdiens in my kind se keel afdruk nie en dan kom daar van Christelike opvoeding en onderwys niks of weinig tereg.

Verdere vrae:

- Wat van die stelling: Neem maar deel aan die wêreldse dinge solank jy net 'n Christen bly? Vgl Brief aan Pergamum
- Moet ons aan vakbonde behoort?
- Mag ons staak, 'march' en betoog?
- Moet ons eers die flieks kan sien, voordat ons dit beoordeel? Vergelyk nou vs 24 se "dieptes van die satan"

Inhoud met erkenning aan:

- Ds Maarten van Helden: Bybelstudie nota's
- Nelly Silvis: Bybelstudie nota's
- Verklarende Afrikaanse Bybel
- Bybel in Praktyk

DIE BOEK VAN OPENBARING

DIE BRIEF AAN SARDIS OP 3:1-6

- Briewe verteenwoordig 7 momente in die kerk – nie tydperke nie
- Kort brief met min gegewens oor die gemeente Sardis

TEMA: STRYD OM LEWE EN DOOD (WAKKER OF SLAAP)

1. *Dink jy ons gemeente Centurion is 'vol van die Gees?*

- Hoekom/hoekom nie?
- Wat beteken die woord 'passie'?
- Wat is die trappe van vergelyking van die woord 'dood'?
- Wat beteken 'dood' in die brief aan Sardis?
  - 'Gearriveer'?
  - 'Rustig' dat hulle 'dood' is

2. *Wat beteken die woorde van die inleiding van hierdie brief?*

- Op 1:4b
- Op 1:20b

Inleiding van die brief kom uit die inleiding en visioen in Openbaring 1. Vergelyk Op 2:1

Sewe?

- Ef 3:18-19
- 1 Kor 15: 45
- 1 Petr 4:10

"Die sewe Geeste" is die Heilige Gees – in volheid, veelvuldigheid, veelkleurigheid. Die Heilige Gees is ook die lewendmakende Gees! Deur sy dood het Christus vir ons die Heilige Gees verwerf. Die vraag is of die kerk ook vol is van die Gees… die sewe Geeste, die volle werking van die Heilige Gees!

- Joh 3:8

Passie verskil van persoon tot persoon. So ook werk die Heilige Gees nie in almal en altyd dieselfde nie. Soms 'n stormwind, 'n fluistering, in die aandwindjie – die verskeidenheid van die Gees word vergelyk met die wind – hy waai - wanneer en so sterk as hy wil – sewe Geeste van God.

- HK Sondag 20 Vr 53
  - Ewige God
  - Lei ons
  - Werk in ons harte

Op 3:1 Hy ***het*** die Gees en Hy deel dit uit....aan die sewe sterre
Sewe sterre?

- Sewe engele of bodes, miskien die leiers of leraars van die gemeentes/dominees?
- Eseg 9:6 – Hy begin voor in die tempel
- Begin dus by die dominee, ouderlinge, gelowiges en dan die wêreld
- **NB** – bid dus vir die *amp* van die leraars.
- Gal 3:1: Hulle moet Christus vir ons teken/verkondig/skilder
- Rom 10:14-15

'Geesdriftig'/passie **sonder** die Woord (Christus) = charisma. 'n Mens kry dikwels eie antwoorde op lewensprobleme wat nie uit die Bybel kom nie. Dit kom dus nie van die Gees nie. Ons moet egter deur die Gees gedryf word en vashou aan die Woord om ten volle Geesvervuld te wees!! Dit gaan dus nie daaroor om as mens '**happy'** te wees nie, maar om **gehoorsaam** te wees volgens die Woord van God. Voorbeelde?

- Ef 4:1

Vrug van die Gees
- Gal 5:22-28

Vervulling van die Gees
- Ef 5:18 – vervulling met die **Evangelie Woord** van die Gees. Die Heilige Gees het die Wood geïnspireer

- Matt 7:11
- Luk 11:13

In die inleiding kry die gemeente reeds die sleutel tot die oplossing van hulle probleem. Hier word hulle reeds gehelp om hulle probleem te identifiseer.

Opsommend
- Motivering vir die brief – die wederkoms!
- Dit is naby/kan enige tyd wees. Dit maak die brief baie aktueel.
- Matt 24:42
- Matt 25:13
- Die gemeente van Sardis is aan die slaap – 'lewendig dood' – amper erger as dood
- 1 Petr 1:23

3. *Wat weet ons van die stad en gemeente van Sardis?*

Vroeër was Sardis blykbaar 'n beroemde stad (ryk en vooruitstrewend) maar het geleidelik agteruitgegaan en verval en vandag is daar net 'n spoorwegstasie met die naam Sart. Die ruïnes vertel nog van 'n skool en 'n tempel van die godin Diana. In die jaar 17 nC was daar 'n groot aardbewing wat moontlik sterk bygedra het tot die verval van die stad. Uit die brief kan ons nie veel aflei van die gemeente se sterk en swak punte nie.

4. *Bespreek: 'Ek weet dat julle die naam het dat julle leef, maar tog is julle dood'. Waar lê die probleem?*

In die kerkverband is die kerk bekend – het die naam! Dis 'n wonderlike uitstaande gemeente. Ons sou sê dis 'n lewendige kerk – maar Jesus sê hulle is dood. Hoe ironies! Hy meet en kyk anders as mense. In terme van die inleiding lyk dit na die gebrek aan die werking van die Heilige Gees. Hulle is geesdriftig, maar nie Geesdriftig nie! Die woord is gepreek, maar nie meer die volle waarheid nie (2 Tim 4:4). Strukture is in plek maar die hart is uit dit wat hulle doen. Gees-loos! (1Tess 5:19)

Sardis was ‘n stad met gestelike doodsheid in sy midde. Dit is ‘n voorbeeld van ‘n gemeente wat goed vertoon het aan die buitekant, maar verrot was van binne. Van die vroeëre toewyding het net die uiterlike vorms oorgebly, maar dit is sonder inhoud. Wat nog oor is, dreig ook om dood te loop.

5. *Wat is die tweede beskrywing van hierdie toestand in die gemeente?*

Hulle is aan die slaap! Word wakker! Anders loop alles dood. Dink aan die gelykenis van die 10 meisies (Matt 24 en 25) met hulle lampe en sommige is gereed, ander aan die slaap – hier kom Jesus se wederkoms ter sprake: die gemeente leef nie meer met die verwagting van die wederkoms nie! Onthou die tema van die boek Openbaring (Op 1:7). Jesus kom soos ‘n dief in die nag. Sardis was nog nie gereed vir die koms van die Here nie. Is ons/jy gereed?

6. *Waarmee moet hulle volhou om te sorg vir hierdie Geesvervulling?*

- Op 3:3 (OV)

    - Onthou
    - Bewaar
    - Bekeer

Die Woord. Die suiwere Woord. Luister en bekeer julle.

Die gemeente word opgeroep om meer geestelik te lewe. Verandering is nodig. Dit vind plaas deur 5 oproepe:

- Word wakker!
- Versterk wat oorgebly het!
- Begin by die begin toe julle die evangelie gehoor het!
- Hou vol met volharding en goed doen!
- Bekeer julle!

7. *Hoe verstaan jy die beeld van die klere?*

In terme van Op 19:7,8 is dit juis die bruidsklere van gehoorsaamheid aan die Woord, wat elkeen moet aantrek in die spoedige verwagting van sy wederkoms.

Is dit vir die gewone mens moontlik?

- 1 Joh 3:6
- 1 Joh 3:9

Hoe kan jy dit prakties gaan toepas?

- Rom 12: 1-2

8. *Watter troos is daar vir diegene wat volhard?*

Die Here sal hulle name nie uitwis nie en hulle sal altyd wit klere dra. Kerk-wees is nie ‘n speletjie nie. Jy kan nie maar jouself beroem op die uitverkiesing en dan verder niks daaraan doen nie!

Daar is ‘n paar mense wat nie met die verkeerde besmet is nie. Hulle is waardig om by Christus in wit klere te lewe. Die wat oorwin sal sulke wit klere aantrek. Die wit klere is simbool van die heilige en rein lewe van almal wat hulleself volkome gewas het in die bloed van die Lam. Elkeen wat standvastig en

gelowig aan Christus vashou, sal die ewige lewe hê en met eer beklee word. Hulle name sal nie uit die boek van die lewe verwyder word nie en hulle sal voor die engele voorgestel word as mense wat aan Christus behoort. (Matt 10:32; Luk 12:8). Hulle geniet die ewige lewe.

Verwysings na die 'Boek van die Lewe':

OT:
- Eks 32:31-33
- Ps 69:29
- Jes 4:3
- Dan 12:1
- Mal 3:16

NT:
- Luk 10:20
- Fil 4:3
- Heb 12:22-24
- 6 x in Openbaring: 3:5; 13:8; 17:8; 20:12,15; 21:27

9. ***Hoe sal jy hierdie brief se boodskap op ons eie gemeente toepas?***

Inhoud met erkenning aan:

- Ds Maarten van Helden: Bybelstudie nota's
- Nelly Silvis: Bybelstudie nota's
- Verklarende Afrikaanse Bybel
- Bybel in Praktyk

DIE BOEK VAN OPENBARING

DIE BRIEF AAN FILADELFIA OPENBARING 3:7-13

TEMA: VOLHARDING WORD GESEËN

Ter inleiding:

- Die brief is baie positief (Vgl ook Smirna)
- Klink na 'n goeie gemeente en die Here beloof mooi dinge vir hulle
- Klein kerk

Hoe stel Jesus Homself voor in die inleiding van hierdie brief?

- Op 1:18b
- Joh 14:6

Die Heilige, die Waaragtige, wat die sleutel van Dawid het, wat oopmaak en niemand sluit nie en Hy sluit en niemand maak oop nie. Hierdie inleiding laat ons aan die woorde van Jesus in Joh 14:6 dink. Hy is die weg, die waarheid en die lewe. Die Heilige en Waaragtige – daar is net Een soos Hy en Hy is ware God.

- Jes 22:22
- Matt 28:18-20

Ons sien die vervulling van die koningskapbelofte aan die huis van Dawid (Jes 22) en daardie mag ontvang Jesus by sy hemelvaart (Aan My is alle mag gegee - Matt 28).Hy gee vir die gemeente 'n oop deur om die evangelie te verkondig – veral die Jode.

- Matt 16:18-19
- Fil 2:5-11
- HK Sondag 31: Vr 83-85

Die sleutelmag word aan Petrus en deur hom aan die kerk gegee wat op die rots gebou is (Matt 16:18-19). Jesus stel Homself bekend as die Koning uit die geslag van Dawid en almal sal eendag die knie voor Hom as Here buig (Fil 2).

'Sleutel van Dawid': Dit is simbool van die feit dat Christus die gesag het om die deur na sy toekomstige koninkryk oop te maak en mense in te nooi. Oop deur = Verlossing is 'n voldonge feit. Toe deur = Verdoemenis is 'n voldonge feit.

Wat weet ons van die stad en gemeente?

Die stad kry sy naam van sy stigter, keiser Attalus II Filadelfos van Pergamus (159 vC) wat die stad vir sy broer stig. Die naam beteken in Grieks – broederliefde. Die stad is gebou om die Griekse taal en kultuur te versprei. Hulle verkondig die evangelie aan die Jode. Die stad wat vandag

nog bestaan as Alashir, lê in ‘n bergagtige streek -baie soos ons Boland - met ‘n gunstige klimaat vir wynbou, ‘n pragtige stad. Met sy mooi marmer geboue was dit ook bekend as “klein Athene”. Dit was ‘n kleinerige stad met min inwoners bekend vir sy aardbewings. Van die gemeente weet ons niks meer as wat in hierdie brief staan nie. Uit buite-Bybelse bronne word verneem van elf lidmate wat ‘n marteldood gesterf het. Die stad is in 17 nC deur ‘n aardbewing verwoes. Die meeste inwoners het toe uiteindelik buite die stad gewoon.

Watter negatiewe opmerkings maak Jesus oor hierdie gemeente?

Watter uitstaande eienskap word deur Christus by hierdie gemeente opgemerk?

Alhoewel hulle “swak” is – klein gemeente met weinig middele en miskien gawes – sien Jesus dat hulle GETROU is. In Jesus se oë is swakheid van ‘n gemeente dus nie ‘n negatiewe punt nie! Die gemeente hou vas aan die boodskap van Jesus se volharding in die lyding tot versoening. God sal hulle vir hulle trouheid beloon. Die gelowiges moes onthou dat al sou hulle voor die toe deur van die sinagoge kom, die koninkryk vir altyd vir hulle oopgemaak is deur Jesus Christus. Niemand kan dit weer sluit nie.

- 2 Kor 12:9-10
- Jer 45

God oordeel anders (2 Kor 12:10). Christus kyk dus paradoksaal na Sy kerk.

- ..want as ek **swak** is, is ek **sterk....** (dan kan God deur my werk) ...
- Jesus se **dieptepunt** (dood aan die kruis) is die **hoogtepunt** van die Koninkryk
- ..wie sy lewe wil **behou**, moet dit **verloor**..
- 1 Kor 1:18

Die Here se maatstawwe is nie-wêrelds. Ons moet ons aan Christus se styl meet.

- ..die wêreld sê jy moet jou hare mooi maak...
- ..die Here sê jy moet jou **hart** mooi maak....

- 2 Kor 4:7
- Fil 4:13

Hulle krag lê nie in hulleself nie, maar in God wat krag gee (2 Kor 4:7 en Fil 4:13).

- Rom 9:6 (1-6)

Die bedreiging van hierdie gemeente is die Jode wat soos ‘n vlieg in die salf van die jong kerk van Christus is – die sinagoge van die satan. Hulle gooi Christus weg – vandag nog! Jesus maak hulle af as Jode wat nie Jode is nie (Rom 9:6). As hulle maar getrou bly en vashou aan sy Woord sal ook dié Jode uiteindelik moet erken dat Jesus die Here is - hulle sal voor julle kniel!

Daar gaan groot beproewing kom om al die mense op aarde op die proef te stel. Die gemeente gaan dit ook beleef, maar die Here sal hulle vashou. As hulle vashou wat hulle het, sal die satan nie die kroon van die oorwinnaar van hulle kan wegvat nie.

Watter beloftes gee die Here aan sy getroue kerk?

- Ps 144:12
- Op 21 en 22
- Op 17:14

Getrouheid aan die Woord (Op 3:10) is beginselvastheid. Die Woord het die eerste en laaste sê. Hoe neem ons besluite? Wie getrou bly en sy Woord bewaar, sal deur die Here bewaar word. Hy sal hulle 'n pilaar in God se hemelse tempel maak (Psalm 144) – dink aan die mooi marmer geboue van Filadelfia! Hulle word reeds vooruit geneem na Openbaring 21 en 22 – die Nuwe Jerusalem!

Daar het Jesus 'n nuwe Naam (Op 3:12), sy ou naam was mos op Golgota "die koning van die Jode", maar nou die nuwe Naam voor wie alles en almal sal buig. Hy is die Koning van die konings en Here van die here (Op 17:14). Hy sal sy naam op ons skrywe! Ons behoort dus aan God! Hy gee hulle 'n oop deur – die deur na die Nuwe Jerusalem. Die Nuwe Jerusalem = Simbolies van ons toekomstige tuiste.

Tempel = sinnebeeld van die teenwoordigheid van God. Pilaar = aanduiding van stewigheid en vastigheid. Wie oorwin, sal permanent naby God wees.

Wat is die opdrag en appèl van hierdie brief?

Op 3:11 – Dringend met die naderende koms as belofte – Hou vas wat julle het! Letterlik "arresteer"! Christus bewaar diegene wat aan Hom getrou bly! Ons moet gehoorsaam bly te midde van vervolging.

Inhoud met erkenning aan:

- Ds Maarten van Helden: Bybelstudie nota's
- Nelly Silvis: Bybelstudie nota's
- Verklarende Afrikaanse Bybel
- Bybel in Praktyk

DIE BOEK VAN OPENBARING

DIE BRIEF AAN LAODISEA OP 3:14-22

TEMA: GOD SE TERMOMETER – NET ÒF WARM ÒF KOUD

Ter inleiding:

- Hulle dink dit gaan goed
- Hulle het hulself gef**lou**s

o ***Hoe stel Jesus Homself voor in die inleiding van hierdie brief?***

"Dit sê die Amen, die getroue en waaragtige Getuie, die begin van die skepping van God" (OAV)

- Gen 1:1
- Joh 1:1
- Heb 11:3
- Joh 1:14
- Kol 1:15-16
- Op 1:5

Dit gryp al terug na die eerste Bybelvers: Gen 1:1. Toe daar nog geen skepping was nie, was Hy al daar. Jesus is die Woord van God deur wie die hele skepping ontstaan het. En hierdie Woord het vlees geword en onder ons kom woon (Joh 1:14). Hy is die **absolute** waarheid – die Amen! Dit is waar en seker. Ek is die weg, die **waarheid** en die lewe. Daarom die getroue en ware Getuie. Hy staan vir die waarheid en Hy bring die waarheid van God se oordeel en genade aan hierdie wêreld. Die stryd van hierdie gemeente gaan dus aangespreek word – dit gaan om waarheid en halwe waarheid, die leuen.

o ***Wat weet ons van Laodisea?***

Antiochus II het die stad gestig en na sy vrou Laodice vernoem. Geleë ongeveer 20km vanaf Kolosse waar ook 'n gemeente was. Die stad se watervoorsiening was nie goed nie. Tussen Laodisea en Hiërapolis was daar standhoudende vulkaniese warmbronne met 'n sterk swaeloplossing. Teen die tyd dat die water in die laagtes naby die stad kom, smaak dit louwarm en aaklig sleg – lou!

Die stad was beroemd vir sy rykdom met banke en weelderige kleredrag (moderne modes), bankdienste, wolnywerheid (skaapwêreld bekend vir fyn, sagte, swart wol), skole, apteke en mediese skole waar kosbare oogsalf vervaardig is wat net die rykes kon bekostig. Dit was gedurende die voorspoedjare van die Romeinse Ryk die rykste van die 7 stede in Asië. Die twee opelugteaters is druk besoek. Na die aardbewing in 60 nC is die stad weer opgebou met die mooiste marmer. Die mense van die stad was dus ryk, snobisties en selfvoldaan. En soos die stad was, was ook die kerk!! Die kerk was net so lou en 'smaakloos' (walglik) soos die water van die stad.

o ***Hoe verstaan u die vreeslike aanklag en dreigement van verse 15 en 16?***

Om koud te wees, beteken om nooit die evangelie te gehoor het nie – kon dus 'n verskoning wees. Om warm te wees, beteken om brandende – geesdriftig – te wees.

- Rom 12:11
- 2 Tim 3:5
- Ps 81:16+17
- Joh 3:16-21, veral vers 18 (koud – reeds veroordeel)

Die Laodisense het goed verstaan hoe sleg lou brakwater proe en wat mens daarmee doen. God neem sy termometer en toets die gemeente (nie die stad nie) en dreig om hulle uit te spoeg. Hoe is dit moontlik dat die kerk so lou is? Hulle het tog die prediking en die Heilige Gees werk daar – hulle hoor en tog verander dit nie hulle lewe nie (2 Tim 3:5). Hulle is soos die stad is! Hulle bedryf hulle sake net soos die wêreld, praat soos hulle, dink soos hulle en doen soos hulle. Daar is geen vuur in die kerk nie! Geen brandende warm harte vir die Here en sy evangelie nie! Hulle het dieselfde vermaak, partytjies en vulgêre teaterspele (TV?). Daar is geen onderskeid tussen kerk en wêreld nie. Die gemeente was geestelik lou. Hulle was nie bereid om standpunt in te neem vir enige iets nie en hulle onverskilligheid het tot lou passiwiteit gelei. Hulle wou niks vir Christus doen nie en het hardvogtig en selftevrede geword (Vers 17). Die kerk was besig om homself te vernietig.

Hulle het nie meer die waarheid beet nie. Hulle het 'n soort "goue middeweg" as lewensbeginsel aanvaar. Een voet in die kerk en een in die wêreld - lou! Van radikaal anders wees wil hulle nie hoor nie. Formalisme sluip die praktyk van die kerk binne, geen oorgawe aan die volle absolute waarheid nie. Vandag is die stryd juis dit: gesag van die Bybel, is dit absoluut (of 'n objektiewe) waarheid wat van God kom, of is dit 'n subjektiewe waarheid waarmee ons kan maak wat ons wil: Met laasgenoemde eindig jy by 'n 'neutrale' waarheidsbegrip, tipies aan die post-modernisme (alles is maar reg, 'everything is going' - solank jy daaraan glo). Nie God nie, maar die mens word die maatstaf! Dit walg die Here, Hy spoeg dit (die kerk) uit!

Gen 49:16-17 – stam van Dan is in Op 7:4-8 weggelaat! Dit wat hulle gedoen het (skynheiligheid) was **walglik** vir die Here.

- ***Wat leer ons uit Romeine 12:1,2 oor hierdie wêreldgelykvormigheid? By wie moet ons aanpas – God of wêreld? Bespreek die implikasies.***

- Ondergaan metamorfose - wurm word 'n skoenlapper
- **Radikaal anders**, teen die gees van die wêreld
- Verander jou denke
- Matt 12:43-45
  - NB: Sit iets in die plek van wat jy afsterf
  - Sondag 33 Vr 88-91

- ***Hoe ontmasker Christus hierdie gemeente?***

(Vers 19)

- **Die leuen:** Jy dink jy is ryk, maar jy is ellendig, beklaenswaardig, arm, blind en kaal.
- **Ellendig:** Letterlik - uitlandig. Jy pas nie in jou plek nie, nie in die koninkryk nie, soos 'n vreemdeling in die kerk
- **Beklaenswaardig:** Misrabel

- **Arm:** Teenoor die aardse rykdom, besit jy verder niks
- **Blind:** Dis donker
- **Kaal:** (Vers 18) – Die skande van naaktheid kan gesien word, soos pas na die sondeval!

Hierdie begrippe dui 'n absolute treurige toestand aan. Dit lyk asof die gemeente nie self weet hoe sleg dit werklik met hulle gesteld is nie. Mens raak mos mettertyd aan 'n leefstyl so gewoond dat jy daarmee tevrede is al is dit hopeloos verkeerd! Dit help as iemand, en nog meer as die Here en sy Woord jou direk aanspreek. Daartoe dien die **straf en tug** (vers 19) van die liefdevolle Here in die hemel.

Die doel van die tug is nie straf nie, maar om die gemeente terug te wen. (Spr 3:12)

○ *Wat is die Here Jesus se oplossing?*

(Vers 18)

- Koop goud, nie aardse goud nie, maar die gelouterde geloof in die evangelie **(ware rykdom)**
- Koop wit klere, die heilige klere van die geloof, gewas in die bloed van Christus, die regverdige dade van die geloof (Op 19:8) – die heiligmaking, die andersheid as die wêreld **(ware heil).** Wit klere is simbolies van verlossing.
- Koop oogsalf – dat jy God en sy waarheid in die wêreld kan raaksien en uitleef. Ware insig en wysheid kom van bo – (Jak 3:13-18). Die leuen van die wêreld maak blind. En die duur oogsalf van die apteek gaan jou nie help nie **(ware genesing).**

Ware rykdom, ware heil, ware genesing is net "by My" te koop! Jou waarde word nie gemeet in materiële besittings nie, maar aan jou opregte verhouding met God.

Wat beteken "koop"? Vgl. hier Jes 55:1. Glo net!!

Ware goud? Gelouterde goud?

○ *Is Openbaring 3:20 'n tipiese evangelisasie-teks?*

Beslis nie, want hier word dit aan 'n gemeente van Christus geskryf. Die teks is op gelowiges (Laodisea) van toepassing wat dink hulle kan Christus buite in die koue laat. Hulle vier maaltyd, aandmaaltyd (wat in die Ooste die belangrikste maal was) bloot formalisties. Juis daar waar die gesin so innig bymekaar kan wees, is die Hoof van sy kerk nog buite laat staan! Die vreugde van die fees kom kort. As jy 'lou' is, staan Christus buite. Hier kyk mens dikwels net na die negatiewe in die kerk – daarom is daar geen vreugde nie.

Christus klop aan die deure van hulle harte, maar hulle was so besig om die dinge van die wêreld te geniet dat hulle dit nie eers gehoor het nie.

Laat Hom deel wees van alles wat julle doen! Dan word dit fees! Dan sal julle harte brandend wees - 'n ware huisgesin van God met Christus as die Gasheer!

By elkeen wat ag gee op Christus se roep tot bekering, wil Hy tuis gaan en 'n feesmaal hou as teken van 'n intieme persoonlike verhouding. (Bruilofsmaal van die Lam: Op 19:9).

- ***Watter troos kry diegene wat oorwin?***

As Christus op aarde deel is van alles wat jy doen en dus nie buite staan nie, sal Hy nie net op aarde deel wees van jou vreugde nie, maar jy sal deel wees van sy heerskappy – jy sal saam met Hom oorwin (Hy het reeds oorwin en oefen saam met die Vader die heerskappy uit. Matt 22:44) en op sy troon sit – meer as oorwinnaars (Rom 8:37). Dan het die waarheid die leuen finaal oorwin.

- Op 4:4: 24 ouderlinge stel die gelowiges voor
- Op 2:26-28
- Matt 19:28
- 2 Tim 2:12

- ***Afsluiting van brief (vers 22)***

(Vgl ook Op 2:29, 3:6, 3:13)

Al die briewe word afgesluit met die vermaning dat gelowiges moet luister na die boodskap. Die waarskuwings en beginsels in die briewe geld vir almal. Dit dwing ons tot ‘n eerlike selfondersoek en daaglikse bekering. Draai weg van die sonde af na ‘n lewenswyse volgens die Woord!

- ***Hoe sou u hierdie boodskap op uself en u gemeente toepas?***

Inhoud met erkenning aan:

- Ds Maarten van Helden: Bybelstudienota’s
- Nelly Silvis: Bybelstudienota’s
- Verklarende Afrikaanse Bybel
- Bybel in Praktyk

DIE BOEK VAN OPENBARING

OPENBARING 4

TEMA: GOD REGEER!

Inleiding

Christus kom na sy kerk met ‘n geweldige troos: **Kyk, Hy kom met die wolke**. (Op 1:7)

Dan sien ons Hom in sy heerlike verskyning deur die oë van sy apostel Johannes. Hy wandel tussen die goue kandelare en doen visitasie by sy kerk. Alles is nie pluis nie. Bekeer julle en volhard tot oorwinning (sewe briewe). Dit dien as waarskuwing aan sy kerk in die laaste dae. Die eerste visioen het betrekking op toestande op die aarde.

En nou gaan die boek verdiep tot ‘n visioenêre openbaring (apokalips) van die bestiering van God oor/in die laaste dae. Die hemeldeur gaan op ‘n skrefie oop en die gelowiges moet sien en vashou aan die **bekendmaking van Wie eintlik regeer**: God - en niemand anders nie - is in beheer. As ons dit vashou sal ons perspektief behou en die verdrukking en aanslae van die laaste dae kan hanteer en verwerk en die geloof behou.

Wat sal Johannes sien as hy die deur van die hemel sien oopgaan?

- 1 Kor 2:6-16

Omdat alles wat gaan volg in apokaliptiese styl openbaar word, kan ons sê dat die deur eintlik net op ‘n skrefie oopgaan. Hy sien in die geloof en *slegs* in die geloof en met die res van die Woord as agtergrond sal die visioene ook vir die gelowige duideliker word. Hy sien “wat hierna moet gebeur” (Op 4:1). Van hoofstuk 4 tot 22 kom die laaste dae as tyd van beproewing kom aan die orde, maar vir die gelowige gaan daarmee die troos gepaard dat dit “moet gebeur”, met ander woorde dit is bepaal.

Die raadsplan van God gaan in vervulling en die gelowige kry in God se genade ‘n kykie daarin, sodat ons voorbereid en gereed kan wees en die aanslag op die gelowiges ons nie skielik sal oorval of onverhoeds sal betrap nie.

Wat en Wie sien ons in die troonvisioen? Wat is die betekenis van die troonvisioen?

Stem soos die geluid van ‘n trompet: Op 1:10-11

Onthou dat Johannes in Geesvervoering is. Die Heilige Gees stel hom in staat om sekere visioene te sien (4x in Openbaring). Dit is ‘n Geestelike ervaring en slegs deur die Gees kan ons ook saam kyk en insig kry.

- Matt 13:10-17 (Vergelyk die doel van die gelykenisse)
- Evangelisasie
  - Konfrontasie vs Vriendskapsmodel
  - In die Bybel word slegs met gelowiges oor die uitverkiesing gepraat
- God openbaar, maar is steeds verborge.

Visoen van God: Heilige, Lewende en Getroue God wat vol majesteit sit en heerskappy uitoefen.



Onderdele van die visioen:

Iemand op die troon. Geen naam, geen detail beskrywing nie. Wie is Hy? Vers 8b gee die antwoord: ***God, die Almagtige***.

Troon: Plek waar Hy regeer en regspreek.

- Eks 33:20-23, veral v20
- Eks 24:9-11
- Eks 33:21

Niemand kan God sien en bly lewe nie! Dus word die sien van God verdoesel in simboliese beskrywings om ons daarin te beskerm. Gaan ons God ooit sien? Kan ons Hom ooit sien?

Opaal en karneool beskryf sy ***absolute heiligheid en verhewenheid***.

Beskrywing in terme van edelstene. Hoe kan Hy ooit in mensewoorde besrkyf word? Die betekenis van edelstene word in Openbaring deur hulle kleur uitgedruk.

Opaal = Wit, kristalhelder (Op 21:11) – God se heiligheid is oinbevlek.
Karneool = Rooi – kleur van bloed wat lewe gee. God is die Lewende God.

Die **reënboog** dui op sy ***veelvuldige verbondsgenade***. Volle sirkel

- Eseg 1: 22-28
- Gen 9:1-19
- 1 Petr 4:10

Smarag = groen – kleur van getrouheid.

God is getrou aan sy verbond.

24 ouderlinge verteenwoordig die gemeente (gelowiges in aanbidding)

- Eseg: 2-6, veral v6b
- Luk 22:24-30, klem op v30
- Matt 19:28

Rondom die troon, dus gerig op die troon en met gesag beklee deur die troon en nie uit hulleself nie, is daar die kerk van die eeue (24 ouderlinge) – Ou en Nuwe Testamentiese kerk – 12 stamme (OT) + 12 apostels (NT) (heers saam met God). Hulle wit klere toon dat hulle van hulle sondes gereinig is deur die bloed van die Lam en op hulle koppe is die krone van oorwinning! Dit dui op 'n heilige verhouding met God. Die kerk staan in die nouste verhouding met God. Sy kerk is koningskinders ('n koninkryk van priesters – (Op 1:6). Dit gaan oor die triomferende kerk. In Christus is ons immers "meer as oorwinnaars" (Rom 8:37). Hulle sit in 'n kring om die troon met die taak om die hoogste troon en Hom wat daarop sit te eer en te huldig (Op 4:10,11). Kerngedagte van die hoofstuk: Alle lewende wesens in die hemel en op die aarde sal die Here loof en verheerlik, omdat Hy die Skepper is van alles en ook alles onderhou. Ons is reeds kroonprinse en -prinsesse! Met die neerplaas van die krone voor God se troon, erken ons ons totale afhanklikheid van God.

Die **weerligstrale en donderslae en dreunings** is tekens van sy ***mag en reg om te oordeel***.

- Op 20:18

Dit dui op belangrike gebeure in die hemel.

Vgl ook

- Eks 19:16 toe God die wette aan Moses op Sinaï oorhanding het.
- Ps 77:18: Beeld van God se mag en majesteit.

Die **sewe goue helder fakkels**, herinner aan die kandelare, maar dui hier op die ***Sewe Geeste,*** d.i. die ***Heilige Gees*** in sy veelvoudige werkinge (Op 1:4; 3:1; Eseg 1:13).

Die **spieëlgladde see** dui op ***vrede*** (verbondsterm). Die "see" is ook 'n beskrywing van die nasies wat hier volkome onder sy regering is (spieëlglad). ***Helder soos kristal – niks is vir Hom verborge nie*** – "Ek weet alles wat julle doen".

Rondom die troon die vier lewende wesens (simbolies van die skepping van God) met hulle voorkoms net soos dié in Esegiël 1:10. Hier is dit net verskillende wesens:

Leeu **–** *krag* van God (wilde diere)

Bul **–** die *dienswilligheid* van God om sy kerk met sy liefde te bedien (mak diere)

Mensgesig **–** die *wysheid* van God, sy vriendelike aangesig en ook sy toorn kan daarin gesien word (mense)

Arend **–** God se *sorg* (Deut 32:11) en *voorsienigheid* (Voëls)**.**

- 6 vlerke: Jes 6:2
- Vol oë: Eseg 1:18; 10:12

Hulle roep sonder ophou uit: "Heilig, heilig, heilig (3x volmaak) is die Here God…" Hulle is soos wagters aangestel om te waak oor die heerlikheid (doksa) van die troon en die Een wat daarop sit. Hulle bewaak God se troon, lei ander in aanbidding en besing die heiligheid van die Here.

(Die gerubs in die Bybel het deurgaans dieselfde doel.) Hulle lei die kerk in aanbidding. Ons is nie alleen nie, die engele sing dag en nag (Luk 2:14) van sy heerlikheid – sing en aanbid ons saam? As ons dit nie doen nie sal die klippe dit uitroep! (Luk 19:38-40)

Wat is die doel van hierdie visioen?

Maak nie saak wat nou (in res van die apokalips) gaan volg nie – ons mag nie uit die oog verloor dat God op die troon sit nie. Dit vra geloof, want dikwels VOEL dit nie so nie, maar dit voel maklik asof God ons verlaat het of beheer sou verloor het. Dan moet ons in die geloof opkyk na Hom wat op die troon sit en alle dinge soos met sy eie hand regeer.

Ons moet bewus bly van die heerlikheid en heiligheid van God. God is nie ons speelmaat nie, en ons moet Hom nie met ons maatstawwe meet nie.

Ons moet Hom aanbid en dit mag nooit ophou nie. Die heerlikheid van God is ook op die spel as ons die slegte beproewinge van die laaste dae beleef – juis dan moet ons in gehoorsaamheid en in eerbetoon aan Hom die eer gee. Leef uit GELOOF en nie uit GEVOEL nie.

God regeer en nie 'n mens of mense met mag wat oor ons lewe besluite neem of konings en stelsels en selfs nie die Bose nie. Wat 'n geweldige troos!! Die wêreld is nie besig om uit beheer te raak nie, want die God van die skepping is ook die God van verlossing wanneer Hy die bose magte finaal oorwin.

Dink na waar u God se heerlikheid kan raaksien – leeu, bul, die mens en die arend.

Op 4:1-8:5: Die kerk kry swaar in hierdie wêreld, maar dit gebeur nie buite God se beskikking om nie. Hy hou alles in sy hand. Die kerk word beskerm en bewaar in sy oordeel.

HEILSORDE (ORDE WAARMEE GOD MET JOU HEIL WERK)

1. Uitverkiesing	**Vader**
2. Roeping	**Heilige Gees**
• Wedergeboorte	
• Geloof	
3. Regverdigmaking/vryspraak	**Seun**
4. Bekering	**Heilige Gees**
5. Heiligmaking	**Heilige Gees**
6. Volharding	**Heilige Gees**
7. Verheerliking	**Vader, Seun en Heilige Gees**

Waar pas die navolging van die wet in?

Inhoud met erkenning aan:

- Ds Maarten van Helden: Bybelstudienota's
- Nelly Silvis: Bybelstudienota's
- Verklarende Afrikaanse Bybel
- Bybel in Praktyk

DIE BOEK VAN OPENBARING

Openbaring 5

TEMA: CHRISTUS OP DIE TROON

1. Inleiding

Ons het in hoofstuk 4 die hemelse troon gesien waar die Almagtige Vader sit as hoogste regeermag en –gesag *(wetgewende gesag)*. Hierdie vertrekpunt moet vasgehou word dwarsdeur die res van al die visioene van God se openbaring oor die dinge van die laaste dae – anders sal dit vir u te erg word.

Hoofstukke 4 en 5 vorm eintlik ‘n eenheid – HOU hieraan VAS!! Anders word die res van die boek Openbaring oorweldigend. In hoofstuk 5 kry ons nou te make met die wyse waarop God sy regering oor alle dinge uitoefen *(uitvoerende gesag)*.

2. *Wat is die boekrol in die regterhand van Hom wat op die troon sit? (V 1-2)*

‘n Boekrol was sowat 10m lank en is soms aan beide kante vol geskryf: Eseg 2:10

- Ps 139:16
- Dan 10:21

Die boekrol in die regterhand is die **wil** van God wat regeer oor die geskiedenis van die mensdom (hele skepping) en in besonder die heilsplan vir sy kerk. Die regterhand van God is immers die begrip van uitvoerende mag en gesag. Christus gaan sit aan die “regterhand van God”. Die boekrol is van voor en agter vol geskrywe en so bevat hierdie boekrol die volle raad van God betreffende die laaste dae of die laaste dinge. Dit gaan die kerk ook raak. Sien hierdie boekrol soos die koningsepter wat teken is van die amptelike mag van ‘n koning.

Nie enigeen is waardig om daardie mag namens God uit te voer nie – die boekrol oop te maak nie. As die engel dus roep “wie is waardig…” gaan dit oor ‘n waardige persoon wat die Vader kan aanstel om die verlossing van sy volk en sy goddelike oordele tot hulle finale en volle konsekwensies deur te voer. Die boekrol is met sewe seëls goed verseël - dit sluit by die antieke gewoonte aan om belangrike dokumente te verseël en dat dit net oopgemaak kan word deur iemand wat bekwaam (hier sondeloos) en gesagvol genoeg is daarvoor. Die seëling met die 7 seëls toon ook dat dit volkome geslote en ontoeganklik is – geheim (Jes 29:11). Die seëls is so aangebring dat telkens wanneer ‘n seël gebreek word ‘n deel van die boekrol oopgerol en gelees kon word.

3. *Waarom huil die apostel so ontroosbaar? (V 4)*

Niemand in die hele skepping is gevind om bekwaam genoeg te wees (geskik) om hierdie heilige boekrol oop te maak en uit te voer nie. Ook nie die *sterk* engel nie. Alle skepsele is deel van die sondeval en staan onder die vloek van die oordeel van God. Die las van die sonde maak alles en almal net eenvoudig onbevoeg. En die mens maak daagliks sy sonde net meer (HK Sondag 2 en 3 – geneig om God en naaste te haat en heeltemal onbekwaam tot enige goeie werke).

Johannes huil hier namens die hele skepping wat in nood verkeer. Daar is geen menslike oplossing nie, daar is geen troos as God ons nie help nie. Hy huil hier (hard) namens die gebroke mens, elke gebroke

huisgesin, elke sieke, elke verslaafde, elke gevangene, elke gemolesteerde, elke sterwende verlore sondaar, ook namens jou en my! Selfs die hemel roep in nood, want ook die engele is skepsele en staan onder die vloek van die skepping en hulle kan ons of hulleself nie red nie. Johannes huil, omdat dit lyk of God se raadsplan nie uitgevoer gaan word nie.

4. *Waar kom die antwoord op die versoek van die engel vandaan? (V2,5)*

'n Ouderling gee 'n heerlike boodskap van verlossing en bevryding. Die ouderling verteenwoordig die kerk. Die kerk het dus 'n boodskap van troos. Die evangelie moet verkondig word in en aan 'n troostelose wêreld. Die profesie van hierdie boek mag nie geheim gehou word nie.

- Op 1:3
- Op 22:10

Die taak van die kerk het dus beslis 'n evangeliserende karakter (missiologies). Julle is die lig vir die wêreld, Ek is die Lig van die wêreld. (Matt 5:14; Matt 8:12) En deur die heerlike boodskap wat die kerk van Christus bring, verander die geween in 'n gejubel! Kyk na Op 5:8-14

5. *Wat is die boodskap van die ouderling? (V 5)*

- 1 Tess 4:13

Moenie huil nie is 'n imperatief! Daar is rede om op te hou met huil. Daar is troos te vinde as jy maar net jou oë oopmaak. En dan kan jy begin jubel.

Die Messias is waardig om die boekrol oop te maak – Die Leeu uit die stam van Juda, die Afstammeling van Dawid (wortel van Isaï – Jes 11:1,10; Rom 15:12) verduidelik dat God sy belofte in Gen 49:9 vervul het. Hy het die geslag van Abraham, Isak en Jakob vasgehou en bewaar en uit hulle kom die Messias as Oorwinnaar (Leeu) en tree met mag en gesag na vore. Die leeu spreek van bekwaamheid en mag. Dit is Hy wat sy prooi, die Satan, verslaan het, en nou is Hy in beheer. Hy kan die boekrol neem en die mag van God uitoefen tot op die laaste dag. Hy is die Koning uit die nageslag van Dawid en hy het die oorwinning behaal.

As Johannes sy trane nou afvee en behoorlik kan sien wat voor Hom gebeur dan verwag hy die Leeu, maar Hy sien heeltemal iets anders. Die Leeu is 'n Lam!! En dadelik kry die boodskap van die kerk vir hom volle betekenis. Die Lam is die Paaslam (I Kor 5:7). Johannes die Doper het Jesus so aan die publiek bekend gestel – Joh 1:29-36 "Kyk, daar is die Lam van God wat die sondes van die wêreld wegneem." Die apostel het dadelik begryp wat die boodskap beteken. Die Leeu is die Lam en die Lam is die Leeu!

Jesaja profeteer van die Messias dat hy "soos 'n Lam wat na die slagplek gelei word en soos 'n skaap wat stom is voor die wat hom skeer…" (Jes 53:7). Die gedagte van die lam gaan sover terug as die uittog uit Egipte: Daardie nag toe die pasga ingestel is en die paaslam se bloed aan die deurkosyne gesmeer is sodat die doodsengel verby kon gaan (Eks 12:13). Vandaar af sien ons al die paaslammers wat jaarliks geslag is en al die offerbloed van die OT, wat in die offer van Christus aan die kruis vervul is. Hier sien Johannes al hierdie offerbloed voor die troon in die gestalte van die Lam van God. Hy herinner hom seker ook die laaste Paasfees in Jerusalem (Eerste Nagmaal) toe die paaslam voor hulle op die tafel gelê het. Heb 10:1-12,18

Die Lam van God was die finale offer wat vir alle sondes van die ganse mensdom gebring is.

Paulus skryf daarvan: “Ook ons Paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus.” In simboliese taal word die vermoëns van die Lam beskryf – sewe horings vertel van sy volmaakte krag en die sewe oë (Sag 4: 2-10) is die sewe Geeste (Heilige Gees) wat Christus gestuur het as Trooster.

Jesus Christus, die Lam, was waardig om die seëls te breek, omdat Hy volmaak gehoorsaam was aan God. Hy het vir die ganse mensdom aan die kruis gesterf en weer opgestaan om sy mag oor die Bose en Dood te toon.

6. *Wat beteken dit dat die Lam die boekrol in ontvangs neem? (V 7)*

Die Vader oorhandig nou die mag en uitvoerende gesag aan die Seun wat waardig is deur sy offer wat Hy in gehoorsaamheid volbring het. Dit gaan dus in hierdie hoofstuk oor die anderkant van die hemelvaart – ons sien deur die apostels se oë hoe Jesus van die aarde af opvaar en ‘n wolk neem Hom weg, maar nou sien ons met die geloofsoog (in die Gees) wat anderkant die wolk gebeur! Die Seun neem sy ereplek in langs die Vader (aan die regterhand) op die troon. Dit gaan dus oor die INTRONISASIE van ons Here Jesus Christus.

- 1 Kor 15:22-28
- Kol 1:15-20

Besef dat God sy Seun weens sy eervolle oorwinning nou Hoof van sy kerk en hoof oor alle dinge gemaak het. Daarom kan Jesus by sy hemelvaart sê: Kyk aan my is gegee alle mag in die hemel en op aarde! (Matt 28:18). En Hy is in staat in te vervul wat Hy beloof het: “Kyk Ek is met julle tot aan die voleinding van die wêreld” (Matt 28:20).

Ja waarlik, Hy is bevoeg om die boekrol by die Vader te neem en oop te breek en in vervulling te laat gaan – daar is weer hoop vir God se kinders, want sonder hierdie hemelse Verlosser-Koning (Leeu-Lam) is ook ons almal verlore.

7. *Wat is die reaksie van die skepping op die openbaarmaking van hierdie troosvolle waarheid?*

Weer in konsentriese sirkels sien ons alles rondom die troon (met Vader Seun en Heilige Gees daarop) neerval in eerbiedige aanbidding – die vier lewende wesens (gerubs), die ouderlinge, die miljoene engele en die hele skepping sing loflied na loflied tot aanbidding van die God van ons verlossing. God het sy gevalle skepping nie in die steek gelaat nie, maar Hy vervul sy paradysbelofte en hou sy genadeverbond in stand!

En al wat ons kan doen, is om saam te aanbid.

Wierook = gebede van die gelowiges – die versugtinge van mense word onder God se aandag gebring. Elkeen wat berou het oor sy sonde en in geloof tot God nader en in die koninkryk opgeneem word, word aanvaar.

8. *Wat is die betekenis van die nuwe lied en liedere wat gesing word? (V 9)*

Hulle sing ‘n nuwe lied (Nuwe Psalmberyming??). So ‘n nuwe lied word altyd gesing vir ‘n groot verlossingsdaad met die verwagting van ‘n nuwe wêreldtydperk wat gaan kom (Ps 33:3; 40:4).

Ons beste aanbiddingswerke en –liedere en gebede is so gebroke dat ook daarin verlossing nodig is. Christus maak alles nuut (Op 21:5). Die lied sing van die verlossingwerk en offerande van ons Here en dat dit van ons konings en priesters maak (In die hemel hoef ons nie meer te profeteer nie, want ons sal

God van aangesig tot aangesig sien). As sodanig is ons ook instrumente om vir ander mense in te tree en te seën (1 Pet 2:5-9). Maar op aarde is ons juis nog dit – gered nie om onsself nie, maar om profeet, priester en koning te wees vir God! Gelowige rol op jou moue!

Die engele hou eenvoudig aan om die grootheid van die Lam te besing – Hy was immers 'n kort tydjie minder as die engele gemaak – sy menswording (Heb 2:5-9). Nou aanbid hulle Hom as hoog bo hulle verhewe! Ja elke knie sal buig en elke tong bely dat Jesus die Here is (Fil 2:9-11). Die hele skepping bring lof aan Hom wat op die troon sit.

9. ***Wat is die betekenis vir u wat die boek nou verder gaan lees en vir elke dag van u lewe?***

Jesus Christus is die Lam van God wat alle mag ontvang as Hy aan die regterhand van God gaan sit en die boekrol ontvang as enigste waardige Persoon om dit oop te maak en in vervulling te laat gaan. Heerlik is die troos dat alle dinge wat gebeur nie maar toevallig is nie, maar uit die Vaderhand, deur Christus ons toekom (HK Sondag 10). As die troon van Openbaring 4 die troon van oordeel en genade is, met ander woorde die troon van die gerig van God, gaan hoofstuk 5 ons aanwys deur Wie God die Vader hierdie gerig van oordeel en genade uitoefen. Alles loop immers uit op die groot oordeelsdag by die wederkoms van Hom "wat kom met die wolke" (Op 1:7 is ook wolke van oordeel).

Wanneer ons gaan lees van die vreeslike dinge wat oor die aarde kom in die laaste dae en van oordeel en verdoemenis en van vervolging en swaarkry…. weet ons verseker dat sake nie buite beheer is nie. Christus het alle mag en voer dit sorgvuldig uit soos die Vader dit in sy raadsplan (boekrol) bepaal het.

Ons is nie op 'n weghol wa sonder 'n stuurman nie! Ons is veilig in die hande van ons Here en Verlosser en niks kan ons van sy liefde skei nie (Rom 8:35).

Daarom verander my gehuil nou reeds in 'n jubeltoon!

"Aan Hom wat op die troon sit en aan die Lam,
Behoort die lof en die eer, die heerlikheid en die krag, tot in ewigheid" (V13)

Laat die kerk maar kniel soos die 24 ouderlinge, die gerubs bevestig dit alles met: Amen!

As ons besef watter heerlikhede Hy vir ons verwerf het en watter toekoms op ons wag, sal ons ook die krag kry om die probleme wat ons nou nog mag ondervind die hoof te bied.

Sing Sb 5-3:1-5

Inhoud met erkenning aan:

- Ds Maarten van Helden: Bybelstudienota's
- Nelly Silvis: Bybelstudienota's
- Verklarende Afrikaanse Bybel
- Bybel in Praktyk
- Dr B Duvenhage: *Van Stryd tot Oorwinning*

DIE BOEK VAN OPENBARING

OPENBARING 6

TEMA: DIE SEËLS WORD OOPGEMAAK

Inleidend

Daar moet nou duidelik onthou word dat hoofstuk 6 deel vorm van die geheel – Openbaring 4 en 5 was die troonvisioen met die Almagtige Vader op die troon, die Seun se troonsbestyging en die boekrol wat die raadsplan van God, veral sy verlossingsplan, bevat. Die res van die hele boek Openbaring handel oor die oopmaak van hierdie boekrol met sy sewe seëls.

Dit is die eerste van 3 reekse van die voltrekking van die oordeel wat elk uit 7 dele bestaan. Die ander 2 reekse gebruik trompette en bakke as simbole.

Dit is egter nou asof die apostel die eerste ses seëls vinnig deurblaai en daarna veral aandag sal gee aan die 7e seël (hfst 8-22)!

Die boekrol bevat die wonderlike dinge van die verlossing, maar steek nie die swaarkry en lyding wat gepaardgaan met die laaste dae vir die kerk weg nie. Die boodskap wat deurgaans vasgehou moet word, is dat die boekrol deur die Lam (wat eintlik ook maar die Leeu is, die Oorwinnaar) oopgemaak word.

Uit die inhoud van die boekrol is dit duidelik hoe skuldig en sondig die mensdom is. Dit blyk ook daaruit dat God absolute gesag oor die verloop van die menslike geskiedenis het. Dit beeld God se oordeel en verlossing uit.

Ons moet steeds vashou dat ons met apokaliptiese stof te make het, wat baie gebruik maak van metafoor en vergelykings (simboliese beelde). Dit is profesie en nie voorspelling nie. Die hooftema bly steeds dat Christus komende is (Op 1:7) en dat Hy regeer – so gaan die perde uit as die Lam die seëls breek. Hoe verskriklik die gesigte ook al, is dit alles in die troue sorg van God. Die openbaring is ook nie chronologies nie, maar bied elke keer ‘n blik op dieselfde tyd van ‘n ander hoek beskou.

Die reeks van 4 perde is ‘n inleiding tot oordele wat nog kom. Die beeld van die 4 perde word ook in Sag 6:1-8 aangetref.

Die viertal verwys na die wêreld. Die 4 perde tref die hele aarde. Perde is gebruik vir oorlogvoering. Gewoonweg is op donkies gery. Hier is dus sprake van ‘n stryd. Dit het ook met die skepping te doen. Daarom gee een van die lewende wesens telkens opdrag aan ‘n perd om uit te gaan in die wêreld.

Die perderuiters kry net mag oor ‘n kwart van die aarde. God se oordeelsvoltrekking is dus nog beperk. (Die trompette vernietig ‘n derde en die wraakbakke doen dit volledig).

DIE EERSTE SEËL

Wat is die boodskap van die eerste seël? Die wit perd

Die ruiter op die wit perd dui op die **Evangelie** van Christus wat as **oorwinnaar** uittrek in die stryd op aarde. **Wit** word altyd geassosieer met iets **hemels** en **heiligs** (vgl. Op 19:11). As die Lam die eerste seël oopbreek, sit Hy die gebeure van die eindtyd aan die gang en daarmee kom al die dinge wat die eindoordeel voorafgaan in sig.

Die ruiter het ‘n pyl en boog en dra ‘n kroon van oorwinning. Hy is die oorwinnaar en gaan nog verder oorwin. Die **wapen** vir die stryd is die **Woord** van God. (Matt 4:1-11 – Jesus se hantering van die Woord in die stryd met die duiwel).

*[**Alternatiewe verklaring**: Christus is so pas die Lam genoem en is dus nie die wit perd en sy ruiter nie. Al die seëls bring rampspoed met hulle saam, dus moet hierdie perd ook moeilikheid veroorsaak. Dan sou hierdie perd kon dui op die valse profesie en dwaalleer wat die kerk van die Here sal teister – ja, hulle sal selfs baie sogenaamde ‘oorwinnings’ behaal!*

In eksegese moet dikwels ook ‘n keuse gemaak word en hier kan ek met verantwoordelikheid kies vir die eerste uitleg.]

Die oorsaak van die volgende gebeure (seëls) lê dus in die verkondiging van die evangelie van die Oorwinnaar. Hy het oorwin en sal steeds verder klaar maak wat Hy begin het. (Fil 1:6) Die Heilige Gees maak juis die getroue getuies sy pyle - as hulle maar onvervals die waarheid verkondig. Dit wek die gramskap op van die hele wêreld wat Hom nie wil ken nie…. Daarom volg die ander perde en seëls.

DIE TWEEDE SEËL

Wat is die boodskap van die tweede seël? Die rooi perd

Die koms van die wit perd (Evangelie) het gepaard gegaan met die boodskap van vrede op aarde (Luk 2:14). Onmiddellik volg die rooi perd met die opdrag om die vrede van die aarde weg te neem. **Waar die evangelie kom, kom ook onvrede en bloedvergieting**. **Vervolging** van die kerk is aan die orde van die dag. Tetullianus (3e eeu): ***Die bloed van die martelare is die saad van die kerk***. Hierdie bloedvergieting is deel van die wraak van God oor die goddeloosheid en verbondsverbreking van die mens. Matteus 10:34: “Moenie dink dat Ek gekom het om vrede op aarde te bring nie, maar die swaard”.

Lees daarmee saam

- Joh 14:27
- Joh 16:31-33
- Matt 24:4-14
- D‘Assonville maak ook Lev 26:25 hierop van toepassing.

Geweld en oorlog is dus deel van die **oordele** van God oor die goddelose wêreld in die tyd. Die seëls is immers deel van die voorspel tot die groot eindoordeelsgerig.

Wat sien ons vandag van bloedvergieting in die wêreld? Dis alles die werk van die vuurrooi perd.

Wat leer jy uit Rom 1:24a van die wyse waarop God in die tyd oordeel?

DIE DERDE SEËL

Inleidend

- Die seëls wat oopgemaak word, dui op die 'toekoms wat oopgemaak word'.
- Hier werk die Heilige Gees in 'n toepassende hoedanigheid. Die Gees werk **deur** die Woord: nie buite-om die Woord nie.
- Die wit perd – Evangelie van vrede:
  - Nie 'vrede' wat ons dink nie
  - Stryd
  - Breek harte oop
  - Dit 'stir' – daar gebeur iets
  - Wil verder oorwin, maar dit is 'n stryd
  - Gaan met pyn gepaard
  - Ook 'n oordeelswoord

Hierteenoor die gevaar van voorspoedsgodsdiens! Iemand wat swaarkry, kry eintlik meer seën (genade). Dit hoef nie met jou goed te gaan nie, maar met jou siel.....

Die Lam laat ook die rooi perd uitgaan – geweld. Dit is God se oordeel, Hy is in beheer!!

Wat is die boodskap van die derde seël? Swart perd

Die ruiter het 'n weegskaal in sy hand. Dink aan kos, geld, ekonomie. 'n Skaal weeg dinge af. Insig kom deur die stem wat aandui dat dit hier gaan om hongersnood. Een skeppie koring vir 'n dagloon (soveel as wat 'n dagloner op een dag verdien het. 200 daglone kon vir > 5000 mense kos koop: Mark 6:37,44. Vergelyk ook Joh 6:7) of drie skeppies gars vir dieselfde geld. Koring is 'n beter kwaliteit graan as gars. Nou was 'n dagloon genoeg vir 1 skeppie (porsie) koring, maar 3 skeppies gars kon daarvoor gekoop word. Mense sal ekonomies swaarkry (inflasie) en hongersnood is hulle voorland. Jou salaris sal al hoe minder kan koop of jy moet waarde inboet. Ek noem dit die "inflasieperd". Tog sal die luukse goedere – wyn en olyfolie – volop en onbetaalbaar duur wees.

Hongersnood sal 'n kenmerk van die laaste dae wees. Om kos te kry sal die mense se swaarste stryd wees – dit is al vir Adam gesê: "*In die sweet van jou aangesig sal jy jou brood verdien"*, ook as straf op die sonde. Werksdruk en onbevredigende werksomstandighede is deel van God se oordele.

- Matt 24:3-14

Ook in Matteus 24 word dit genoem as tekens van die tye. Ekonomiese wêreldplanne poog om dit teen te werk, maar sonder God. Sonder God sal daar altyd honger wees! Olie en wyn sal nie ontbreek nie. Die skeiding tussen ryk en arm word al hoe groter. Die ryke word ryker ten koste van die armes. Onreg, korrupsie en bedrog is aan die orde van die dag. Dit gaan dus nie om 'n voedseltekort nie, maar om geldtekort. Die luukses word net vir die rykes bestem!

- Op 13:7 (lees vers 1-10)
- 1 Tim 6:10

Op 13:7 lees ons van die merk van die dier – dat jy net kan koop of verkoop as jy die merk dra. Materialisme, Mammon - die wortel van alle kwaad (1 Tim 6:10). Armes kan nie koop nie, rykes kan olyfolie en wyn bekostig. Nuwe wêreldorde – materialisme, 'Keep up with the Jones', uiterlike modes……

Implikasie

Ons sal ons lewensstandaarde moet verlaag. **Nog meer!**

- Matt 6:25-34

Die Here sê dit 3 keer – moet julle nie bekommer nie!

- Spreuke 10:4 en 22

Die antwoord! God sorg vir sy kinders! Christus is die brood van die lewe.

- Matteus 5:3

Die swart perd leer ons afhanklikheid van die Here.

- 1 Tim 6:1-10.

Wees tevrede met wat jy het. Kos en klere is genoeg. Jesus en Paulus het nie 'n dak gehad nie.
Hoeveel is ons bereid om op te offer vir die koninkryk van God?

- 2 Samuel 23:13-17

Klop die swart perd!!

- Spreuke 30:7-9
- Prediker 10:19

DIE VIERDE SEËL

Inleidend

- Vanaf hoofstuk 4 – visionêre gedeelte
- Alles wat Sy koms vooraf gaan – in visioene te sien
- Hfst 5 - intronisasie van die Seun
- Hfst 6 – Lam/Leeu stuur die perde uit. Hiermee saam gaan die oordele.
  - Wit perd – die Evangelie
  - Rooi perd – geweld
  - Swart perd – geldgebrek & hongersnood
  - Vloedgolf van die wêreld gaan ons nog tref – die bloed van die martelare is die 'saad' van die kerk
- God hou die kerk op sy knieë
  - Joh 16:33
  - Prediker 7:14 – Wees afhanklik!
- Openbaring wys eintlik die teenoorgestelde as voorspoedsgodsdiens
  - Hebr 2:14-15. Sondag 1 & 10
- Die opdrag gaan uit vanaf die Troon – die Lam
  - Nie die duiwel/toevallig nie
  - Dit kom van die TROON af

Wat is die boodskap van die vierde seël? Vaal perd

Nog ‘n perd van ‘n ander kleur! Vaal soos die dood! Regte brandsiek perd! Sy gevolg is die doderyk self! Die dood het in die wêreld gekom as gevolg van die sonde (Gen 2 en 3). Nou is alle moontlike oorsake van die dood, selfs as die wilde diere jou vreet (en ons kan ander van die moderne tyd noem), die gevolg van God se oordele.

Veral pessiektes kom hier ter sprake…. Dink maar aan al die epidemies! En dit gebeur nie maar net nie, maar is alles in opdrag van die troon. Miskien sal ons dit selfs aan eie lyf ervaar. Miskien moet ons die hartseer daarvan saam met die mense om ons beleef.

Die kwart van die aarde wat nog oorbly na die eerste 3 perde, is vir hierdie perd bestem. Hy word weer in 4 verdeel:

- Swaard
- Hongersnood
- Pes en
- Wilde diere
- Eseg 5:12; 14:21; 29:5; 33:27; Jer 14:12; 15:2-3; 21:7

Hoe is u voorbereid vir die nuus van die dood en vir u eie sterwe?

Troos vir die kerk:

- 1 Kor 15 veral vers 55
- Joh 14:1-3
- Psalm 116:15

Konklusie

Die dinge van die 4 ruiters tref die hele aarde. Ook die gelowiges moet daaronder ly. Hierdie dinge is natuurlik nie al wat in God se raadsplan staan nie, met ander woorde die dinge val nie buite God se raadsplan nie.

Die perde bring ons as mense in die krisis. Vs 8 stel dat hulle die mag kry en ‘n kwart van die wêreld se mense sal doodmaak met swaard (rooi), hongersnood (swart) en pes (vaal). Die oordele van God is daar om die koninkryk te bevorder en dit dien tot reiniging! Daardeur besef die mens net meer sy eie nood en sy afhanklikheid van God.

- Jer 12:5: Wat sal jy maak as daar pêrre kom?

Maar onthou nou die wit perd gaan voorop, die ander perde is maar die agterryers!! Moet Hom as Oorwinnaar nooit uit die oog verloor nie. Elke keer as die evangelie van God se ware vrede verkondig word, ontketen dit ook die gevolge van die ander perde. Die skeiding tussen geloof en ongeloof word groter. Op 22:11

- Joh 16:33
- Op 2:10

Matteus 24:8: Al hierdie dinge is geboortepyne, die begin van die nuwe tyd!

Sing: Ps 23:2

Nota: Duvenage sê: Hoekom laat die Lam die perde uitgaan en nie die Leeu nie… want leeus eet perde! Die Lam gaan die weg op van versoening en verdraagsaamheid en empatie en dra van smarte, ens. Die Leeu gaan die weg van konfrontasie.

DIE VYFDE SEËL

Inleidend

Die eerste vier seëls is oopgebreek en het ons verskriklike dinge aanskou. Die slagting van die gelowiges is aan die gang en sal steeds voortduur totdat Christus weer kom. Die wêreld waarin ons woon het vir die kinders van die Allerhoogste God geen genade nie. Johannes het self ook verbysterd gestaan. En nou is daar **nog drie seëls**. Hier sal Johannes nog groter skokke kry.

Wat is die boodskap van die vyfde seël?

Met die vyfde seël word aan ons iets van die graad van **lyde van die kerk van Christus** geopenbaar. Dit word egter in hierdie visioen voorgestel as 'n hemelse toneel: Ons kan sê dat die lyde van die kerk hier geteken word *soos vanuit die hemel gesien*. Johannes sien die siele van die martelare onder die altaar. (Altaar = simbool van die altaar in die tempel waarop diere geoffer is om vir die sondes van die mens versoening te doen.) Hy hoor die roepstem van die kerk uit die hemel roep om vergelding. Die siele onder die altaar is hulle wat "geslag" is (dink veral aan die tweede seël). Hulle is doodgemaak vanweë hulle geloof. Hulle is die gelowiges wat hul getuienis met hul bloed beseël het. BLOEDGETUIES (Gr = marturia = getuie).

Wie was die eerste martelaar? In Genesis 4 lees ons al van Abel wat sy geloof met sy bloed beseël het. Dink ook maar aan **Stéfanus** wat met klippe doodgegooi is! En Jesus?

- ***Hebreërs 11:36-37***

Bloedgetuies vir Christus! Johannes sien hul siele ONDER DIE ALTAAR. Soos die bloed van die offerdiere in die tempel altyd aan die voet van die altaar uitgestort is (Eks 29:12; Lev 4:7), so rus die siele van hierdie gelowiges, wat hulle lewe ten volle aan die Here TOEGEWY het nou onder die altaar – naby God. Die siele van die afgestorwe gelowiges verkeer dus in die SALIGE NABYHEID van God self! Hulle is in die hemel in volle sekerheid van die versoening wat die bloed van Christus bewerk het. (Die opvatting het bestaan dat die siel of lewe in die bloed is – Lev 17:11,14; Deut 12:23)

- Fil 1:23
- Luk 23:43
- Joh 3:17

Wat 'n troos lê juis hierin al vir elkeen wat nog hul geloof met hul lewe, hul bloed sal beseël! Dit is immers wat ons van die dood bely in Sondag 22: Dat my siel dadelik tot Christus my Hoof opgeneem sal word. In die dood sal ons dus ook BY DIE HERE wees.

En dan hoor Johannes die roepstem: "Hoe lank nog…?" (vs 10) (Vgl. Ps 13:1-3, Hab 1:2). Hier is dit natuurlik nie 'n persoonlike versoek om wraak of vergelding nie. Nee, u moet dit sien as die **versugting na die finale oorwinning** van die reg oor die onreg. Hulle smag na die voleinding en dat die dooies opgewek sal word en die siele met die liggame verenig sal word. Die bloed wat vergiet, roep na God. (Abel – Gen 4:10) Hoor hierin dus die versugting na die WEDERKOMS. (Luk 18:29-30)

Hierdie hemelse roepstem klink dus op SAAM MET DIE KERK OP AARDE wat sug en swaarkry onder die druk van die wêreld. Die roepstemme wat roep: MARANATA! In die hemel leef die TRIOMFERENDE kerk dus mee met die STRYDENDE kerk hier op aarde. Hul pleitroep word dag en nag gehoor. Hulle noem Hom "heilige en getroue HEERSER". **Letterlik:** DESPOOT. Alleenheerser. Hierdie benaming "Heerser" dui sy absolute en volmaakte heerskappy aan. Daarom word Hy beskrywe met "heilige en waaragtige".

Die siele onder die altaar sien egter nog nie die eindoordeel nie. Hulle roep in groot verlange daarna. Ons troos vind ons daarin dat ons weet dat ook die martelare in die hemel saam met ons uitsien na die werklikheid van die voleinding. (Dit is die Here se reg om te straf [Rom 12:19] en hulle bid dat reg moet geskied [Luk 18:7]).

Die troosvolle antwoord wat op hul roepstem gegee word:

"Aan elkeen van hulle is daar lang wit klere gegee, en daar is vir hulle gesê om nog 'n klein rukkie te wag, totdat hulle mededienaars, hulle medegelowiges, wat net soos hulle ook doodgemaak gaan word, almal daar is". (Vs 11) (Wit klere is teken van reinheid en onskuld.)

Hulle ontvang dus verhoring van hul gebede! Hulle roepstem word gehoor! U gebede val nie op dowe ore nie! Hy gee aan hulle wit klere. Hulle word dus **oorklee** met die vryspraak wat Christus reeds verwerf het – gewas in die bloed van die lam. Al sien hulle nog nie die finale produk van die ewige saligheid nie, is hulle alreeds voor God geregverdig.

(Mense wat vir hulle geloof ly en sterf, sal nie vergeet wor nie en hulle sterf ook nie verniet nie. God sal buitengewone eer aan hulle betoon. Rom 12:19. Ons wil dalk ook soos hierdie martelare hê dat daar dadelik geregtigheid moet wees, maar ons moet net geduldig wees. God se groot plan ontvou en Hy belowe dat reg sal geskied. Geen mens ly ooit verniet ter wille van God se koninkryk nie.)

Ons kan dus sê dat hulle gebed verhoor is, maar nog nie volledig nie. Hulle moet nog 'n klein tydjie wag. Die einde is dus naby. Nou kom **GEDULD** en **VOLHARDING** ter sprake vir die kerk van God.

Eers moet die getal van die martelare vol word. Eers moet die getal van die uitverkorenes vol word. Daar sal NOG LYDING wees. Baie sal nog hul getuienis met hul bloed moet beseël. Nog mense gaan hulle lewens verloor vanweë hulle geloof in Christus. Dan kom die einde.

Nog baie lyding mag vir ons, die kerk van Christus, voorlê. U moet die vyfde seël dan sien as waarskuwing tot VOORBEREIDING. Ons moet ons instel op die nodige geduld en om te kan volhard tot die einde toe. (Jer 12:5) Ons moet vashou aan die getuienis van die Woord. Ook al word u lewe daardeur in groot gevaar gestel. Het Jesus ons dit nie al geleer in Matteus 24:21 nie?

"Want in daardie tyd sal daar so 'n groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af nie was nie en nie weer sal wees nie. En as dit nie was dat God daardie tyd ingekort het nie, sou geen mens dit oorleef nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal God daardie tyd inkort".

Die verdrukking moet kom, dan kom die einde! Dan kom ook die ewige saligheid wanneer siel en liggaam saam die ewige heerlikheid by God sal ingaan. Onthou Op 1:7,8: **Kyk, Hy kom met die wolke!** En al die mense sal Hom sien.

Christene sal te midde van oorlog, hongersnood, vervolging en die dood moet vashou aan die dinge waarin hulle glo. God sal uiteindelik slegs diegene wat tot aan die einde volhard, beloon. (Mark 13:13)

DIE SESDE SEËL

TEMA: OPENBARING 6:12-17 - WÊRELDNOOD!

Wat is die boodskap van die sesde seël?

Wanneer die sesde seël oopgemaak word, breek die oordeelsdag aan.

Ons kan onsself die oordeel van die Here voorstel as 'n naderende **donderstorm**. So kom die oordeel van God oor die wêreld. Van veraf het ons dit al gesien - paradys, sondvloed, Egipte …. Op Golgota bars die geweld los oor die Seun van God. Jesus Christus sterf onder die toorn van God. En die skepping swyg nie:

- Daar is duisternis en aardbewings
- Die aarde word in sy fondamente geskud

Die sonde teen God roep om vergelding. Die bloed van die martelare roep om vergelding (vgl die vyfde seël). Ook die bloed van Jesus Christus roep van die aarde af na God!

Daarom is die storm nog nie verby nie. Daar is immers aan die kerk gesê om nog 'n klein rukkie te wag. God gaan hul gebede verhoor. Die wraak van God kom, omdat die bloed van die kerk vergiet is.

Die sesde seël beskrywe dit vir ons: Die Lam maak ook hierdie seël oop. God se raadsplan en verlossingsplan gaan ook hierdeur in vervulling. SY OORDELE TREF DIE HELE AARDE.

Die sesde seël laat ons iets sien van **die totale ontwrigting van die kosmos** (skepping). Die versteuring van die kosmos word hier sewevoudig beskrywe (in eg profetiese taal):

1. Groot aardbewing (Eseg 38:19, Amos 1:1, Sag 14:5)
2. Die son word verduister
3. Die maan word rooi soos bloed
4. Die sterre word uit hul bane geskud
   (Joël 2:10,31; 3:15; Jes 13:10; 50:3; Eseg 32: 7-8)
5. Die hemel word opgerol soos 'n boekrol (Jes 34:4)
6. Die berge bewe
7. Die eilande het hul plek nie meer nie.

As God dus kom in sy oordeel dan skud dit die hele skepping, die hele aarde! Dieselfde skepping waarop die mens sy hoop bou… die skepping wat die mens se bondgenoot behoort te wees... die skepping met sy wonderbaarlike dienste aan die mens…..die skepping met sy natuurkragte en - wondere. **Totale chaos** word hier beskrywe. So kom ook die groot en deurlugtige dag van die Here - die oordeelsdag. Daarna breek die grootse en finale geweld van die aankomende storm oor die aarde en al sy bewoners los!

Die hele mensdom word hierdeur geraak en in angs gedompel. Hierdie mense word sewevoudig beskrywe:

1. Die konings van die aarde
2. Hoofamptenare
3. Opperbevelhebbers
4. Rykes
5. Magtiges
6. Slawe
7. Vry mense

Dus: 7 = getal van volheid, alle mense! Geen diskriminasie. Daar is niemand wat aan die toorn van die Here sal ontkom nie. Dit is God wat besoeking doen oor die mens en sy sonde - ja, sy selfvoldaanheid. Aardbewings en rampe…**maar dit is nog maar die storm aan die kom!!** Die volheid van die stormgeweld sal losbars oor die aarde en sy bewoners, as die groot en finale oordeelsdag aanbreek! Dan sal die goddelose wegvlug in vrees en bewing – gaan kruip in grotte en kranse weg: Jes 2:10,19,21. Hulle sal vir die berge en kranse sê: Val op ons en bedek ons vir die toorn van die Lam! Luk 23:30; Hos 10:8. Hulle sal erken dat die Lam regeer! (Fil 2) MAAR hulle soek nie skuiling by die Here nie (wel in die natuur)!!! Hulle sal Hom, wat op hierdie aarde verwerp is, bely en erken!

Die Here forseer die mens eenvoudig om tot hul eie skande en skaamte te erken dat Hy en Hy alleen God is. So spreek die Here die menslike verwaandheid aan. So kom die menslike hoogmoed op sy eie kop af! So sal elke knie buig en elke tong bely dat Hy die Here is!

En so is die Here in die tyd, ook nou, besig om deur hierdie chaos in die natuur, die mens in sy wese te skud. **Hy roep tot bekering en geloof.** Maar as die groot dag aanbreek sal **dit te laat wees**. Dan sal almal sy Naam bely, maar die ongelowiges tot hulle eie verderf en vervloeking, omdat hulle nie in Hom geglo het nie.

Psalm 23 lees: "Die Here sal jou bewaar vir elke onheil, jou siel sal hy bewaar. Die Here sal jou uitgang en jou ingang bewaar, van nou af tot in ewigheid."

Geen mens wat God verwerp het, kan die dag van sy toorn oorleef nie. Almal wat egter aan Christus behoort, sal beloon word.

Onthou:

Dit is die Lam wat die seëls oopbreek. Ook hierdie kosmiese ontwrigting is in sy hande. In die tyd dien hierdie dinge as die teken van die koms van die oordeel, maar ook as tekens van die wederkoms.

- Jesus Christus kom!!
- Die einde is in sig.
- Die storm het tot by ons gekom.
- En... die Here sal ons bewaar in die dag van onheil!

Romeine 8:22,23 - Die hele skepping sug in die pyne van verwagting (barensnood!). Hoor u ook die noodroep van die gebroke wêreld? Die skepping sug... en ons, ons sug ook. Ons word juis deur hierdie wêreldnood genoop om te sug. God laat ons sug, sodat ons nie aan die wêreld gelykvormig sal word nie.

Ons moet ook saam met die siele onder die altaar roep:

"Hoe lank Here, voordat dit alles gebeur?" Ons moet met alle erns en oorgawe dit uitroep sodat die hemel ons kan hoor: *Maranata! Kom Here Jesus, ja kom gou.*

En Hy kom! Hy kom voltooi wat hy begin het met die aardbewing en die duisternis (natuurkragte) op Golgota. Hy kom om te oordeel, sodat die wêreld sal sidder. Ons sal deur die rampe van ons tyd kan besef dat die Here ons aanspreek. Ons sal in alle erns gereedmaak vir die groot dag van God wat kom.

Die oordeelsdag het aangebreek.

- Joël 2:10-11,31
- Nah 1:6
- Sef 1:14-16
- Mal 3:2

Met verskillende beelde wat aan die OT ontleen is, word die gebeure by die oordeelsdag beskrywe. Dit is die dag wat God en die Lam hulle toorn gaan uitstort oor die wat hulle nie bekeer nie.

Noem 'n paar rampe en ellendes wat in die skepping plaasgevind het of kan plaasvind. Die ooreenkoms met die ander seëls? Almal kom by honger, dood en verwoesting uit!

Het ons nie na hierdie verskriklike ses seëls 'n stukkie troos nodig nie? Wie kan staande bly? ***Kyk na Openbaring 7!***

Inhoud met erkenning aan:

- Ds Maarten van Helden: Bybelstudienota's
- Nelly Silvis: Bybelstudienota's
- Verklarende Afrikaanse Bybel
- Bybel in Praktyk
- Dr B Duvenhage: *Van Stryd tot Oorwinning*

OPENBARING 7:1-16

TEMA: 144 000 VERSEëLDES!

Johannes sien nou 2 verdere visioene.

1. Wat beteken dit dat die vier engele die vier winde van die aarde vashou?

Dit is die winde van verwoesting wat oor die aarde waai. Onthou dat ons die oordele van God, die sewe seëls soos 'n stormwind en donderstorm sien naderkom het. Die aandwindjie voor die sondeval in die paradys het deur die sonde in oordeels-stormwind verander! Die mens en sy vrou kruip weg vir die oordeel van God (Gen 3:8). Vreesaanjaend is God in sy regverdige oordele.

Die engele hou die winde vas – so word daar 'n oomblik verpoos (stilte). Johannes moet eers iets anders sien. Die gesigte van die eerste ses seëls was immers so verskriklik dat jou gees nie krag het vir nog nie. En die sewende seël (Op 8-22) moet nog kom! Hoofstuk 7 dien dus as tussenstuk, **as troos** langs die moeitevolle pad van Openbaring. Die leser kry as verposing die gesig van die 144 000 verseëldes – 'n boodskap van bemoediging en heilsversekering.

- Op 8:1
    - Ook stilte in die hemel
    - Halfuur lank
    - Dit *voel* baie lank, maar dit is kort

Die 4 winde van oordeel word teruggehou, totdat al God se kinders verseël is. Eers dan sal die sewende seël oopgemaak word. Hier verseker God sy dienaars van ewige bewaring.

2. Wat doen die engel wat uit die ooste kom en wie is hy? (V 2)

- 4 engele – dui op hele aarde, al 4 die windrigtings. Die aarde word voorgestel as 'n vierhoekige plat uitgestrektheid. Satan sal poog om die nasies tussen die 4 hoeke te verlei. (Op 20:8)
- 4 = getal van die mens – oordeel oor die mens
- Oordeelsengele = massiewe engele, nie die Roomse engeltjies nie
- Die hele skepping word geraak, nie net die mens nie – bome, berge, see
- Op 21:5
- God se paradysvloek – Kyk, Ek maak alles nuut!

Hy het gesag want hy beveel die vier engele wat die oordele (winde) vashou of laat waai. Winde dra die toorn van God. Hulle kom uit al 4 windrigtings en sal oor die hele aarde waai. Niemand sal die aanslag van hulle geweld kan ontvlug nie. Hy beveel hulle om die oordele nog 'n oomblik terug te hou. Op 14:18 en 16:5. Dit spreek van genade. God wag met sy oordeel! Eers moet almal wat aan die Here behoort, verseël word. (Dan 7:2; Jer 49:36) Gelowiges word op die voorkop verseël – die setel van denke en verstand. Dit beheers die mens se hele lewe en word ook in diens van God gebruik. Die seël is soos die merk wat op diere aangebring word. Almal wat die Here in opregtheid dien, word gemerk as eiendom van God. Dié wat met God se seël gemerk is, is God se eiendom en word deur Hom bewaar. Dit dui aan hoe belangrik die gelowiges vir die Here is. Seël = Naam van die Lam en sy Vader. (Op 14:1) 'n Seël is ook op 'n dokument aangebring om die inhoud daarvan te waarmerk en te beskerm. Onderskei dié seël van die merk van satan in Op 13:16.

- Op 2:24-28 (Veral v 28)
- Op 22:16
- Mal 4:2

Hy is niemand anders nie as Jesus Christus self, die Engel van die Here (OT) nie … Hy kom uit die ooste vanwaar die son opkom. Die ooste is die rigting waarin die paradys geleë is. (Gen 2:8; Gen 3:24) Die sterrekykers uit die ooste het berig gebring dat die Christus gebore is (Matt 2:1). Die Jode het die Messias uit die ooste verwag. 'n Engel uit die ooste bring nou 'n goeie boodskap vir die gelowiges. Hy is die blink Môrester (Op 2:28; 22:16), Hy is die Son van Geregtigheid (Mal 4:2). As Jesus verskyn is dit dagbreek en kom die son/lig van redding tot by die mense wat aan God behoort.

En Hy kom al van die paradys af toe die moederbelofte gegee is. Hy kom verseël al die uitverkore kinders van God (OT en NT) met sy bloed. Hy dra die seël/seëlring van God (Op 3:7 - Hy dra die sleutel van Dawid). Hy het hierdie gesag verdien en toe van die Vader ontvang (Hemelvaart ; Op 5), deur sy gehoorsaamheid aan die kruis.

Stelling: God se LIEFDE (geduld) hou Sy ALMAG in toom

- 2 Petr 3:8 + 9 die motief vir God se geduld:
  - Hy wil almal red
  - Wag dat die mens sy verantwoordelikheid om hom te bekeer, nakom
- Hy kon egter uit regverdigheid al gekom het. Die tyd waarin ons leef is dus **genadetyd.**

Mense se 'hoekom vrae' is eintlik selfsugtig:

- Wie anders moes dit dan oorkom?
- Want pes en ellende SAL ons oorkom…..

Alleen deur die **verseëling** maak ons dit in hierdie stukkende wêreld.

3. Wat beteken die verseëling van die gelowiges?

Verseël het veral drie moontlike betekenisse in die Bybel:

1. Beskerming/geheimhouding: Hooglied 8:6(a), Op 5:1, Dan 6:18 en Matt 27:66
2. Teken van eiendomsreg: 2 Kor 1:21-22
3. Waarmerk van egtheid en sekerheid: Ef 4:30

Dit kan ook verwys na volmag en gesag: Gen 41:42, Ester 3:10; 8:2

Gelowiges kry hierdie drievoudige verseëling:

1. **Vader** gee ons sy beskerming (ons is veilig in sy genadesorg)
2. **Seun** maak ons sy eiendom deur ons te koop met sy kosbare bloed
3. **Heilige Gees** gee ons opnuut sekerheid dat ons kinders van God is (Rom 8:16)

4. Watter betekenis het die getal van verseëldes? Hoe vergelyk dit met die die "getal" wat in Op 7:9 genoem word?

Uit die vergelyking kan ons reeds verstaan dat dit ‘n simboliese getal moet wees en nie letterlik net 144 000 nie. Ons sou dit so kon interpreteer:

- 12 stamme (OT kerk) en 12 apostels (NT) - dus alle gelowiges voor en na Christus - 12x12 = 144 (Ook: [3x4] x [3x4] x [10x10x10]. 3 x 4 dui op die genadewerk van God in die wêreld.)
- Die getal duisend toon ‘n menigte aan wat volledig is soos ‘n kubus (10x10x10). Dus ALLE gelowiges oor alle tye.
- Die 12 stamme van die geestelike Israel (Rom 9:6).
- Die heilige algemene Christelike Kerk (Gal 6:16)
- Die verbondsvolk van God.
- ‘n Groot getal!
- Die hele kerk. Die strydende EN triomferende kerk.
- Almal word verseël sodat geeneen verlore sal gaan nie. God sal Sy verbond bewaar.

Doop maak nie salig nie, maar beteken dieselfde

- God verbind Hom aan jou = verbond
- Die Almagtige God verbind Hom aan jou en nou is daar ‘n verhouding
- Die verseëling kom nou van God, deur Jesus Christus en die Heilige Gees
- Die doop herinner dus aan Sy verbond, met ander woorde die verhouding met Hom
- Die doop maak dus nie salig nie, maar die geloof!!
- As jy nie glo nie, al is jy gedoop, kan jy in die hel land…

5. Wat leer ons uit die name van die 12 stamme wat genoem word?

Die stam van **Juda** staan nou eerste en nie Ruben nie. Juda word eerste genoem, want Messias kom uit Hom. (Op 5:5; Matt 1:1-17; Luk 3:23-38; Rom 1:3-4; 2 Tim 2:8) Benjamin word laaste genoem. Saam met Juda omsluit hulle al die ander stamme. Die 12 stamme wys op die verbondsvolk. God het die Jode nie verstoot nie (Rom 11:1). Dit sluit ook christene uit die heidennasies in. Die kerk is dus verseker dat God haar in die oordeel sal bewaar.

Dan en Efraim word nie genoem nie. Levi en Josef word in hulle plekke genoem. Levi was die priesterstam en het nie grondgebied gehad nie. Hulle het in die tempel gewerk. Nou word ‘n plek aan hulle toegeken as beloning vir hulle getroue diens. Josef is voorheen nie as stam getel nie, omdat sy seuns, Efraim en Manasse, daar was. Manasse is ingesluit in die plek van Dan (Eks 1:2-5). Josef kom nou in die plek van Efraim. Dan het in afgodediens verval (Rigt 18:30; 1 Kon 12:29) en Efraim het afvallig geword (Ps 78:9, 10, 67). **Dan** staan vir die skynheiliges (ook vir die afgodedienaars en volgelinge van satan) (Gen 49:16-18). Daar sal geen skynheilige in die koninkryk van God ingaan nie.

Die lys is bloot simbolies van die nuwe geloofsvolk van God.

6. Watter troos bied die verseëling van die 144 000 aan ons?

Die 144 000 sal staande bly op die oordeelsdag. Dit verteenwoordig die strydende kerk op aarde. Geen enkele een sal uit die hand van God geruk word nie. (Joh 10:28-29) Die gelowiges word nie van lyding gevrywaar nie. Hulle word wel gekenmerk as eiendom van God wat ewig bewaar sal bly. (Jes 43:1-4)

Ons is sy duurgekoopte eiendom - Goed verseël en beskerm deur die Here. Die oordele van God kan ons geen skade doen nie (vgl Op 2:11). Die trauma van hierdie stukkende wêreld en die hartseer van die gebrokenheid laat ons nie heeltyd vlug of in wanhoop steier nie. Ons het ‘n vaste hoop op God. Ons is verseël…. Daarom is my troos in lewe en in sterwe dat ek aan my getroue Saligmaker Jesus Christus behoort…..wat my gekoop het, vir my sonde betaal het en my bewaar en verseker van die ewige lewe (HK Sondag 1)!!

Bly dus getrou aan die verbond wat God met ons gesluit het (2 Pet 1:10). Soek jou verlossing en saligheid nêrens anders as by Jesus Christus, die Môrester, die Son van Geregtigheid, die Engel van die Here nie! Laat die Heilige Gees jou steeds deur sy Woord oortuig dat ons kinders van God is!

OPENBARING 7:9-17

TEMA - DIE ONTELBARE SKARE

1. Wat is die ooreenkoms tussen die menigte in vers 9 en die 144 000 verseëldes?

Dit is dieselfde mense. Dit is die oorwinnaars: Almal wat deur die eeue aan God getrou gebly het. In die vorige paragraaf lê die klem op die verseëlingswerk (bewaring) van God, terwyl hierdie paragraaf die klem plaas op die **resultaat** van die werk van God: die verlostes uit alle nasies en hulle geloof en vreugde in Christus. God beloof nie net om sy verbondsvolk te bewaar nie… Hy doen dit ook. Hy is getrou - hier staan hulle nou voor die troon! Ons sien die gelowiges nou in die hemel.

Johannes sien wat God voorberei het vir dié wat die stryd volgehou het. Dit is nou die beeld van die triomference kerk in die hemel. Dit is 'n blik op die hemel na die voleinding. Dan is die verlostes ingesamel en die profetiese woorde van 1 Kor 2:9 vervul. Die Lam is op die troon. Die gelowiges (kekr) staan voor die troon en die Lam.

2. Wat leer ons uit die verskeidenheid van mense voor die troon?

- Matt 28:19
- Hand 2:38
- Rom 10:13

Hulle is uit alle volke, tale en nasies. In die Ou Verbond het God met Israel alleen gewerk. Na Christus rig God 'n Nuwe Verbond op en wend Hom tot alle nasies (Matt 28:19). Hulle het almal toegang tot die troonkamer van God en staan voor die troon en voor die Lam! God maak geen onderskeid tussen mense nie – wie glo en hom laat doop, sal gered word (Hand 2:38; Rom 10:13).

Die belofte aan Abraham dat sy nakomelinge so ontelbaar soos die sterre sou wees (Gen 15:5) of soos die sand van die see (Gen 32:12) is vervul. Maar, let wel: Die verlostes kom uit alle volke, nadat die evangelie aan alle volke verkondig is. (Matt 24:14)

3. Wat is die sleutel tot hulle "sukses"?

- Op 7:10
- Hebr 10:19-20
- Ef 2:8-9
- Rom10:9

Hulle belydenis sê dit alles: "*Ons redding kom van ons God, wat op die troon sit, en van die Lam*!" Christus is die enigste Weg na die troon van God. Hy het die voorhangsel weggeskeur en 'n nuwe pad oopgemaak (Heb 10:19,20). Christus is genoegsaam!

4. Wat doen hierdie mense voor die troon?

Hulle vier 'n fees. Die Lam se bruilofsfees het aangebreek.

Wit klere: Feesklere, gewas in die versoeningsbloed van Christus. Geen kommer oor sonde meer. Teken van hulle reiniging en heiliging. Die bloed van Christus is gestort tot vergifnis van sonde. Elkeen wat vergifnis deur geloof toe-eien, ontvang vryspraak en as teken die wit klere van die hemelinge. Slegs diegene wat in die regte verhouding met God staan, kan die wit klere dra.

Vgl ook:

- Jes 64:6
- Eks 19:10
- Jes 1:18
- Rom 3:21-26
- 1 Kor 6:11
- Heb 9:14
- 1 Joh 1:7

Palmtakke – feesgebaar, teken van oorwinning en aanbidding (Mark 11 - Jesus se intog).

- Markus 11
- Lev 23:40
- Joh 12:13
- Matt 21:9

Die hemelse skare is hier saam in een groot feesviering.

Die vraag en antwoord in vers 13 herinner aan Esegiël se visioen oor die vallei van die doodsbeendere (Eseg 37:2; Sag 4). Hierdie mense kom uit groot verdrukking. Hulle het dwarsdeur die tyd van lyding getrou gebly. (Op 3:10; Dan 12:1; Matt 24:21; Mark 13:19)

5. Waarom is hulle vreugde so groot?

7-voudige lofverheffing:

- Lof en heerlikheid
- Wysheid
- Dank en eer
- Mag en sterkte

behoort aan God.

Die redding van die gelowiges is moontlik gemaak, selfs al het dit menslik onmoontlik gelyk! Die verseëling van die kerk is bewaarheid. God het sy kinders bewaar teen die winde (Op 7:1) van sy oordele (ses seëls) en sal hulle dus steeds bewaar. Kan jy dit ook vandag nog glo?

Kyk hulle kom uit die groot verdrukking! Hulle het skuiling gevind, nie in die heuwels en rotse nie, maar Jesus Christus is die **Anker** teen die storms van God se oordele. Hy is die **Rots** waarin ons skuil. Christus is dus groter as die grootste aanslag! Hulle dien God voor die troon sonder ophou. Hulle lewe nou naby God.

Die trane van hierdie stukkende wêreld is afgevee, vir goed verby! Die Lam word Herder! (Eseg 34:23; Ps 23:1; Joh 10:11) Alles wat hierdie wêreld so ondraaglik maak sal verby wees - honger, dors, hitte, ens. (Op 21:3-5). Hy gee aan hulle die ewige lewe en droog al hulle trane af. Versadiging in 'n geestelike sin van honger en dors na wat reg is (Matt 5:6), want by Jesus Christus is daar nie meer honger/dors nie (Joh 6:35; Jes 49:10). Die behoeftes wat ons op aarde ondervind, word relatief in die volmaakte teenwoordigheid van God.

6. Wat is die opdrag van hierdie troosvolle hoofstuk?

- Fil 1:6

Glo in Jesus Christus. Laat jou vuil klere bleik in die bloed van die Seun! En wuif die takke van vreugde en moenie toelaat dat die hartseer van die wêreld jou lewe oorheers nie. Ons is mos deel van die gelowiges…. en ons SAL daar wees…. en daar sal vreugde wees….! Laat dit nou reeds begin! Weg met die **negatiwiteit** en **swartgalligheid**!!!

Inhoud met erkenning aan:

- Ds Maarten van Helden: Bybelstudienota's
- Nelly Silvis: Bybelstudienota's
- Verklarende Afrikaanse Bybel
- Bybel in Praktyk
- Dr B Duvenhage: *Van Stryd tot Oorwinning*
- *Die Openbaring van Johannes:* Dr EP Groenewald

OPENBARING 8:1-5

TEMA: DIE HEMEL WAG VIR DIE AANBIDDING VAN DIE KERK

1. Waar plaas ons die paragraaf in die geskiedenis en in die konteks van die boek Openbaring?

Die sewende seël word vanaf Op 8-22 in detail behandel. Dit lyk dus asof ons net so 'n vinnige kykie gekry het deur die eerste 6 seëls, asof ons net daardeur geblaai het en dan 'n diepte insig kry oor die sewende seël, die allerlaaste dinge. In die 7e seël gaan dit in hoofsaak handel oor die dinge voor, tydens en na die oordeelsdag van God. Die oopmaak van die 7de seël is die inleiding tot 'n nuwe reeks oordele, die 7 trompette. Nou het ons senuwees van staal nodig! Op 8:1-5 is dus die inleiding tot hierdie geweldige openbaarmaking van die laaste dinge.

2. Wat beteken stilte in die hemel vir 'n halfuur?

As ons die oordeelsdag sou beskryf as 'n naderende storm, dan het ons hier te make met die stilte voor die storm! Dit is 'n spanningsvolle en onheilspellende stilte. Alles in die hemel kom tot stilte – dit sou die lewende wesens, ouderlinge, die siele onder die altaar, die lofsange van die hemelse skare, engele en God, die Lam, selfs insluit. Dit is asof alles eers vir iets wag om te gebeur. Dit is asof selfs die hemel en die hemelinge die asem inhou uit onsteltenis, ontsetting en verslaentheid oor die strafgerigte van God wat nog oor die wêreld sou kom.

'n Halfuur is nie lank nie, maar weens die geladenheid van die spanningsmoment is dit wel 'n halfuur wat lank voel. Dit dui op die oorweldigende indruk van verslaentheid en ontroering. Die eindtyd is dus na ons gevoel lank, maar in die hele raadsplan van God, vir wie 'n dag soos 'n duisend jaar is (Ps 90:4; 2 Pet 3:8), is dit eintlik bitter kort.

3. Joh 16:16 *"Nog 'n klein rukkie, dan sien julle My nie meer nie; en weer 'n klein rukkie, dan sal julle My weer sien."*

Die troosvolle evangelie (goeie nuus) van hierdie verposing, aarseling, afwagting van die hemel, is daarin geleë dat die oordeel van God ook 'n genademoment insluit. God wag met sy oordeel en daarin lê daar 'n genade-oomblik vir die mens om sy roeping te vervul. God stel sy oordeel nie sondermeer uit nie – 2 Petrus 3:8,9. Hoe lank is die tien dae van Op 2:10? Die genade sit ook nog daarin dat hierdie tyd nie onbepaald voortduur nie, want dit hou ook bitter swaarkry in – dit is gemeet en getel en bepaal deur die voorsienigheid van die almagtige God! Dit gaan verby!

Wat is die rede vir hierdie verposing en hoe sou ons dit deur die loop van die geskiedenis kon sien waar word dat God nie dadelik sy oordeel voltrek nie? (Matt 23:34)

4. Wat is die bedoeling van hierdie verposing in die hemel?

Twee dinge gebeur in hierdie halfuur:

1. Die engele maak in opdrag van God gereed vir die blaas van die basuine/**trompette**. Basuine kondig die oordele van God aan. Hulle maak gereed vir die voltrekking van die oordele. Sewe engele met trompette. In volle krag kom die oordele van God.

2. Die offer van die **wierook** op die goue altaar. Hierdie wierookoffer kan op twee momente uit die tabernakeltyd dui: Die daaglikse wierookoffer op die wierookofferaltaar in die Heilige, wat elke oggend en aand tydens die versorging van die kandelare gebrand moet word (Eks 30:1-10,34-38), of die handeling tydens die Groot Versoendag as die hoëpriester met 'n vuurpan en wierook in die Allerheiligste moet ingaan (Lev 16:11-13) en voorbidding doen vir die volk.

Die vuurpan bevat vurige kole en wierook en dra (simboliseer) die gebede van "al die gelowiges", die heiliges. Die gebede word dus skoongebrand deur die genade van God. 'n Gebed wat nie in die Naam van Christus is nie, is *per se* immers 'n "mislukte gebed". (Rom 8:26) Dus gelouterde gebede. Gebede wat uitloop op die vervulling van die Raadsplan van God, want daarna word die kole op die aarde uitgegooi en so breek die oordeelsdag aan – dreuning en donderslae (vs 5).

Goud = kosbaarheid van die inhoud van die bak. Dit dui ook op die kosbaarheid van die gebede van die gelowiges.

Daar is nou ook 7 engele (onder wie Migael en Gabriël) voor God – besondere dienaars van God. Aan elkeen is 'n trompet gegee. Die engel wat die gebede offer is nie een van die 7 nie. Die trompet is die teken van die laaste oordeel.

- Matt 24:31
- 1 Kor 15:50-52
- Jes 27:12-13
- Joël 2:1
- Sef 1:14-16
- 1 Tes 4:16-17

Die verskyning van die 7 engele met trompette verhoog die verwagting dat die einde gekom het. Tog is daar weer 'n onderbreking tot troos van die gelowiges.

5. Sit daar betekenis in die woorde: Die rook het saam met die gebede opgestyg voor God?

Dit gaan hier oor die verhoring van die gebede van die heiliges. Gelouter deur die genade van Christus en deur die heiliging van die Gees word ons gebede verhoor! God luister ter wille van sy Seun na die roepstem van sy kerk soos Hy geluister het na die klag van sy volk in Egipte!

6. Hoe word die gebede van die gelowiges verhoor?

Die gebed van God se kinders het 'n geweldige plek in die wêreldgeskiedenis. Ons gebede is deel van die wêreldoordeel. Die gebede word verhoor deur omkering van die vuurpan met kole en bring die dreunings en donderslae wat van die troon kom. Stelselmatig kom die eerste trompette aan die orde en 'n derde van die skepping word verwoes!

Gebede is dus altyd in wese 'n gebed vir die wederkoms - maranata – die tema van Openbaring is immers die koms van ons Here Jesus Christus en Hy kom as Regter en Verlosser. Hy verhoor ons gebede en antwoord ons noodroep deur sy oordeel oor die aarde te laat geld wat skeiding bring tussen gelowiges en goddeloses (Rom 8:19). Miskien moet ons weer ernstig besin oor die inhoud van ons gebede wat dikwels so selfsugtig kan wees.

7. Wat is die gevolg van die gebede in Open 8:4,5?

Die kolebak word omgekeer. Die gebede (volle toewyding en diens aan God) is 'n vraag om die voleinding wat moet kom en dan gebeur dit! Die oordele van God oor die aarde breek aan. Jesus Christus kom! Ja, kyk Hy kom met die wolke! Hy kom as Verlosser en Regter-Koning! **Hy bring oordeel en vrede tegelyk**. Die sewende seël het aangebreek. Geen noodlot of toevallige ontploffing van kernbomme nie… maar uit die hand

van Hom, die Lam wat op die troon gaan sit het, kom die oordele van God, as antwoord op die gebede, die noodroep van die kerk van Christus.

Die kerk en sy gebede is in toekomsverwagting! Ons moet in nood bly - om te kan uitsien….

- Op 8:5b (Ou Vert) - ..daar het stemme gekom…

MAAR

- Rom 8:18

8. Hoe sal u hierdie gedeelte toepas tot 'n troos en 'n vermaning?

God oordeel nie sondermeer nie, maar is geduldig oor ons en wil dat ons ons moet bekeer. Daar is dus 'n verposing as GENADETYD en moet deur sy kerk gebruik word om te bid. God wag dus op die aanbidding van sy kerk op aarde. Hy wag op die gebede van die gelowiges en soek opregte gebede wat soos wierookoffers is. Ons gebede word gelouter deur die offerwerk van die Lam as ons Hoëpriester en word verhoor om sy Naam ontwil. Is my aanbidding opreg? Is dit gelouter deur 'n ware geloof in die verdienste van Christus? Is die kerk nog besig met ware aanbidding?

Die vermaning hierin is dat die oordeel aan die kom is. Die tyd (halfuur) gaan verby en die oordeel kom beslis… dit is nou die tyd vir bekering, anders mag dit dalk te laat wees!

Is ons kerklike lewe en geloof nog waarlik wierook wat vir die Here aanneemlik is?

- 2 Kor 2:15
- Op 5:8

OPENBARING 8:6-13

TEMA - DIE HALFUUR GAAN VERBY!

1. Hoe kan ons die sewe trompette/basuine indeel?

- Die **eerste vier** benadeel die mens liggaamlik. Dit dui rampe aan wat die aarde in die TYD tref, die tyd wat die wederkoms en oordeelsdag voorafgaan. Dit loop parallel aan die eerste 4 seëls en die apokaliptiese ruiters.
- Die **laaste drie** bring geestelike wroeging. Drie uitroepe van "wee," van nood en pyn en smart. Hier word die sondige mensheid getref.

Na die eerste 4 trompette volg weer 'n tussenstuk (Op 10:1-11,14) van bemoediging. Die 7de trompet bring weer 'n loflied in die hemel. (Op 11:15-19). Voorheen is 'n ¼ van die aarde gertef. Nou word 'n 1/3 getref. Daar is dus 'n toename in omvang.

Die hoofsaaklike doel van die trompette is OM TE WAARSKU dat die oordeel 'n werklikheid is. (Ook: Om die magte van God en die bose tot die stryd op te roep en om die terugkeer van die Messias aan te kondig.) Daarom is daar 'n ooreenkoms met die seëls van Openbaring 6. Die sesde seël verwys ook na die kosmiese verskrikking.

Ons moet seker maak dat ons geloof in Christus sterk en vas is.

Let weer eens op: Daar is nie 'n chronologiese volgorde van gebeure nie. Die seëls en die trompette verwys na dieselfde gebeure. Dieselfde diamant vanuit verskillende hoeke beskou.

2. Wat beteken die vier trompette?

Die EERSTE trompet dui rampe op land aan.

Hael en vuur, gemeng met bloed, verbrand die aardkors en dit wat daarop groei. Hier kan ons dink aan droogtes en vloede, bosbrande, ontbossing en grond-erosie en woestyne wat oorneem. Dink ook maar oor die gevolge van chemiese afval en radioaktiwiteit. Die gevolge van die *Tsjernobilramp* is veel groter as wat in die openbaar bekend gemaak is. Die aarde word hierdeur letterlik verbrand! Die gevolge van oorlog en sy verwoesting gaan hiermee gepaard. Vandag leef ons weer onder dreigemente van kernbomme en chemiese oorlogvoering! Verskriklike rampe wat die mens en sy woonplek tref. En as die groenigheid sterf, sterf die mense, want ons leef van hierdie aarde en sy voedsel.

Vergelyk die 7de plaag: Hael en vuur (Eks 9:23-25) met bloed gemeng (Eseg 38:22; Joël 2:31). Dit is onduidelik wat met 'bloed' bedoel word. Dit kan verwys na 'n die kleur van die lug (bloedrooi) of na brand en bloedvloeiing op aarde. Omdat die 1ste 4 trompette natuurrampe aankondig en nie spesifiek op die lyding van die mens gefokus is nie, is dit waarskynlik nie bloedvergieting nie.

Die TWEEDE trompet spreek van rampe op see.

'n Brandende berg word in die see gegooi en die seelewe en die skepe en die mense daarop word gedood. Kyk hoe groot is die lys van hierdie rampe wêreldwyd! Oliebesoedeling en brandende oliebore – kernbomme wat in die diepsee 'getoets' word. So bring ook hierdie trompet verwoesting en eis die see ook sy deel van die dooies op! Kyk Op 20:13.

Vergelyk die 1ste plaag. Eks 7:19-20; Jer 51:25.

Die DERDE trompet kondig aan dat 'n ster van die hemel val en die waterbronne beskadig.

Ook hierdie oordeel oor die landwaters is handelinge van God. Ons lees van oorstromings en gepaardgaande epidemies. Na die atoombom op *Hirosjima* het die radio-aktiewe water baie se dood veroorsaak (1945). Ons hoor en sien die besoedeling van ons waterbronne (bv. industriële vergiftiging).

- Klaagliedere 3:19
- Jer 9:14-15
- Eks 15:23-25
- Matt 27:34

Die ster se naam is ALSEM (Bitterals) – 'n bitter krui wat nie noodwendig giftig is nie. Dit maak die water ondrinkbaar en bring dood en bittere lyde onder die mense. (Vgl. die ellende met Kl 3:19; Jer 9:14-15). Vergelyk dit met die bitter water by Mara in die woestyn (Eks 15:25) en hoe die volk kla en murmureer. Na hulle verootmoediging het die Here dit weer drinkbaar gemaak. Jesus het ook bitter water, asyn met gal gekry om aan die kruis te drink (Matt 27:34).

Die VIERDE trompet dui op die versteuring van die sonnestelsel.

God gebruik ook hierdie geweldige hemelkragte om die mense te oordeel en te straf. Sterre word uit hul bane geruk en die die son en maan se diens aan die mens word versteur. Die weersomstandighede word versteur, ens. Hier kan ons ook maar dink aan die gat in die osoonlaag wat vir ons aarde nog baie probleme gaan besorg! God se toorn laat ons lig dowwer word, soos die son wat ophou skyn tydens die drie ure toe Jesus aan die kruis gehang het (Matt 27).

Vergelyk die 9de plaag. (Eks 10: 21-23; Amos 8:9)

Hierdie dinge kom voor oor die hele spektrum van die geskiedenis en die mens kan dit nie ontvlug nie. Rampe wat groot hartseer en kommer oor ons ou wêreldjie bring. Rampe waarteen die mens eenvoudig magteloos staan. Hierdie oordele moet die mense op aarde waarsku. Wanneer die 3 ander trompette blaas, sal die mense op aarde getref word.

Ons moet hier erken dat ons nou baie vrae het. Waarom tref dit alle mense? Waarom sulke verskriklikhede? En ons vrae bly net by vrae! Ons verstaan hierdie optrede van God nie en kan ook nie alles uitpluis nie. Die feite word gegee sonder veel verklaring, sodat ons dit kan KEN en nie noodwendig begryp nie.

- Rom 8:22 (die mens sug ook)

3. Hoe stem hierdie beskrywing ooreen met die plae in EGIPTE?

- Hael en vuur het die land verwoes...
- Sprinkane het die groenigheid opgevreet..
- Water het bloed geword...
- Duisternis vir drie dae...

1. **Plae** wat die **mag van God** ten toon gestel het aan die heidene van Egipte.
2. **Plae** wat as **straf** en **waarskuwing** moes dien vir hulle wat die volk van God verdruk het.

Die plae raak nou die hele skepping en nie net een land nie. Die heidense wêreld word in Op 11:8 sinnebeeldig "Sodom en Egipte" genoem. Hierdie rampe dien as die plae van God om hulle te **waarsku** dat hulle teen die Almagtige God sondig. Hierdie trompette (plae) is net **meer** vreesaanjaend as die plae van Egipte. Soos die plae nie die Israeliete getref het nie, kan die gelowiges verseker wees van bewaring wanneer die goddeloses getref word.

So stuur God sy oordele NOU REEDS oor die wêreld as 'n voorbeeld van dit wat kom in die GROOT OORDEELSDAG van God.

4. Wat beteken dit dat die arend roep "wee,wee,wee…"?

Wat ons nou gelees het, bring groot huiwering by 'n mens teweeg. Vier trompette het geblaas en geweldige rampe oor die wêreld van die mens gebring - die **land** en die **see** en die **water** en die **sonnestelsel** is verwoes. Dit bring vir die mense **fisieke** pyn en lyding omdat die oordele van God sigbaar word in die gebrokenheid van die kosmos.

Wat die volgende trompette berig en laat gebeur is egter nog erger! Die diaboliese (duiwelse) verskrikking word oor die aarde losgelaat - dit bring vir die mens **geestelike** pyn en lyding. Dit gaan dus oor die oordele van God wat ons op die **vlak van ons geloof** sal treiter en die geestelike nood van die mensdom sal verhoog. Arendsvlerke het egter te make met geloof:

- Deut 32:11-12
- Jes 40

5. Waarom tref die rampe ons ook en nie net die goddeloses nie?

Die plae het soms ook die Israeliete getref.

- Daardeur moes ook hulle leer.
- Hulle moes ook die mag van hul God sien.

Hulle moes ook beleef met watter groot mag die Here hulle uit Egipte bevry het. Vir die **ongelowiges** bring dit net **benouing** en **verskrikking**. Hulle sug in **ellende** en **moedeloosheid**. Vir ons herinner dit aan die **mag** van God. Ons leer elke keer daaruit dat die einde kom! Ons sug in **verwagting met hoop**!! So hoor ons in al die nuusflitse en lees ons in elke koerantberig dat die HERE KOM!!!

As God dan vir ons is, wie kan dan teen ons wees? Niks kan ons skei van die liefde van God nie - ook nie die verskrikkinge van hierdie wêreldgebeure nie. Maar let op telkens word **net** een derde van alles getref (minder as die helfte)! Dit is nog slegs 'n gedeelltelike oordeel. Die volle omvang van God se toorn moet nog losbars. Dit getuig net weer van God se genade! Jesus Christus bring met al hierdie dinge net opnuut die boodskap aan sy kerk: Bekeer julle en hou julle rein van die wêreld, want die einde is in sig!

Gelowiges sien dit as die 'tugtende' en ongelowiges as die 'strawwende' hand van die Here.

Die Here het sy weë aan ons bekend gemaak. Hy gaan dit nog verder doen. Daarom sien Johannes 'n arend wat in die lug sweef (hoog en hy sien ver in die toekoms in - perspektief) (Arend is ook beskou as 'n brenger van onheil, omdat hy altyd op die uitkyk vir prooi is.) **en hy roep "O wee"! Want die volgende trompette gaan nog 'n veel erger boodskap bring! Die storms sal dus ook oor die gelowiges gaan, maar hulle is verseker van die bewaring deur die God van Ontferming. God sal die gelowiges egter van geestelike skade bewaar. (Op 7:2-3)**

- Jes 40:31
- Hab 1:8

Die arend is simbool van snelheid en verwoesting. Dit voel dalk of ons ook nog moet vra “hoe lank nog?” as ons die onreg in die wêreld sien. Die oordeelsvoltrekking is egter aan die gang. Ons is moontlik ongeduldig, maar God se plan is volgens sy tydsberekening uitgewerk. Ons moet glo en vertrou dat Hy altyd weet wat die beste is. Die finale oordeel kom. Daarvan kan ons seker wees. God waak self oor sy eie eer en oor reg en geregtigheid.

Inhoud met erkenning aan:

- Ds Maarten van Helden: Bybelstudienota’s
- Nelly Silvis: Bybelstudienota’s
- Verklarende Afrikaanse Bybel
- Bybel in Praktyk
- Dr B Duvenhage: *Van Stryd tot Oorwinning*
- *Die Openbaring van Johannes:* Dr EP Groenewald

OPENBARING 9:1-12

TEMA: DIE VYFDE TROMPET – DIE EERSTE 'WEE'

Wanner die 5de engel op sy trompet blaas, kom die 1ste 'Wee' oor die mense. Hierdie trompet sluit by die 8ste plaag in Egipte aan (Eks 10:4).

1. Wat is die betekenis van die GEVALLE STER?

- Luk 10:18
- Op 12:9
- Job 1:6

In hierdie visioen sien Johannes dit wat Jesus self beskryf het in Luk 10:18 *"Ek het die Satan soos 'n weerligstraal uit die hemel sien val".* Vgl. ook Op 12:9. Hier is dus sprake van die Satan self, die vors van die duisternis, wat mag het oor demoniese en helse geeste... Hy wat lank gelede uit die hoë staat van "engel-wees" en onder die "seuns van God" getel het (Job 1), geval het tot duiwel - tot satan - die teëstander van God. Aan hom is die sleutel van die skag van die onderaardse diepte gegee. God gee die magte en bevoegdhede. Hy is in volle beheer oor die verloop van die gebeurtenisse. Satan en sy helpers kan alleen deur toelating van God die mense teister. Satan is die koning van die onderaardse diepte (v 11).

Onderaardse diepte = Verblyfplek van satan en sy helpers, die bose geeste, onder die aarde. Daarvandaan is daar 'n skag na die aarde toe.Die bose geeste smeek Jesus om hulle nie daarheen terug te stuur nie (Luk 8:31).

- Jes 14:12-17.

Babel is hier beeld van die duiwel self. Slegte sedelose verval en wêreldsheid vergelyk met die val van die duiwel. Die duiwel na-aap Christus…Vergelyk met 'New Age beweging' – wil die god in jouself ontdek…?! Oeroue sonde – dit het al in die paradys begin – die mens wil soos God wees.

Aan hom (gevalle ster) word die sleutel gegee oor die afgrond waar die duiwels woon - die skag na die onderaardse diepte (nie letterlik onder die aarde nie). **Die duiwel kry die mag**, die sleutelmag! Hierdie mag kry hy van God – God bly in beheer!! Vgl hoe God aan satan beperkte mag gee oor Job (Job 1 en 2).

2. Wat gebeur as die duiwel sy sleutel gebruik?

As die duiwel die skag oopsluit, styg daar rook op soos uit 'n groot oond – loslating van die bose magte (Gen 19:28). Hier kan u dink aan die beeld van 'n vuurspuwende berg in aksie. Die blouswart rookmassa's verduister die son en verdonker die lug (Joël 2:10). Die bose ontketen nou die toppunt van sy donkere boosheid en sy gevolge - die sondewalms en stinkende dampe van onreg. Dit herinner aan die verwoesting van Sodom en Gomorra. (Gen 19:24-28)

'n Duiwelse atmosfeer van boosheid en goddeloosheid oordek die aarde op so 'n geweldige wyse dat die donkere swaarmoedigheid die mens oorval. Dit ontneem die wêreld die lig van hoop en geluk. Dit verstik die mens en vergiftig sy lewe met 'n gees en atmosfeer van mislike onreg en gruwelike boosheid.

Gevolglik raak die mens:

- Swartgallig
- Mismoedig
- Bedruk
- Gemoed verdonker

3. Wat is die betekenis van die sprinkaanplaag?

Die visioen ontwikkel verder en neem toe in sy vreesaanjaendheid. Uit die rook kom 'n sprinkaanplaag. Vergelyk die 8e plaag.

- Eks 10:4;12 (1-20)
- Profesie in Joël 2:1-10 – Joël beskryf 'n sprinkaanplaag as voorloper van die 'Dag van die Here.'
- Joël 1:4
- Nah 3:15.

Dis nie gewone sprinkane nie, want hulle eet nie gras nie (tree teen die aard van sprinkane op), maar sprinkane met die mag van skerpioene - om mense te steek en te pynig. En hulle pynig die wat vir God nie ken nie - almal wat nie die seël op hul voorkoppe het nie, nl. die goddeloses. Hier gebeur dieselfde as met die plae van Egipte – sommige tref nie die volk van God nie. Hierdie sprinkane is die **demoniese magte** wat oor die aarde losgelaat word om die mense te treiter en hul lewe nog verder te versuur. Hierdie dien as bevestiging dat God die mense wat sy merk gekry het op 'n besondere manier sal beskerm wanneer sy oordele oor die goddeloses gaan.

Vanaf vers 7 word hulle in besonderhede beskrywe (lyk soos eskader gewapende helikopters!) Hulle het die voorkoms van sentaure (perdmense – bolyf = dié van 'n mens en onderlyf = dié van 'n perd):

- Soos perde gereed vir oorlog. **Dreigend** is hul houding.
- Op hul koppe is daar goue krone. Nee, dit het "gelyk" of dit goud is. Dus is dit **nie eg nie.** Die duiwelse magte is hierin soos hulle koning - in voorkoms glansryk en vol kragvertoon, maar in die werklikheid is hulle glansloos en kragteloos **- ondergeskik aan die almag van God!** Hulle koning word in Hebreeus "Abaddon" en in Grieks "Apollion" genoem. Beide name beteken **verderwer** of verwoester. In Afrikaans genoem: Duiwel - verdeler, verwoester! (Vgl Job 31:12; 26:6; 28:22; Ps 88:12; Joël 1:6). Dit gaan hier oor die werk van satan en sy duiwels in hulle ruimste omvang. God gebruik hulle ook om mense te straf. (Rom 1:24, 26, 28)
- Hulle was selfs aantreklik, ja verleidelik mooi - want hulle het **vroue-hare**! Hulle is egter nie uit op iets moois nie, want hulle het **tande** soos leeus. Hulle wil net verskeur!
- Met die **borsharnasse** wat ratel en die **vlerke** wat ruis soos baie strydwaens, voltooi Johannes sy beskrywing van die gedrogtelike en angswekkende voorkoms van hierdie helse **monsters.**

Hulle is die bose geeste of duiwels. Die mense word deur hierdie plaag getref.

Daarna beskryf hy wat hulle **DOEN**.

- Onder leiding van hul koning Apollion, sal hulle die mense pynig en leed aandoen. Vir vyf maande - die leeftyd van 'n gewone sprinkaan - dus is dit ook 'n afgebakende tyd. Dit sal nie vir altyd aanhou nie. Dus: ook hulle en hul mag is onder die beheer van God. Hy laat toe dat hierdie dinge gebeur en bepaal die tydsduur!
- Hulle pynig die mense (net dié wat nie aan God behoort nie – Profesie van Joël 1) met hul sterte. Dis soos die duiwels maar is. Mooi en selfs aantreklik en verleidelik in voorkoms en vertoon, maar agterna kom die stert! Die angel is versteek om as hy die mens eers in sy mag het hulle te pynig met die aakligste smarte. (Spreuke 30:27). Die pyn wat hulle bring is iets soos gewetenswroeging, ens.

- Hulle sal die mense beroof van alle hoop en geluk en vrede en in die plek daarvan bring hulle haat en paniek en geweld en benoudheid. Donkerheid sal die mens se gees oordek en swartgalligheid en pessimisme sal hul lewensdeel word, elke dag!

Sprinkane is dikwels werktuie van die gerig van God.

4. Wat is die gevolge van hierdie geestelike beproewing van die nasies?

Vers 6 dui die gevolg aan: *"In daardie tyd sal die **mense verlang om te sterwe,** maar die dood sal hulle ontwyk."*

Geloof en hoop en liefde maak plek vir haat en wanhoop en paniekerigheid en wense na selfmoord! Die mens gee sy vertroue in die toekoms prys en leef net vir die dag! Meer en meer mense sal ondervind hoe troosteloos dit is om sonder Christus te lewe. En die duiwelse magte sal hul ondergrondse werksaamhede steeds voortsit en die mense verlei met die gevolge van hopeloosheid en moedeloosheid.

LW: Ons lees nêrens van ‘n geestelike oorlogvoering teen die demone nie. Ons kry wel die wapenrusting – Ef 6.

Daarmee is die 1ste Wee verby (Op 8:12). Nou kom die volgende een. Die hoogtepunt van die verskrikking is nog nie bereik nie.

5. Wat is die boodskap en troos van die vyfde trompet?

Ook hierdie dinge moet plaasvind **VOORDAT** die einde kom. Dit moet gebeur **SODAT** die Here Jesus kan kom!...**EN DAN** sal Hy hierdie "sprinkane" én hul aanvoerder in die poel van vuur werp (Op 20). Daar sal hulle vir ewig verteer word onder die grimmigheid van die toorn van God!

- Op 9:4

Die **troos** lê egter daarin, dat God hierdie dinge nie rig teen sy eie kinders nie. *"Hulle is aangesê om nie die gras... en plante en bome kwaad aan te doen nie, maar net die mense wat nie die seël van God op hulle voorkoppe het nie."*

- Op 7

Die 144 000 verseëldes! Die skare van gelowiges wat deur God bewaar sal word! Dink ook maar aan die volk Israel met die uittog - die **laaste plaag** was die dood van die oudstes... maar dit het by dié verbygegaan wat hulle lewe verseël het met die bloed van die Lam aan die deurkosyne.

As die duiwel hier sy eindpoging aanwend om God se werk te verwoes staan die **beloftes van God se genadige BEWARING vas.**

Geloof sorg dat die pyn nie skade doen nie. Ons is verseël. Ons kan dit wel kry, maar sal nie die ewige pyn kry nie. Die sleutelmag is dus slegs ‘n **beperkte** mag!

- Luk 10:19-20: Die verkondigers van die evangelie het mag oor die bose skerpioene!

OPENBARING 9:13-21

TEMA: DIE SESDE TROMPET – DIE TWEEDE WEE!

1. Wat word in hierdie trompet geteken?

Die storm van sy oordeel bars met die SESDE TROMPET oor die aarde los. Hierdie sesde trompet beskryf **OORLOG…**. 'n Wêreldoorlog! 'n Grootskaalse wêreldoorlog wat die **finale voorspel** word tot die sewende en laaste basuin bars oor die aarde los waarin 'n derde van die mensdom sterf. (Die eindgerig/eindoordeel - Op 11:18). Dit is die tweede "wee."

2. Watter rol speel die goue altaar met die vier horings in hierdie gesig?

Uit vers 13 blyk dat hierdie verskrikking kom as ANTWOORD op die GEBEDE van die kerk! Kyk mooi waar kom die stem vandaan: Die stem kom tussen die vier horings van die goue wierookaltaar af (vgl Op 8:2-5). Dit moet dus van God of sy gesant kom. Kyk na beskrywing van die wierookaltaar in Eksodus 30:1-8. Vgl ook Eks 27:2. In Op 8:4 het die gebede van die gelowiges saam met die wierook opgestyg voor God.

Die kerk bid en God hoor, want Hy sien ons trane en ons lyding. Die Here antwoord met dreunings en donderslae (oordeel). Soos een stem klink die gebed van die aarde na God en roep om vergelding. In Op 6:10 het die martelare onder die altaar ook gebid om vergelding, ter wille van die eer van God. Hier hoor ons dit dus weer: Die kerk se gebede dring daarop aan dat die Here die aarde met sy oordele tref. En dit ontketen 'n storm oor die aarde. Wat 'n geweldige uitwerking kan ons gebede hê! Ons gebede bring die einde nader.

Maar eers moet hierdie trompet sy geweld oor die aarde en sy bewoners bring: Vanaf vers 15 sien ons dit in 'n verskriklike gesig. Die tweede 'Wee' kom oor die sondige mensheid.

3. Hoe verstaan u die rol van die vier engele in verse 14 en 15?

Ons moet teruggaan na Op 7:1 om te sien dat die vier engele oordeel op aarde bring, maar dan eers presies op die regte tyd, want God oordeel nie wispelturig nie. Ook sy oordele is deel van sy ewige raadsplan. Vier is die getal van die aarde/mens… dus verteenwoordig die vier engele die mens, wat hier die mag kry om dood te maak. Ons dink vandag aan die toenemende oorloë oor die hele aarde.

Hulle word losgelaat om een derde van die mensdom dood te maak. Hulle doen dit in 'n groot OORLOG. Hulle leërs is miljoene der miljoene! 'n Ontsaglike menigte! [Die einde kom immers ook met die groot slag van Armageddon: Op 16:16 – Wat sou die verband tussen hierdie twee gedeeltes wees?]

Die Eufraatrivier is die oosgrens van die heilige/beloofde land. (Gen 15:18; Eks 23:31; Deut 1:7; Jos 1:4). Die 4 engele staan dus op daardie grens – eintlik buite die beloofde land. Hulle is nie dieselfde engele wat die stormwinde vashou nie. Dit was beskermende engele. Die engele by die rivier word self vasgehou, omdat hulle demoniese geeste is wat groot onheil oor die mense bring. Die Messias gaan ook van die groot rivier af heers. (Ps 72:8) Aan die een kant van die rivier is die heidendom en aan die ander kant die volk van God. Die volk het die onheil uit die noorde uit verwag – Babilonië en Assirië het hulle van daar af aangeval. (Jer 13:4 ev) So ontstaan die voorstelling dat God sy straf by die Eufraat gebonde hou en dit op sy tyd loslaat. God kan die satan bind (Op 20:2) en die bose magte in diens neem om sy oordele uit te voer. Die bose engele is nie by magte om hulleself los te maak nie. Hulle word deur God teruggehou. Hy laat hulle op die bestemde tyd los. Hulle kan slegs doen wat Hy hulle toelaat om te doen.

Die viertal tye dui daarop dat dit oor die oorloë van alle tye gaan. Daar is sprake van 4 horings van die altaar, 4 engele, 4 tydsbepalings en 4 hoofsondes. Die 4 dui op die skepping, die wêreld en die mensheid. Dit gaan hier in die besonder om die mensheid wat nie aan die roepstem van God gehoor wil gee nie.

4. Wat is die simboliek van die perde en ruiters?

Johannes sien **perde** en **ruiters**. Die 200 miljoen perderuiters dui op hulle ontelbaarheid. Dit word sinnebeelde van die oorlogwapentuig. Hul harnasse is vuurrooi, donkerblou en swaelgeel en uit hul vreesaanjaende bekke (soos dié van leeus) kom vuur, rook en swael. Die perde hou 'n groter gevaar as die ruiters in. Vuur en swael word meermale gebruik om die toorn van God aan te dui. (Gen 19:24; Job 18:15; Ps 11:6; Jes 34:9)

Johannes gee hier 'n voorstelling van yslike oorlogsmasjiene en vuurwapens wat geweldige skade berokken. Mens moet hier miskien in ons terme van oorlog dadelik dink aan gepantserde voertuie, vuurpyle en kanonne wat vuur en swael uitspoeg en die dood saai.

Die oorlogstegniek wat hier simbolies beskrywe word, is beslis die van die moderne wêreld waarin ons woon. Hoe geweldig is die vernietigende mag van die moderne wapentuig! Duisende rande word daaraan bestee. Die mens het sy wetenskap aangewend om gesofistikeerde en chemiese massavernietigende wapenarsenale op te bou - en dit maar net om homself daarmee te vernietig. Die perde se vermoë was in hul koppe en sterte: Hulle koppe wys op die **oorlogspropaganda** waarmee die satan sy geweldige verleidings- en vernietigingwerk voortsit. Die stert sleep **agterna** om diegene wat hy in sy misleiding gevang het, te vernietig.

Jesus het al geprofeteer: *"Julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë. Pasop moenie verskrik word nie. Dit moet kom, maar dit is nog nie die einde nie"* (Matt 24:6). God se oordele is dus ook 'n teken van die naderende koms van Christus. Maar nou profeteer Jesus aan Johannes op Patmos en aan ons sy kerk van 'n grootskaalse wêreldoorlog waarin ons nie net sal bang word nie, maar ook sekerlik in betrokke sal raak en moontlik mag omkom! Oorlog wat die hele wêreld sal raak en waarin miljoene die lewe sal laat. 'n Derde van die wêreldbevolking is tans sowat een of twee BILJOEN! Dink nou maar enigiets soos wat tans aan die opbou is in die Midde-Ooste (Eufraat). En die spanning neem steeds toe. Ook word daar steeds gepraat van 'n dreigende derde wêreldoorlog! Om die minste te sê: Die profesieë gaan steeds meer en meer in vervulling! Desnieteenstaande word die mense nie tot bekering beweeg nie. Afgodery en sedelike verval gaan voort. (Jes 44:9 ev; Rom 1:23 ev)

5. Wat is die bedoeling van hierdie openbaring?

Hier dien die oorlog volgens vers 20 as waarskuwing aan die goddelose wêreld. Die Here is mos lankmoedig en genadig. Hy gee nog 'n **bekeringsoproep.** Hy gee nog 'n kans. Maar hoe tragies staan dit daar geskrywe: "Hulle het hul egter NIE BEKEER NIE"! Ja, selfs nie hierdie verskrikking sal die mense op hulle knieë voor God bring nie. So verhard is die wêreld waarin ons woon. Hulle is soos die farao van Egipte wat na al die plae wat God gestuur het net meer en meer verhard het in sy sonde. Hulle volhard om te sondig teen die wet van die Here.

En kyk hoe vers 20 die sonde teen die eerste tafel en vers 21 die sonde teen die tweede tafel van die Wet beskryf. En so sal dié wat vuil is vuil bly en steeds nog vuiler word (Op 22:11).

Die mens maak sy **eie oorlog** en vernietig daardeur net homself. Egoïsme loop altyd maar uit op selfvernietiging. In plaas van die ware oorlog teen die bose voer die mens sy eie oorlog. Hy wil die hele wêreld as wins verkry, maar verloor in die proses alles (Matt 10:39).

Die ware stryd is egter: **Geloof vs ongeloof.** Met wapens kom selfvernietiging….Met Christus kom die LEWE! *"En as hierdie dinge begin gebeur, staan dan regop en lig jul kop op, want dan is julle verlossing naby" (Luk 21:28).*

Die verkondiging van die evangelie gaan egter voort in hierdie tyd. Voordat die finale oordeel by die blaas van die 7de trompet kom, word gewys op die voortgang van die verkondiging van die Woord. Dit roep mense op tot bekering.

Inhoud met erkenning aan:

- Ds Maarten van Helden: Bybelstudienota's
- Nelly Silvis: Bybelstudienota's
- Verklarende Afrikaanse Bybel
- Bybel in Praktyk
- Dr B Duvenhage: *Van Stryd tot Oorwinning*
- *Die Openbaring van Johannes:* Dr EP Groenewald

OPENBARING 10 (TUSSENGESIG)

TEMA: DIE SOET EN BITTER VAN DIE EVANGELIEDRAERS IN DIE LAASTE DAE - DIE SOET EN SUUR VAN CHRISTENSKAP

1. Wie is die ander sterke engel van Openbaring 10:1-3?

Die engel is 'n boodskapper wat die draer is van die evangelieboodskap. Die beskrywing van die engel dui op die hoë posisie wat hy beklee en die belangrikheid van sy werk. (Vgl Dan 12:1. Die naam van die 'sterk engel' word nie in Openbaring genoem nie.) Hy kom uit die hemel na die aarde soos die evangelie van bo kom. Die wolk en reënboog (genade van God) herinner aan die wolk in die woestyn - teken van die Verbondsgod se troue nabyheid - en is die boodskap vir die verbondsvolk (genadeverbond). Die reënboog herinner aan die natuurverbond met die skepping in die dae van Noag. Helder soos die son en stewig gevestig op bene soos pilare wat dui op die onwankelbaarheid van die evangeliewoord wat in die boekie vervat is. Die beskrywing verleen aan die engel hemelse majesteit. Hy kom uit die teenwoordigheid van Hom wat op die troon sit en van die Lam. Hy het op die see en land gaan staan, omdat die boodskap vir alles en almal geldig is. Sy boodskap raak die hele wêreld.

- Eks 20:4,11
- Ps 98:4,7
- Rom 8:19 en 23

Hierdie engel moet die finale oordeel oor die aarde aankondig. In Op 5 was dit 'n geslote boek met die hele raadsbesluit van God. Hier is dit God se geopenbaarde raad in die evangelie.

2. Hoe verstaan jy die sewe donderslae en waarom moet hulle geheim bly? (vs 4-7)

Die Woord van God is die openbaring oor alles wat ons nodig het om te weet om in hierdie genadeverbond van God te lewe, maar alles in nog nie geopenbaar nie. Die evangelie is dus voldoende alhoewel daar ook steeds geheimenisse bly. Veral die openbaring oor die laaste oordele van God is steeds 'n misterie (Vgl Dan 12:4,9). Daar is dinge wat geheim moet bly. Wat God geopenbaar het, is genoegsaam vir ons redding. Daar bly nog die ondeurgrondelike en onnaspeurlike *"diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God"* (Rom 11:33) en iemand wat deur die Gees meegevoer is, kan woorde hoor "*wat die mense nie kan of mag uitspreek nie"* (Vgl 2 Kor 12:2-4). Met die laaste trompet sal alles duidelik word en die skeiding tussen die kinders van God en die goddeloses sal aanbreek (vgl Rom 8:19-23).

Die stem van die Here word ook met 'n donderslag verbind. (Ps 29 – 'Stem van die Here' kom 7x voor; Joh 12:28-29). Die donderslae en brul van die leeu (Hos 11:10) verwys na die spreke van God. (Amos 1:2, 3:8; Joël 3:16) Die engel kondig aan dat God se raad (verborge bedoeling) in vervulling gaan.

V 5: Ophef van regterhand is die normale houding by die aflê van 'n eed. (Gen 14:22; Deut 32:40; Dan 12:7). Alles wat gebeur of bestaan in tyd en ruimte word tot stand gebring en bepaal deur die ewige, almagtige God. Wat God wil, kan Hy doen. Die engel is 'n boodskapper van Hom om te verklaar dat daar nie meer tyd oorgebly het nie, want die oordele van God is besig om in uitvoering te gaan.

V 7: Alle professieë sal vervul word wanneer God se plan vir die mensdom ten volle geopenbaar word. Dit sal beteken dat die einde van die tyd aangebreek het.

3. Wat is die klein geopende boekie?

Die boekie verteenwoordig die hele evangelie, maar word hier geteken as 'n klein "boekie" in teenstelling met die wêreldmagte en hulle verwaande magsvertoon. Op die oog af lyk die boodskap van die evangelie nietig en onaansienlik te wees. (Jes 53 – die boodskap is nie aangaande 'n heldefiguur nie, maar die Man van Smarte). Die boekie is oop – dis bedoel vir bekendmaking (hfst 11). Al is dit klein, is dit belangrik. Dit bevat 'n boodskap uit die hemel vir die kerk van Christus op die aarde in die tyd van groot verdrukking.

4. Wat moet Johannes met die klein boekie doen en wat is sy ervaring daarvan?

Johannes moet die boekie opeet sodat dit deel word van sy wese en bestaan. Johannes neem die boekie in opdrag van die stem (troon) namens die hele kerk in besit. Die kerk moet van die boekie leef, dit is die brood van die lewe (Joh 6:32-36). Die boekie se smaak is aanvanklik soet, want dit dra die boodskap van soete bevryding en ewige lewe vir God se verbondskinders (Ps 119:103). Die gevolge van die boekie is egter bitter, want wie in die evangelie van Christus glo, sal te doen kry met veragting, verwerping en vervolgings. Die uitwerking van God se Woord is bitter wanneer dit tot sy volle implikasie ervaar word. (Op 1:9; Jer 25:8-9) Die bitter-soete ervaring van God se kinders kan verskillende vorme aanneem. Die kerk van Christus is vreemdelinge in die wêreld. Dink aan die wit perd wat dadelik opgevolg word deur die rooie en ander perde…

- Op 6
- Joh 16:33
- Vgl ook Eseg 2:8-3:3, 3:14; Jer 15:16

Onthou dat ons oppad is na Openbaring 21 en 22… die einde (Ps 73) sal vir die kerk net 'n soete en heerlike ervaring saam met Christus wees.

Johannes kry dan ook die opdrag om weer te profeteer. Almal moet die verkondiging hoor. (Herhaling van die roepingsvisioen in Op 1). 'n Finale bekeringsoproep voor die eindoordeel.

Met die blaas van die 7de trompet kom die finale einde. God se koninkryk breek nou in al sy glorie aan.

V 11: 'Hulle' verwys waarskynlik na die boodskappers of engele wat van die hemel kom.

5. Wat is ons (kerk se) taak in hierdie verskriklike tye van oordeel voor die sewende trompet blaas?

Jy moet weer profeteer. Onthou dat Johannes ter wille van die evangelie op Patmos in arres/ballingskap is. Die doel was juis om sy mond te snoer! Tog kry die kerk deur die apostel die opdrag om wel te profeteer… en hulle nie te laat stilmaak nie! Laat julle nie afdreig nie, maar voldoen aan die roeping van die kerk (primêre roeping is aanbidding [Op 8], maar daarnaas is dit die wesentlike van die kerk dat ons getroue getuies van die evangelie (boekie) sal wees. Tot tyd en wyl die sewende trompet nog nie geblaas het nie, is dit ons doel as kerk in die wêreld – kerk soos 'n stad op 'n berg!

Inhoud met erkenning aan:

- Ds Maarten van Helden: Bybelstudienota's
- Nelly Silvis: Bybelstudienota's
- Verklarende Afrikaanse Bybel
- Bybel in Praktyk
- Dr B Duvenhage: *Van Stryd tot Oorwinning*
- *Die Openbaring van Johannes:* Dr EP Groenewald

DIE BOEK VAN OPENBARING

OPENBARING 11:1-14 (2DE WEE)

TEMA: DIE KERK WORD SKYNBAAR GEDOOD

1. Wat beteken die simboliek van die meetstok?

Vgl :

- Eseg 40:3-6
- Sag 2:1-2 (5)
- Jes 34:11

Hier is dit nie soos by die profete wat moet oordeel nie, maar eerder beoordeel. Die gedagte by Johannes is eerder een van afmeet of **afsonder**. Die kinders van God moet afgeskei word van die wêreld (Op 22:11). Daar moet skeiding en onderskeid kom tussen die gelowiges en ongelowiges. Wat gemeet word, word bewaar. 3 dinge word bewaar – tempel, altaar en dié wat aanbid. Dit verwys na God se werk en eiendom. Die Here bou mure om sy mense om hulle teen geestelike benadeling te beskerm. Die mense wat aanbid, verwys na die volk - die ware aanbidders. Hulle word gemeet vir beskerming. Die tempel bestaan uit die Heilige en Allerheiligste en verwys na die kerk. Dit gaan om die geestelike tempel – die gemeente van Christus. Die geestelike tempel moet gemeet word om dit af te grens teenoor die vyandige wêreld en die bose magte. Die kerk van Christus word bewaar, sodat die *"magte van die doderyk dit nie sal oorweldig nie"* (Matt 16:18).

- Op 3:12
- 1 Kor 3:16
- Rom 8:19
- 2 Kor 6:16
- Ef 2:19-22
- Heb 9:2-3

Altaar = brandofferaltaar wat in die voorhof gestaan het. Dit is die middelpunt van die godsdiens – die simbool van die versoeningsoffer. Die sentrale waarheid, die offerdood van Christus, moet ongeskonde en onvervals bewaar bly binne die geestelike tempel.
[Daar sal geen tempel in die nuwe Jerusalem wees nie. Op 21:22]

Die spanning van ons tyd is juis daarin dat ons nie presies weet wie God se kinders is en wie nie. Die laaste dae sal immers 'n tyd van vermenging wees, maar die dag wanneer die Here kom, sal die onderskeid duidelik aan die lig kom. Hy sal die skape en bokke skei. Die afmeting dien dus tot afsondering of afskeiding van die heidene.

Let op na vers 2 waar die voorhof van die tempel deur die heidene vertrap word, vir die volle duur van die laaste dae – 42 maande, 3 ½ jaar, 1 260 dae. (Vgl die professieë in Jes 63:18; Sag 12:3 en Dan 8:13). Die voorhof is nie wesenlik deel van die tempel nie. Die heidene was nie voorheen daar toegelaat nie (Hand 21:28). Dit word ook nie gemeet (vir beskerming afgebaken) nie. Dit wat nie werklik tot die kerk behoort nie, word deur God verlaat. Die heilige stad = Jerusalem. Die tydperk verwys moontlik na die tyd van verdrukking van die Joodse volk deur Antiogus Epifanes. (1ste vervulling van Daniël se profesie: Antiogus Epifanes van Sirië ontwy die tempel en rig dit in vir die diens van Zeus. Dit het 3 ½ jaar geduur. Die Romeinse aanval op Jerusalem duur dieselfde tyd [68-70nC]. Luk 21:24). Dit is ook net solank as wat die dier uit die see gesag uitoefen (Op 13:5). Dit dui die hele tyd tussen die eerste koms van Christus en

sy wederkoms aan. Die hele tyd is ‘n tyd van stryd. Dit is die tyd van groot verdrukking vir die gelowiges, maar ook van ‘n wonderbaarlike bewaring.

- Dan 7:25 (23-27)
- Dan 12:7 (5-7)
- Op 11:3
- Op 12:6
- Op 13:5
- Luk 4:25 (Jak 5:17)

Die skynheiligheid wat binne-in die kerk kom, word hiermee geteken. Baie mense is nie veel meer as **nominale** Christene nie.

Dink hier ook aan die gelykenis van die koring en die onkruid (Matt 13:24-30). Hulle groei saam tot en met die oesdag, die oordeelsdag. Die laaste dae is dus by uitstek ‘n tyd van vermenging!

Die wat simbolies binne-in die tempel aanbid, sal geestelik beskerm word. Diegene in die voorhof – die ongelowiges – sal aan hulle lot oorgelaat word. Ware gelowiges sal teen enige vervolging beskerm word, maar almal wat weier om te glo, sal in die oordeeslvoltrekking vernietig word. Die ware gelowiges mag egter ook ‘vertrapping’ in die tyd beleef. Die aardse tempel bring geen bewaring nie – slegs die geestelike tempel en die nuwe Jerusalem.

2. Hoe moet die onderskeid tussen mense aan die lig kom?

Die twee getuies moet die boodskap van die evangelie laat hoor – 1 260 dae lank. Hulle word ook genoem die twee olyfbome (bekend vir sy olie, moontlik die simbool van die krag van die Heilige Gees) en die twee lampe (wat met die olie soos lig skyn in ‘n donker wêreld). [Sag 3:1; 4:1-3; 6; 10-14; 2 olyfbome = ampsdraers (hoëpriester en koning); lampe = gemeentes. Die hele kerk = ampsdraers, priesters and konings.] Dit dui op die werk van die hele kerk. Die kerk moet dus ‘n getuigende kerk wees, ‘n belydende kerk! Die Woord moes gedurende die hele tyd verkondig word. Die getuies van die Here sal egter ontsettende verskrikkings moet beleef – selfs die dood tegemoet gaan.

‘n Getuie verklaar wat werklik gebeur het. ‘n Saak waar 2/3 getuies is, het krag (Deut 19:15; Matt 18:16; Mark 14:56 – Die dissipels is ook twee-twee uitgestuur. Luk 10:1)

Die “twee” dui op die kerk se tweërlei taak: Aan die **heidene** moet **bekering** verkondig word en aan die **gelowiges** die **groei tot heiligmaking**. Bewaring en vermeerdering van die kerk.

Die 2 getuies beskik oor buitengewone magte – selfs oor die kragte van die natuur. Hulle kan alles doen wat nodig is om die boodskap tuis te bring. God beskerm hulle deur vuur uit hulle eie monde te laat kom... Die vuur uit die getuies se monde dui op die woorde wat hulle spreek – daarteen sal geen teenstaander opgewasse wees nie. Hulle getuienis sal hulle vyande vernietig (Matt 10:19-20).

Dit herinner aan Moses en Elia. Moses en Elia se werk is voorbeelde van die werk van die getuies. Elia kon die hemel vir reën toesluit. (1 Kon 17:1; Jak 5:17). Moses kon water in bloed verander (Eks 7:17-19) en die aarde met allerhande ander plae tref (Eks 8-11; 1 Sam 4:8). Elia se teenstaanders word met vuur verdelg (2 Sam 22:9; 2 Kon 1:10; Ps 97:3; Jer 5:4). Elia is lewend na die hemel opgeneem (2 Kon 2:11) en volgens Joodse oorlewering het God ook vir Moses lewend opgeneem (Deut 34:4-5). Beide Moses en Elia was op die berg met Jesus se verheerliking (Matt 17:1-7).

3. Hoe verstaan jy die doodmaak van die twee getuies?

Van die 2 getuies word gepraat asof hulle bekend is. Hulle rouklere is teken van hulle droefheid en verootmoediging (Gen 37:34; Jona 3:5; Matt 11:21) – hier oor die sonde van die wêreld en die verskrikking van die komende oordeel.

Die wêreld sal onder die aanvuring van die bose alles doen om die kerk dood te maak. Martelaarskap en vervolging was deel van die eerste lesers se lewenswêreld. Hierdie dinge is dus te wagte! Die twee getuies (belydende kerk) sal immers so sterk optree soos Moses wat water in bloed kon verander by die farao en soos Elia wat die reën kon laat ophou. Twee groot profete van die verlede. Moses tree op in geloof en Elia toon die krag van gebed.

(Dier = antichris. Dit is dieselfde dier as in Op 13:3; 17:8. Voordat die dier kom, moet die getuienis klaar wees: 2 Tes 2:6,8. Die getuies moet die evangelie 1 260 dae verkondig – Daarna benodig hulle nie meer beskerming op aarde nie. Daar kom 'n einde aan die verkondiging van die evangelie: Matt 24:14; Mark 13:10. Die antichris oorwin die gelowiges. (Vgl die profesie in Dan 7:21). Dit verwys na die ontsettende vervolging waaraan die kerk blootgestel word en die oënskynlike vernietiging daarvan.

Die groot stad = Wêreldstad Babilon. Die groot stad verwys na elke woonplek van mense wat vyandig is ten opsigte van die Here en sy getuies, Hom opnuut kruisig en tot openbare bespotting maak (Heb 6:4-6). Die getuies is in die wêreld gekruisig. Sodom = Plek van onsedelikheid en sosiale ongeregtigheid. (Gen 19; Deut 32:32; Jes 1:9; Jer 23:14; Eseg 16:48-50). Egipte = Plek van verdrukking en vervolging (Eks 1:8-22; Deut 4:20; Jes 10:24). Die kerk se stem in die wêreld word stilgemaak.

Ons kom immers nie met wapengeweld nie, maar deur die werking van die Heilige Gees tot uitvoering van ons opgelegde getuienistaak (Sag 4:6). Omdat die wêreld hom moedswillig sal verset teen hierdie boodskap, sal die prediking en getuienis van Jesus vir hulle terg soos die plae van Moses Egipte geterg het. Daarom sal hulle alles doen om die kerk tot stilswye te bring. Hulle getuienis moet sterf. Daarom sien ons die lyke van die getuies in die strate lê:

V 9: Alle mense is betrokke by die gebeurtenis. Deur nie die lyke te laat begrawe nie, bewys hulle uiterste veragting (Jer 8:2). 3 ½ dae = ½ sewetal: God onderbreek die volle tydperk om ontferming te bewys.

V 10: Baie is verheug oor die oorwinning van die dier. Hulle het die duisternis meer liefgehad as die lig (Joh 3:19). Maar na die aardbewing met groot menseverlies, gee baie mense aan God die eer.

Die tyd van die heidene is 'n vasgestelde tyd. Daarna volg weer 'n hemelse loflied (Op 11:15-18). Tussen die 6de en 7de trompette word die gelowiges weer van ewige bewaring verseker.

Skynbaar het die wêreld oorwin! MAAR die skyn sal verdwyn, want na drie dae staan hulle op deur die krag van God en voltooi God wat Hy met sy kerk begin het (Fil 1:6). Die satan sal die wêreld gebruik om die kerk se stem stil te maak en skynbaar kry hy dit reg. Die kerk sal lyk of dit faal. Die kerk is dood! En dan vier die wêreld fees en verdiep homself in sy losbandige ellende en laat die wêreld tier in sonde soos Egipte en Sodom. Die blydskap was van korte duur. Die Gees laat die dooies weer opstaan (Eseg 37:1-14). Die uiteinde van die storie is egter die oorwinning van die wat in die geloof en gebed volhard. Hulle word opgeneem in heerlikheid (wolke) (1 Tes 4:16-17). Die vyande van die getuies het dit gesien en groot vrees het hulle beetgepak. Van bekering is daar egter nie sprake nie – net erkenning dat God sterker is as die dier. (Fil 2:9-11). Daarmee is die 2de Wee verby.

OPENBARING 11:15-19

DIE SEWENDE TROMPET OF 3DE WEE

1. Wat is die boodskap van die sewende trompet of derde wee?

As God sy kinders (kerk) uitred uit die kloue van die bose wêreld, dan volg daar die eerste tekens van die oordeelsdag – 'n aardbewing - en baie het omgekom (Op 11:13,14) – God laat die sonde teen sy kinders ook nie ongestraf nie.

En dan breek die oordeelsdag aan – alhoewel die sewende trompet nog nie die detail gee van daardie dag nie (dit kom in latere hoofstukke aan die orde). Die blaas van die trompet kondig die koms van die Koning aan. Die laaste dag breek egter aan in antwoord op die roepstem en gebede en belydenis van die vervolgde kerk. Die sewende trompet gee dus net **die sekerheid van die laaste oordeel** – God sal aan sy kinders reg laat geskied. Op 11:19: Kyk maar hoe kom die dag met dieselfde simbole en selfs meer as in Openbaring 8:5.

God is in beheer en Hy laat die volle omvang van sy toorn ontvlam oor die bose wêreld wat weier om tot Hom te bekeer (Op 9:20). Niemand sal van die toorn van God ontkom nie.

V 15: Stemme (almal in die hemel) roep lof aan God toe. Woorde herinner aan Ps 2. Die Here word geloof, omdat sy koningskap gevestig is, al is die stryd teen die bose nog nie afgehandel nie.

2. Die woordjie eindtyd is in Grieks "kairos". Wat is die betekenis?

Die begrip kairos het in ons politiek 'n gelade begrip geword. Dit dui dan op die tyd wat ryp is vir die rewolusie van die "have nots" teen die "establishment".

Die oorspronklike Bybelse begrip dui egter glad nie op 'n menslike handeling nie! Dit dui juis op 'n goddelike ingryp volgens sy wyse voorbeskikking. "*'n Bepaalde tyd soos deur God beskik.*" Dit is die dag en tyd van finale en volkome oorwinning deur die magtige hand van 'n oordelende en verlossende God.

3. Wat sal op daardie dag gebeur volgens die lied van die ouderlinge?

V 16-17: Die ouderlinge betuig dank aan God met verwysing na sy heerskappy, almag en ewige teenwoordigheid. Hy is die Een wat was en is en nie meer die Een wat kom nie (Op 1:4-8), want Hy het nou gekom. God gaan nou sy straf uitoefen.

- Die dooies word geoordeel en elkeen sal rekenskap gee. Die stemme in die hemel proklameer die koningskap van God. Kwaaddoeners ontvang die verderf.
- Die beloning (=ewige lewe) word uit genade gegee volgens elkeen se werke. Die gelowiges jubel oor God se koninkryk wat aangebreek het. (Ons sal beloon word vir ons aardse optrede. Op 20:12)
- Die hemel gaan oop en die toegang tot die stad word oopgestel vir God se kinders (Op 21:25).
- Die verbondsark verskyn – onthou dat die gordyn reeds oopgeskeur is - maar die misterie sal opgehef word vir ewig en sal daar heerlike en volkome gemeenskap met God wees. Die sein van die verbondsark is 'n simboliese oomblik van bemoediging aan God se verbondskinders op aarde. Die gelowiges word verseker van God se teenwoordigheid. Hulle kry bewys dat die toegang na God vir hulle oopstaan en hulle word aan God se verbond en verbondstrou herinner.
- Die storm bars in volle geweld oor die aarde los. Die natuurkragte laat hulle 'stem' hoor. Dit is ontsagwekkend en onheilspellend.

4. Hoe verstaan ons nou <u>hoofstuk 11</u> in die konteks van <u>hoofstuk 10</u>?

Johannes kry die opdrag namens die kerk om die laaste dae sy/hul profetiese taak uit te voer. Jy moet weer profeteer, maak nie saak hoe moeilik die dae vir die kerk is of sal word nie. Ons moet getuies wees vir Christus. <u>Hand 1:8.</u> **Teenoor God** pas **aanbidding** (<u>Op 8</u>) en **teenoor die wêreld** en sy mense pas **getuienis**! Hierdie hoofstuk wys op die moeite wat dit vir getuigende kerk sal inhou. As troos kan ons <u>Johannes 16:33</u> hier lees.

<u>Inhoud met erkenning aan:</u>

- Ds Maarten van Helden: Bybelstudienota's
- Nelly Silvis: Bybelstudienota's
- Verklarende Afrikaanse Bybel
- Bybel in Praktyk
- Dr B Duvenhage: *Van Stryd tot Oorwinning*
- *Die Openbaring van Johannes:* Dr EP Groenewald

DIE BOEK VAN OPENBARING

OPENBARING 12:1-18

TEMA - STRYD TUSSEN DIE DUIWEL EN DIE KERK

Die hele boek Openbaring gaan oor **stryd** en **oorwinning**. Openbaring 12 word allerweë beskou as die sleutel tot die verstaan van die boek. Hoofstukke 1 tot en met 12 gaan oor die **stryd** en vanaf 12 tot 22 oor die **oorwinning**.

In sy stryd maak satan gebruik van die dier uit die see en die dier uit die aarde. Saam vorm hulle die satanïese drie-eenheid teenoor God se Drie-eenheid.

Wat is die simboliek van die vrou?

Dit is ’n groot wonderlike teken wat Johannes teen die lug sien en hy noem dit ’n teken omdat dit iets voorstel. Dit is die vrou wat hy sien, maar dit is nie ’n gewone vrou nie. Haar rok is die son en die maan is soos die mat onder haar voete. Op haar kop is daar ’n kroon (oorwinnaarskroon) van twaalf sterre wat ons herinner aan die twaalf stamme van Israel (Vgl Gen 37:9). Al hierdie dinge toon aan hoe wonderlik hierdie vrou is. Sy het ’n besondere plek in God se Skepping – sy is die volk van God in die Ou Testament (Israel) uit wie die Christus gebore is. Sy is beklee met die hemelse heerlikheid. (Vrou het ooreenkomste met God. God is “met ‘n kleed van lig omhul” [Ps 104:2] en het die aarde “as rusplek vir sy voete” [Jes 66:1]. Die ooreenkomste dui op haar herkoms van God af.)

Die Ou Testamentiese kerk word deurgaans vergelyk met ’n vrou, ook die bruid (Op 19:7; 21:9). Die vrou is die kerk van God se uitverkorenes. Sy is beeld van die Ou en Nuwe Verbond. Daar is van die begin af ‘n stryd tussen die duiwel en die kerk. Dit word in fases geteken.

Wie is die draak en wat is die verskillende fases van sy aanval?

(Die beskrywing van die draak kom ooreen met die 4de dier in Dan 7:7.)

Openbaring 12 word *byna soos ’n animasieprent voor ons geteken.* Daar is ’n geweldige stryd aan die gang. Dit word geteken in sy verskillende fases:

- Stryd om die moederbelofte
- Stryd in die hemel
- Stryd teen die kerk (NT en daarna)
- Stryd teen die gees en gewete van die gelowiges

Fase een: Stryd om die moederbelofte

- Gen 3:15

God stel vyandskap tussen die saad van die vrou en die saad van die kerk. Hier word dit uitgebeeld in die stryd tussen die vrou en die draak. Die **vrou** wat met son beklee is, is die **kerk** wat ligdraers, beeld van God moet wees.

Sy is die **draer** (swanger) van die **belofte** dat daar 'n Verlosser sal kom wat die kop van die slang sal vermorsel. Daarom dra sy 'n oorwinnaarskroon, terwyl die maan die pragtigste tapyt onder haar voete vorm. Die kerk is die pragtige bruid van die Here.

Maar dan is daar ook die **draak**, die slang van ouds (vers 9). Satan beteken **teenstaander** en duiwel beteken **verdeler**. Terwyl die vrou swanger is met die heerlike verwagting van die Verlosser Seun, wil die draak hierdie belofte verwoes. Regdeur die OT sien ons hierdie stryd:

- Kaïn en Abel
- Die kinders wat in die Nyl gegooi moet word in Egipte
- Die swaarkry en sonde van Israel tydens die woestynreis
- Die ballingskap en
- Al die gelowiges en hulle stryd met sonde...

Nog voorbeelde in die Ou Testament?

Dit is die draak wat die Kind wat gebore gaan word, wil verslind. Hy wil die Messias-verwagting van die OT vernietig. Die kerk lewe in verwagting op die koms van die Kind. Telkens lyk dit of die moederbelofte nie gaan waar word nie. Telkens moet God weer lewe uit die dood gebied. Die geboorte van die Kind kan egter nie gekeer word nie.

Die duiwel is ook al die 'aap van God' genoem. Hy wil alles na-maak wat God doen. Satan se vuurrooi kleur spreek van sy bloeddors en vernielsug. Hy is gevaarlik. Heerserskrone: = aangematigde gesag. Die sterre wat op die aarde gegooi is, is die gevalle engele. (Dan 8:10; Op 9:1). Sewe koppe en tien horings – dui ook op chaos. Hy het heerserskrone, nie oorwinnaarskrone nie. Veelvoud van sy heerskappy is beperk. God beskik oor die mag (Op 19:12). Hy is so sterk dat hy met sy stert 'n 1/3 van die kosmiese kragte kan ontwrig. Koppe: Draak is moelik om dood te maak. Ook gewaande verstandelike mag. 10 horings: versinnebeeld die volkomendheid van sy krag.

En dan wanneer die Kind in Betlehem gebore word (Luk 2:7) - Jesus wat kom om sy volk van hulle sondes te verlos - ook dan hou die duiwel nog nie op die. Op die tyd deur God bepaal (Gal 4:4), bring die vrou (die ware volk van God) die Redder voort en ook 'ander nakomelinge' (kerk van Christus). Die kinders van Betlehem word gedood. Uiteindelik slaan die Jode en Romeine Hom aan die kruispaal van Golgota! Dan skyn dit asof die duiwel geslaag het, en daar gaan 'n gejuig op uit die hel!

Maar na drie ure se duisternis en eensaamheid kan Jesus uitroep: "*Vader in u hande gee ek my gees oor"*. Drie dae later staan ook sy liggaam op uit die dood en daarmee het Hy alles volbring.

Deur sy dood behaal die Messias oorwinning en gaan hemel toe om sy plek op die troon van God in te neem.

God doen sy beloftes gestand. Hy maak die negatief 'n positief! Die draak kan dus nie sy plan uitvoer nie, want die Kind word weggeruk na God en sy troon.

Die straf vir die sonde is **betaal**. Klaar volledig **betaal** en die Kind word weggeruk na die hemel... hemelvaart (vers 5b) en heerlikheid word aan Hom gegee en Hy het alle mag in die hemel en op aarde!

V 6: God onderhou sy kerk tot en met die wederkoms. Hy sorg ook vir jou. Die kerk verkeer ook in die woestyn-tydperk in hierdie wêreld. Die lewe daar is nie maklik nie, maar dan word Jesus se woorde juis bewaarheid: *"...(D)ie magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie*" (Matt 16:18).

Bespreking:

Hoe sal jy iemand bemoedig wat die aanslae van die duiwel wil teenstaan?

Fase twee: Die stryd in die hemel

- Op 12:7-12

In die geesteswêreld kom daar stryd. Die draak was immers eers 'n engel wat waarskynlik beheer gevoer het oor 'n derde van die engele. Hierdie magte engele kom in opstand en val in sonde (Judas :6)... en in vers 4 lees ons dat sy stert 'n derde van die sterre (engele) saamgesleep het.

Die duiwel het grond om ons aan te kla en hy doen dit ook.

- Job 1:9-11; 2:4-5
- Sag 3:1
- Op 12:9 en 10b

In Job en Sagaria lees ons dat die Satan in die hemel as **aanklaer** opgetree het. Op 12:10 sê dat hy die gelowiges dag en nag voor God aangekla het.

Dis 'n vreesaanjaende gedagte! Met reg kan die duiwel aanhou om te beweer dat ons as sondaars nie goed genoeg vir God is nie!

Daar kom oorlog in die hemel. Maar die aartsengel Migael *(= Wie is soos God?)* (Hy is die beskermengel van die volk van God – Dan 10:13,21; 12:1; Judas :9) voer die oorwinning van Christus verder tot 'n stryd in die hemel en die duiwel word uit die hemel verban. Jesus het self gesê*: "Ek het die Satan soos 'n weerligstraal uit die hemel sien val."* Lukas 10:18*.* Daarom kan ons dan ook die oorwinningslied sing van Op 12:11-12. Die duiwel is oorwin! Hy het geen mag meer nie. Hy het geen seggenskap meer nie. Hy kan ons nie meer aankla nie (Rom 8:33). God oefen nou koningskap en gesag uit (Op 11:15). Op grond van God se offerdood het die engele oorwinning oor satan behaal. Die mense op aarde het egter nog met hom te doen.

Sleutelwoorde vir oorwinning (V 11): Die aanklag (sonde) word deur die bloed van die Lam uitgewis. Die aanklaer het geen grond meer onder sy voete nie – hy is magteloos. Dit word verder ondersteun deur die Woordverkondiging (swaard van die Gees – Ef 6:17) en die bereidheid om die lewe af te lê in diens van en getrouheid aan Christus.

Ons is **bevry** van die heerskappy en enige seggenskap van die bose! Daarom kry die vrou, die kerk van Christus 'n plek waarheen sy kan vlug - die **woestyn** (Op 12:6). Dit is die plek van bewaring! Die woestyn is 'n plek van afsondering. Hier word die kerk **bewaar** teen die aanslag van die bose. Ons word geestelik bewaar.

Die 1 260 dae is die tyd tussen die hemelvaart en wederkoms (laaste dae). *'In die woestyn afgesonder'* is die beeld van die kerk **in** die wêreld, maar **nie van** die wêreld nie! Afgesonder beteken ook dat ons vreemd is aan (vir) die wêreld, dis nie ons permanente woning nie!

Die kerk het dus sy eie woonplek, norme, beginsels en lewenstyl. Ons gaan nie na plekke waar die heidene gaan nie. Ons praat nie soos hulle nie. Ons dink en doen anders. Geheilig deur die bloed van die Seun, dit wil sê **afgesonder** (**bewaar**) van die aardse, onder die leiding van die Verlosser deur sy Gees vanuit die hemel!

Na die oorwinning oor satan is daar 'n groot gejubel in die hemel. God word geloof vir:

- Redding wat Hy gebring het
- Sy mag wat Hy bewys het
- Sy koningskap wat Hy gevestig het
- Gesag van sy Gesalfde wat vasstaan

Al het Christus reeds aan die kruis oorwin, moet die oorwinning nog deur almal erken word.

V 12: Oorwinning oor satan en die keerpunt in die ontplooiïng van die heilsplan en bring groot blydskap in die hemel. Maar op die aarde is die stryd nog nie op 'n end nie. Daar wag nog groot ellende. Voorheen is 3 'Wee'-roepe aangekondig (Op 8:13). Van 2 is gehoor (Op 9:12 en 11:14). Moontlik is dit die 3de wat nou opklink: "Wee die land en die see!"

Fase drie: Stryd teen die kerk (NT en daarna)

- Op12:13-16

Die draak wat die Kind nie in die hande kon kry nie, haal in die laaste dae al sy wraak uit op die vrou (kerk). Die satan kom in groot woede na die aarde, nadat sy moordplan teen die Kind misluk het en hy uit die hemel gegooi is. Hy gaan nou voort soos 'n brullende leeu op soek na iemand om te verslind (1 Pet 5:8). Omdat hy verslaan is, is hy juis nou so gevaarlik. Hy weet hy het min tyd. Ook sy tye is in God se hand (Ps 31:16). So sien ons dit in die **vervolging** van die apostels en die vroeë gemeente van Jerusalem. Stefanus word die eerste martelaar. En hoe het Paulus en ander nie gely nie!

Oor die eeue word gelowiges vervolg, ja later gebruik die draak selfs die kerk teen die kerk – die Roomse Kerk vervolg die Protestante en menige gelowige sterf op die brandstapels!

En dan is daar die **versoekings** van die duiwels wat nou op die aarde gegooi is – en dit is geweldig (Kol 2:8). Dit word hier geteken in 'n stroom water van verleiding wat uit die slang se bek kom – miskien kan hy die vrou saam met die stroom wegsleur. Hy haal maar weer sy ou truuks (paradys) uit: Vervolg, versoek en verlei met mag en mening (Vgl ook Ps 124:1-5). Maar God stel letterlik alles beskikbaar om sy kerk in hierdie tyd te versorg en te **bewaar**... selfs die goddelose word ingespan - die aarde wat oopskeur en die stroom insluk, is die onversadigbaarheid van die goddelose (aarde) om sonde te doen... hulle versluk hulle letterlik aan al die vieslikheid van die duiwelse lewenswyse en vieslikhede van ons tyd – sodat dit nie alles op die kerk afkom nie!

So word waar wat in Op 22:11 staan – "*Laat die wat vuil is vuiler word en die wat heilig is heiliger word!"* Die Here gee ons immers sy **Heilige Gees** om ons te lei in heiligmaking. Die Heilige Gees verseker ons van die ewige lewe (Sondag 1). Hy gee ons geloofsekerheid!

Satan wil die kerk vernietig, maar God gee arendsvlerke. Arendsvlerke is die beeld van God se hulp aan sy kerk (Vgl Eks 19:4; Deut 32:11-12; Jes 40:31). God verleen voortdurend hulp aan die kerk. Hy bewaar sy kerk soos wat Hy belowe het (Matt 16:18) – vir die volle duur van die magsperiode van die antichris.

Fase vier: Stryd teen die gees en gewete van die gelowiges

- Op 12:17

Die draak was woedend omdat hy besef dat hy eintlik aan die verloorkant staan. Hy haal nou sy laaste skelmstreek uit. Hy val die gehoorsame kinders van God aan met **persoonlike aanvalle**, skuldige gewetes, sielkundige laste soos kommer en depressie en wat nog alles! Ja, hy is soos 'n gewonde leeu. 'n Brullende leeu wat soek om te verslind! Met sy laaste stuiptrekkings probeer hy nog om die uitverkorenes te laat struikel.

Waarom staan daar in v 18 "en die draak het op die seestrand gaan staan"? Wat is sy verdere aanvalspoging teen die kerk van Christus?

Ek stel my dit voor as 'n oomblik van totale verbystering vir die duiwel. Hy is pê en moeg en gedaan. Sy fut is uit... want hy is 'n gebore verloorder en ons... ons is meer as oorwinnaars! Al wat hy nou nog kan doen is om sy **twee trawante** - die dier uit die aarde (vals profeet) en die dier uit die see (wêreldmagte) op te roep om sy vuilwerk te doen. (Hfst 13). Uit die see sou sy eerste en belangrike bondgenoot te voorskyn kom.

Maar as jy dan aanhou lees, kom jy agter waaroor dit werklik in die boek Openbaring gaan. Die stryd is daar en was daar, maar God is getrou. Hy vervul sy beloftes, Hy gee die Een wat beloof is met die moederbelofte. Christus kom na die wêreld en sorg vir die oorwinning! Die duiwel is verslaan.

En God sê vir die bedreigde, bang en bevreesde gelowiges:

- Christus is in beheer - nie die duiwel nie!
- Hy sit aan die regterhand van die Vader. Teen sy wil kan niemand, ook nie die duiwel, roer of beweeg nie.

Inhoud met erkenning aan:

- Ds Maarten van Helden: Bybelstudienota's
- Nelly Silvis: Bybelstudienota's
- Verklarende Afrikaanse Bybel
- Bybel in Praktyk
- Dr B Duvenhage: *Van Stryd tot Oorwinning*
- *Die Openbaring van Johannes:* Dr EP Groenewald

OPENBARING 13 (SING PS 2)

TEMA: DIE DIER UIT DIE SEE

1. In hoofstuk 13 roep die draak sy twee trawante na vore. Waarom doen hy dit?

Die draak is soos 'n swak verloorder. Hy het sopas sy geveg teen die Christus en sy bruidskerk verloor en nou gaan haal hy 'n paar van sy vreeslike pelle om die saak nog slegter te maak. Die draak is dus oorwin, maar dit beteken nog nie dat die gevaar verby is nie! Ons lees immers in Op 12:17 dat die draak oorlog maak teen die "ander nakomelinge". Die stryd duur voort tot die absolute uiteinde!

2. Wie is die dier uit die see?

Die dier uit die see = Volkere, regerings en (wêreld-)owerhede = die Antichris

Draak se spotbeeld van God:

Satan (draak):	Vader
Anti-Chris (Dier uit die see):	Christus
Valse profeet (Dier uit die aarde):	Heilige Gees

- Op 17:15
- Ps 65:8
- Jes 17:12

Die **see** simboliseer in die boek Openbaring die onstuimigheid van die heidense nasies, die stormagtige volkere-wêreld, die onheilsmagte wat die volk van God bedreig. Die see is dus die kweekplek van anti-goddelike magte – net soos die onderaardse diepte die verblyfplek van die dier en sy bose geeste is. Daarom sal die see nie meer daar wees met die koms van die nuwe hemel en aarde nie (Op 21:1). Die dier lyk byna soos die draak self, met sy koppe en horings. Die heerserskrone is op die horings om sy heersersmag te beklemtoon. Op sy koppe dra hy godslasterlike name. Hy oefen die mag, gesag en heerskappy van die satan uit.

- Dan 7:4-7

Daniël 7 sien vier wêreldryke as vier diere wat uit die see opkom, maar hier sien Johannes alles in een dier met sewe koppe waarvan die laaste ryk blykbaar die hele wêreld en alle nasies sal omspan. Die eerste lesers het natuurlik gedink aan die Romeinse Ryk met sy wrede keisers wat aanspraak gemaak het op goddelikheid.

In die dier wat Johannes sien, is die kenmerke van die 4 diere van Daniël verenig – voorkoms van 'n luiperd, pote van 'n beer en 'n bek soos dié van 'n leeu. Hy is toegerus om te oorweldig, te verskeur en te vertrap.

D'Assonville beskou die een dier met sewe koppe so:

1. Vroeë Babel (Gen 11)
2. Assirië
3. Latere Babiloniese Ryk van Nebukadnesar
4. Medo-Persië (Kores)
5. Grieke
6. Romeine
7. Ryk van die Antichris.

V 2: Die woorde herinner aan die loflied van die Lam (Op 5:12).

Die kop wat gewond (letterlik: *'asof hy tot die dood geslag is'* – net soos die Lam) is en blykbaar genees is, is die Romeinse Ryk wat tot 'n val kom na die evangelie oor die aarde versprei is en wat nou weer die strewe het om een te word in die sewende en laaste ryk van die antichris. Die gevaar lê dus in die internasionalisme of globalisasie van die hele wêreld vandag.

Die verdere simboliek dui op magsmisbruik (10 heerserskrone), lastering (name), wreedheid en misleiding (wondergenesing ten spyte van die neerlaag op Golgota en is 'n spotbeeld van die werk van Christus). Die mense loop verwonderd agter hom aan en aanvaar dat hy onoorwinlik is (vs 4) en aanbid die draak wat die gesag aan die Anti-Chris gegee het – vorm van satanisme. Mense word beïndruk met mag of iemand wat aanbid om sy volgelinge magtig te maak. Hulle word egter bedrieg, want hy gebruik net sy mag om ander te manipuleer, homself te verhoog teenoor Christus en sy eie bose planne te bevorder. Die lof aan God in Ps 89:7 en Eks 15:11 word 'n duiwelse parodie in die mond van die aanbidders van die dier.

Hierin sien ons dat die dier die nabootser van Christus is – hy heers, het godsname, doen wonders. Almal wat nie aan die Lam behoort nie, loop agter hom aan. Die Anti-Chris sal dus mettertyd 'n persoon wees wat uit die volkeresee opstaan en homself goddelike gesag toeëien en met die magte van al die nasies agter hom, die wêreld aan sy voete het, terwyl hy dit in alles teen die kerk van Christus het. Die antichris verlei die mense om die satan en homself te aanbid.

Die gevaar van een wêreldregering en een wêreldmoondheid en een geldeenheid ens. is vandag die vervulling van die profesie (die wond het genees!).

3. Hoekom word die dier toegelaat?

Hy word die 42 maande (1 260 dae) – laaste dae – toegelaat om selfs die gelowiges te oorwin. Die dier sal die bewoners van die aarde met mag en geweld verplig om hom as godheid te erken en te aanbid (2 Tes 2:3-4). Die oorwinning is net soos in Op 11 natuurlik net tydelik en die verbeelding van die antichris self, maar impliseer geweldige vervolging en swaarkry vir die Christene wat nie die dier en die draak aanbid nie. Al maak hy die gelowiges dood, bly hulle nogtans die eiendom van Christus. Sy mag strek ook oor elke stam, volk, taal en nasie. Vgl Op 5:9; 7:9.

Tog bied vers 8 die troos dat hy die uitverkorenes nie kan oorwin nie. Wees gewaarsku, **ken jou vyand** en wees bereid om te ly ter wille van Christus (gevangenskap en selfs die dood). Die dier kan egter slegs die liggame van die gelowiges skade aandoen en nie hulle gees nie. Lydsaamheid/volharding en geloofsvertroue is nou van pas (Matt 24:13). Lydsaamheid is die term wat gebruik word by die vuur van smelters en die loog van die wassers – 'n suiweringsproses – lyding neem weg wat skandelik en vuil is. Die wil van God om hierdie dier toe te laat, getuig dus weer dat God in beheer is en nie die draak of die dier nie.

God toets jou (die kerk se) volharding en geloof as jou kosbaarste besitting.

LW: Anti-chris beteken nie teen Christus nie, maar in die plek van Christus!

4. Waar sou u vandag die dier en sy magsvertoning en bedreigings raaksien?

Bespreking:

1. Vroeëre **Babel**

   - God skep **verskeidenheid**
   - God stel grense....die wêreld wil een wees – reënboognasie...
   - Christus hef nie verskeidenheid en grense op nie

2. Apartheid *versus* rassisme?
3. '*Verlore'* kinders? Kan jy self jou kind red? Anti-chris *versus* Christelik

5. Wie is die dier uit die aarde as ons lees dat hy soos 'n lam lyk, maar soos 'n draak praat?

Die dier lyk soos 'n Lam (Christus) en **praat**..... (profeteer). Hier spot hy weer met die christelike godsdiens en leer mense 'n nuwe 'valse' godsdiens

- Matt 7:15

Uit Matt 7:15 word dit duidelik dat ons hier te make het met 'n wolf in skaapsklere wat dui op die valse profete. In sy voorkoms skep hy die indruk dat hy die lam is (2 klein horings), maar hy is in wese die dienaar van die draak (daarom praat hy soos die draak). Op 16;13; 19:20. Die aarde is in die boek Openbaring die simbool van die goddeloses of goddeloosheid.

Hy tree op soos 'n profeet as hy Elia naboots – vuur uit die hemel (1 Kon 18). Matt 27:46-47: Die wet en die profete – Elia verwagting. Hy tree op namens die antichris (dier uit die see) en oefen sy gesag namens hom uit. Hy doen groot tekens waardeur hy mense beïndruk en tot aanbidding van die 1ste dier wil lei. (Net soos die Heilige Gees die diens van Jesus bevorder.)

Al is die voorkoms van die 2de dier skynbaar onskuldig, is sy gesag en optrede skrikwekkend. Die 1ste dier ontvang sy gesag van die draak. Die 1ste dier dra sy gesag aan die 2de dier oor. Die 2de dier is dus toegerus om die doelstellings van die ander 2 uit te voer.

Ons het hier dus te make met die valse profeet en valse profesieë, ideologieë en die idees van die antichris. Die primêre taak van die valse profeet is om 'n universele godsdiens op die aarde af te dwing. Hy roep die mensdom op tot aanbidding. Dit gaan dus oor 'n nuwe godsdiens! 'n Wêreldgodsdiens. 'n Godsdiens wat vir alle mense aanvaarbaar is, dus 'n godsdiens wat alle oortuigings van mense sal tolereer en aanvaar. 'n Wêreldraad van Kerke sou hier dus baie diensbaar kon wees! Dialoog tussen godsdienste en verdraagsaamheid eerder as die waarheid sal die grondslag wees. Daar is nie meer Waarheid en Leuen nie. Liefde ten koste van waarheid!

- Ef 4:15

6. Wat is die beeld wat die dier (valse profeet) vir die dier uit die see oprig?

Die valse godsdiens is gemik op die uitbouing van die eer van die wêreldpolitiek. Die kerk moet dus al hoe meer in diens van die politiek kom. 'n Soort 'Social Gospel' is aan die orde van die dag. Die kerk sal hom al hoe meer besig hou met sosiale strukture en maatskaplike vraagstukke wat eintlik die taak van die politiek is en die aandag sal van God en die waarheid afgelei word. Alle grense moet opgehef word en wêreldeenheid sonder Christus word die oorhoofse doelwit. (Vgl Dan 3:1.)

Die 'lewendmaking' van die beeld boots God se skeppingswerk na.

7. Wat is die betekenis van die merk van die dier?

Die gedagte van 'n merk op jou hand (=naam van die dier of die getal van sy naam[1]) en voorkop kom natuurlik uit die Skrif – Deut 6:5-8; Eks 13:16. Weer is die draak en trawante die na-apers van God en sy Woord (Vgl die seël wat gelowiges op die voorkop dra: Op 7:1-4; 9:4; 14:1). Die merk op die hand is die belydenis van die mens in sy dagtaak en arbeid (werkvermoë aangetas) en op jou voorkop dui op jou openbare lewe (denkvermoë aangetas). Die dier verplig mense dus om 'n nuwe oortuiging te aanvaar in hulle lewe en daaglikse getuienis. So word dit duideliker wie nie die dier aanbid nie en hulle sal swaar vervolg word. Ons het hier dus te make met 'n wêreldbondgenootskap teen die kerk van Christus. Hierdie merk dien ook om ekonomiese druk uit te oefen. Dit word onmoontlik om sonder die merk te koop/verkoop. Sy bestaan word onmoontlik gemaak. Die gelowiges sal nie die merk van die dier aanvaar nie (Op 14:9-12; 15:2; 16:2 en 20:4).

Die getal 666 is byna sewe! Die getal ses kan ook as die getal van die mens sonder God beskou word – ses dae sonder die sewende rusdag! Ses repeterend is so naby aan sewe dat die onderskeid moeilik is en daarom is daar groot wysheid nodig. Die getal bly egter simbool van die bose se gewaande heerskappy oor die wêreld en die pogings om Christus te oorwin.

- Jak 1:5
- Spreuke 1:7; 1:29-31

Wysheid kom as jy dit van God bid. Wie hierdie wysheid van God het, kan onderskei en hulle skoon hou van hierdie valse leer en godsdienste.

8. Watter troos vind ons in hierdie dreigende hoofstuk?

Die wysheid wat hier nodig is, het God aan ons gegee. Daarmee kan ons staande bly en weerstand bied.

- 1 Kor 1:24 – "*Jesus Christus is die Wysheid van God*"!
- Joh 14:6 – "Ek is die weg die waarheid en die lewe"

Deur sy Gees kan ons bedink wat daarbo is waar Christus is en nie net wat op die aarde is nie

- Kol 3:1-25

9. Waar sien ons hierdie dier in ons samelewing sy kop deesdae uitsteek?

Naskrif:

Satan gee politieke mag aan die dier uit die see en die mag om propagandistiese wonderwerke te doen aan die dier uit die aarde. Hulle poog om die hele aarde te onderwerp, maar hulle pogings is gedoem tot mislukking. Hulle lot: Op 19:19-21 en 20:10

[1] Griekse alfabet het ook syferwaarde gehad bv A=1, B=2 en C=3, ens. Dus as jy die getal het, kan jy ook die naam aflei. Omdat verskillende name dieselfde getalwaarde het, het jy besondere wysheid nodig om die regte naam te bepaal. 666 = waarde van 'keiser Nero' in Hebreeus.

Inhoud met erkenning aan:

- Ds Maarten van Helden: Bybelstudienota's
- Nelly Silvis: Bybelstudienota's
- Verklarende Afrikaanse Bybel
- Bybel in Praktyk
- Dr B Duvenhage: *Van Stryd tot Oorwinning*
- *Die Openbaring van Johannes:* Dr EP Groenewald

OPENBARING 14

TEMA: DIE HEERLIKHEID GEWAARBORG, MAAR DIE EWIGE, HELSE STRAF OOK!

1. Inleidend

In Openbaring 14 sien ons ’n paar tussen-visioene. Ons kry ’n kykie in die eindgebeure na die oordeel. Die 144 000 was in hoofstuk 7 voor die oordeelsdag, maar nou staan hulle op Sionsberg. En dan kom die onweerswolke wat saampak en vertel van die oordeel van God oor die wêreld geteken in die beeld van die stad Babilon. Hierdie tussengesigte dien tot troos en herinnering, sodat die leser onthou waaroor dit werklik gaan. So seker as die verlossing vasstaan, so ook die oordeel. Daarna kom in hoofstuk 15 die plae van die oordeel.

2. Wie is die 144 000?

In Openbaring 7 het ons hulle gesien as **strydende kerk** op aarde wat verseël is in hulle geloof in die Lam se bloed (teenoor die merk van die dier). Toe was hulle nog omring deur hulle vyande - die draak en sy trawante. Wat toe belofte was, word in Openbaring 14 bewaarheid (**triomferende kerk**). Die uitverkorenes behaal die oorwinning ten spyte van die aanslae. Die Lam staan op Sionsberg (hemel) en by Hom is die 144 000. Sionsberg is die berg waar die Messias volgens Joodse oorlewering sal verskyn om Jerusalem te red en sy vyande te oordeel (Joël 2:32; Jes 11:9). Bloot simboliese gebruik. Dit verwys nie na Sionsberg in Jerusalem nie. Sion word gewoonlik verbind met Jerusalem waar Dawid regeer het. Die hemelse heerlikheid is deur die Lam verower ten spyte van die draak en sy aanslae en die Lam is die Oorwinnaar (“bo-op Sionsberg”). Hy het die plek gereed gemaak (Joh 14:1,2) vir die wat aan Hom behoort. Die kerk is veilig by die Lam op Sionsberg.

Hulle sing ’n lied - ’n nuwe lied - wat net die uitverkorenes kan sing (Vgl ook Op 5:9 – voor oopmaak van seëls). Dit klink soos donderweer (Op 4:5; 8:5 en 11:19) en soos groot waters (Op 1:15), maar ook heerlik mooi soos siters. Dit spreek van verhewenheid en skoonheid. Indrukwekkend, hemels, heerlik, geweldig en mooi, sag en strelend. Van dit wat ons in die hemel sal ervaar, kan net in simboliese taal beskryf word, want dit is ’n heerlikheid “wat geen oog gesien een geen oor gehoor en in die hart van geen mens opgekom het nie” (1 Kor 2:9). Daar is totale verlossing uit hierdie aardse tranedal! Selfs die draak en sy trawante kan die aanbreek van hierdie heerlikheid nie verhinder nie!

Iets van die inhoud van die nuwe lied word eers later in Op 19:1-10 openbaar. Net dié wat van die aarde af deur die bloed van die Lam losgekoop is, kan die nuwe lied leer sing.

Die verlostes word met 4 eienskappe beskrywe:

- ***Hulle het hulle nie met vrouens besoedel nie (getrouheid)***

  Dit gaan hier nie oor ’n uitspraak teen die huwelik nie, want dan sou dit teen die hele Skrif wees. Die huwelik is ’n instelling van God. Dit gaan oor geestelike maagdelikheid of geestelike hoerery – rein bewaring van die gelowiges, die kerk as bruid van Christus. Dit gaan oor wêreldgelykvormigheid! Hulle laat hulle fokus nie aftrek van die Here om meelopers met die wêreldgees te word nie. Afgesonder vir Christus! Bruid van Christus!

- ***Hulle volg die Lam waar Hy ook al gaan (volharding)***

Hulle was ware navolgers van Christus - al het dit vervolging, beledigings of selfs hulle lewe gekos. Hulle het tot die dood toe getrou gebly. (Luk 9; Matt 10:38-39)

- ***Hulle is onder al die mense losgekoop as eerstelinge vir God en vir die Lam (toewyding)***

  Die losprys is op Golgota betaal. Hulle behoort nie meer aan die wêreld nie, maar aan die Lam. Soos die eerstelinge van die oes in Israel aan die Here gewy moes word (Eks 23:19; Lev 23:9-10), so het hulle alles in hulle lewe aan God gewy. Godsdiens is immers totale oorgawe. Hulle was gereed vir die sekel van die oes (Op 14:14). Almal wat deur die Lam losgekoop is, behoort aan Hom.

- ***Uit hulle mond kom daar nooit 'n leuen nie. Hulle is onberispelik (goeie getuienis)***

  Die woorde word in 1 Pet 2:22 aan Jesus toegedig! Hy het geen bedrog gepleeg nie. Daar is geen valsheid by die verlostes nie. In Joh 8 word die duiwel die vader van die leuen genoem. Hierdie 144 000 is dus werklik beeld van Christus! Hulle het hulle steeds meer laat verander om die heerlikheid van die beeld van Christus uit te straal (1 Kor 3:18).

  Hulle is dus die ware gelowiges! Dit het reeds in hulle aardse lewe sigbaar geblyk! Hulle is die triomferende kerk! Hulle verskyn saam met hul Verlosser in die hemel. Daar is vreugde en vrede! Hulle sing die mooiste lied. Hulle het 'n skoon attestaat van leer en lewe!

  (In die stryd van die geestelike magte waarom dit in Openbaring gaan, staan die waarheid en die leuen lynreg teenoor mekaar. Dit word ten skerpste geopenbaar in die optrede van die draak, antichris en valse profeet. Wie aan die waarheid vasklem te midde van die wêreld van die leuen, bly onberispelik.)

3. Aankondiging van die Oordeel

Drie engele kondig die oordeel aan. Die 4de engel dra 'n boodskap aan die Seun van die mens oor. Die 5de en 6de engele samel die oes in. Dus: 3 engele + Seun = sentraal + nog 3 engele.

3.1. Wat is die "goeie boodskap" van die eerste engel?

Die eerste engel bring 'n goeie boodskap. Hy praat met almal wat die aarde bewoon en gee die boodskap van verlossing (evangelie, 'gospel'). Die boodskap is 'n ewige boodskap. Dus gaan dit oor ewige verlossing. Dit geld vir alle volke, tale en nasies (Matt 28:19) en dit dien as oproep tot geloof en bekering – "Vrees God … aanbid God". Maar dit sluit ook die boodskap van die komende oordeel in – ook dit is goeie nuus vir die gelowiges, want dit bring die voltooiing van God se raad en dit bring die finale einde aan die Bose en al die vyande van die kerk! (HK Son 19 vr 52). Die Here is lankmoedig. Hy gee opnuut weer 'n kans op bekering.

3.2. Watter boodskap dra die tweede engel?

Hy bevestig die val van Babilon en die oorwinning oor die Bose. Daarvoor het die Lam gesorg met sy oorwinning by Golgota (Joh 16:25-33). Babilon is simbool van die afvallige wêreld – hier voorgestel in die beeld van 'n verleidelike vrou (Sag 5). Babilon word sinnebeeld van die groot stad waar satan regeer en die vyandskap teen God en sy volk tot die toppunt gevoer word, omdat juis in Babilon sedelike en godsdienstige verval die lewenstyl geword het. Babilon = simbool van die vyand van God

se kinders. Hierdie wêreld loop met die illusie rond dat sy baie mag het om te verlei, maar in werklikheid dra dit in haarself die dood rond! Wyn is beeld van onsedelike drifte. Sy verlei mense van God en die kerk af.

3.3. Watter boodskap dra die derde engel?

Die derde engel boodskap die volle geweld van God se oordeel. (Op 14:10,20). Die goddeloses sal die wyn van God se toorn moet drink – d.w.s. almal wat hulle laat verlei het deur die dier en die merk op hulle koppe aanvaar het. Hierdie wyn sal onverdund[2] wees – nou op aarde is dit oordeel en genade, maar dan sal dit enkel oordeel wees (Beker van toorn: Ps 75:9; Jes 51:17,22; Jer 25:15). Hulle sal met die volle krag van God se oordele te doen kry…pyniging tot in ewigheid - geen rus tot in ewigheid. Die rus waarna die mens in sy lewensmoegheid uitsien, sal hulle nie vind nie, want hulle sal dag en nag gepynig word. Dit geskied in die teenwoordigheid van die Lam en die heilige engele, sodat die veroordeeldes daaraan herinner kan word dat hulle hulle rug op die Lam gedraai het en die bekeringsoproep in die wind geslaan het. Die hel is dus die teenpool van die ewige rus en vrede!

3.4. Waarom drie boodskappe?

Die drie boodskappe dui op die volle goddelike waarheid. Daar sal geen wysiging daarvan kom nie. Die boodskappe is volledig en hou genade **en** oordeel in!

3.5. Wat is die boodskap hieruit vir die gelowiges?

Dit is ‘n drievoudige boodskap:

1. Die oordeel sal nie uitgestel word nie
2. Die oordele van God sal verskriklik wees en
3. Die gelowiges het volharding nodig – dit is immers die boodskap van die hele boek Openbaring! (Hulle lewe onder ‘die bewoners van die aarde’ sal steeds moeiliker word.)

Volharding/lydsaamheid dui op die suiwering deur vuur heen. Ja, God red ons soos brandhout uit die vuur en soos goud wat deur vuur gelouter is! Volharding vereis absolute gehoorsaamheid aan God se Woord – nakom van die gebooie en bly glo in Jesus. Volharding is nie lydsame berusting nie, maar ‘n geloofsaktiwiteit.

3.6. Watter troos is daar vir gelowiges?

Lees eers Fil 1:21. Op14:13: “*Salig is die wat van nou af in die Here sterwe… hulle sal rus… en hulle werke volg hulle*”. Die gelowiges wat in Jesus bly glo, sterf in die Here. Dus is die lewe na die dood vir ware gelowiges nie iets om te vrees nie, maar die teenpool van die ewige swaarkry van die hel. Hulle sal altyd geseënd wees. En dit wat ons nou op aarde doen is nie sinneloos nie, maar dra ons op een of ander wyse saam die ewigheid binne! (Vgl 1 Kor 15:58; Heb 4:3,9 en Op 21:24;26) Dié wat sterf, sal die (verdere) ontsettende lyding op aarde gespaar wees en sal derhalwe gelukkig wees. Die getroues sal rus van hulle arbeid – d.w.s. van hulle sorge, moeite en geestelike kwellings wat hulle onder druk van vervolging beleef het. Die gelowiges se werke volg hulle. Dit bewerk nie die verkryging van geluksaligheid nie, want hulle word uit genade gered (Ef 2:8). Werke getuig egter van geloof (Jak 2:14-26) en by die eindoordeel van trou teenoor Jesus (Matt 25:31). Wat die gelowige in sy leeftyd in

[2] Wyn is in daardie tyd met water gemeng. Hulle sal dus die volle sterkte kry en moet dit opdrink.

diens van die Here gedoen het, word nie by sy dood vergeet nie. Dit is opgeteken in die boek van die hemel (Op 20:12) en word in herinnering geroep by die finale oordeel. Die inspanning en arbeid vir die Here sowel as die lyding en selfs die dood, is nie tevergeefs nie.

Die boodskap is so belangrik dat "'n stem uit die hemel" vir Johannes opdrag gee om dit vir die gemeentes op te skryf.

4. Die voltrekking van die oordeel: Op 14:14-20 (Hierdie oordeel eindig by die laaste vers van Op 20!)

4.1 Wie voltrek die oordele van God?

Onthou dat die Lam aan die regterhand van die Vader gaan sit het (Op 5) en die gesag van die Vader uitoefen namens Hom. Hier word die Lam, dit is Jesus Christus, beskryf as *"Iemand soos die Seun van die mens*" (V 14). Dit gryp terug na Daniël 7:13 wat 'n profesie op die wederkomende Messias in heerlikheid is. Die wit wolk herinner aan die hemelvaart – die wolk van die woestynreis, hemelvaart en wederkoms dui op die heerlikheid van God. Vgl ook Op 1:7 "*Kyk Hy kom met die wolke*!" Hy kom soos Hy belowe het (Matt 24:30; Mark 13:26). Hy het koninklike heerlikheid en majesteit, wat hier geteken word met 'n goue kroon op sy kop. Dan kom hierdie Oorwinnaar-koning se sekel na vore. Die tyd vir oordeel van God het aangebreek – ons Verlosser is ook ons hemelse Regter wat skeiding sal bring tussen die skape en bokke (HK 19 vr 52).

4.2 Waarom wag die Lam op die roepstem van die engel?

Lees eers Matt 24:36 en 1 Tess 4:16. Die tyd van die oordeel is deur die Vader presies bepaal en kom op 'n uur wat niemand weet nie. Die aartsengel sal dit met 'n geroep aankondig en dan sal die Seun die oordeel voltrek. Die Seun is nie hier onder opdrag van die engel nie, maar wag bloot op die tyd wat deur die Vader bepaal is (Hand 1:7; Mark 13:32). Die engele is steeds aan die Seun onderworpe omdat ons later sien hoe die engele die oordeel namens die Seun voltrek (V 17-19).

Om die sekel in te steek, dui op die insameling van al die nasies vir die oordeel (Joël 3:13). Die Seun van die mens steek sy sekel in en oes die aarde af. Die eindoordeel word meer breedvoerig toegelig in Op 19 en 20.

4.3 Wie word hier geoordeel?

Daar is verskillende standpunte oor wie deur die koring en druiwe-oes gesimboliseer word. In die konteks van die hele Skrif word dit egter duidelik dat God die goddeloses van die hele aarde sal oordeel (Joh 3:16-21) - die regverdiges word nie geoordeel of veroordeel nie, omdat hulle in die Seun van God geglo het. Buitendien staan hulle reeds op Sionsberg en al 144 000 is daar - nie een ontbreek nie!

Die beeld van die oesdag kom elders in die Skrif na vore. In Jer 51:33 is daar die beeld van die dorsvloer (koring) wat dien as dreigement vir Babel en in Joël 3:13 die beeld van die parskuip (druiwe). Vgl ook Jes 63:3-6; Klaagliedere 1:15. Nou kan die oordeel nie meer uitgestel word nie. Die oes het **oorryp** geword en is niks meer werd nie! (Vgl ook Matt 13:30; Mark 4:29)

4.4 Wat doen die engele wat die oordeel uitvoer?

Die een het die sekel en die ander die vuur. Dit spreek van oordeel en nogmaals oordeel. Van die vuurpoel lees ons in Op 20:14,15. Hier word die oordeel egter vergelyk met die parskuip van die grimmigheid van God se toorn. (Vgl ook Jes 63:1-6) Die ongeregtigheid van die aarde het sy toppunt bereik en nou kan en sal God regverdig oordeel. Die oordeel vind buite die stad plaas, want slegs die regverdiges (vrygespreektes in Christus) sal in die stad ingaan – Op 22:14,15! Hier word die hel bedoel wat deur Christus vergelyk word met die Hinnomdal net **buite** Jerusalem – suid, waar die ashope van die stad was – waar die wurm nie sterf en die vuur nie uitgeblus word nie! Dink hier ook aan die heerlike feit dat Christus vir ons buite die stad gely het!

Deur die engele word die insameling afgehandel.

4.5 Wat beteken die simboliek van die 1 600km/stadia bloed?

Hier sit ons met ’n vertalingsprobleem want die Grieks gee 1 600 stadia wat deur die 1953 vertaling weergegee word as twee honderd myl en die 1983 vertaling as 1 600 km. ’n Stadia is ongeveer 200m en dus werk dit uit op tussen 200 en 300 myl. Maar die simboliek sit eerder in die 1 600: 4x4x10x10. Die Grieks gee die “gilioon” wat duisend beteken en in Openbaring sien dit op volledigheid. 16 is ’n veelvoud van 4. Vier is die getal van die aarde. Die oordeel is dus volledig oor die goddelose aarde. Dit beklemtoon die ontsettende omvang van die toorn van God teen die sondige mensheid. Die bloed tot by die perde se tooms (hulle verdrink dus daarin) dui op ’n verskriklike lot, terwyl die perde iets van ’n oorlog aandui (Armaggedon – Op 16:16). (Die perde kan ook moontlik na die perde van die ruiters wat die Ruiter op die wit perd in sy oorwinningstog volg, verwys – Op 19:11.) Die einde is dus iets allerverskrikliks vir elkeen wat hulle hoop nie op God gestel het nie.

Voorwaar: Salig is dié wat van nou af in die Here sterwe! (Op 14:13)

Troos: Joh 5:24

Inhoud met erkenning aan:

- Ds Maarten van Helden: Bybelstudienota’s
- Nelly Silvis: Bybelstudienota’s
- Verklarende Afrikaanse Bybel
- Bybel in Praktyk
- Dr B Duvenhage: *Van Stryd tot Oorwinning*
- *Die Openbaring van Johannes:* Dr EP Groenewald

OPENBARING 15-16: DIE KERK EN DIE 7 LAASTE PLAE VAN DIE EINDOORDEEL

TEMA: UITTOG UIT DIE HEIDENWÊRELD IN DIE EWIGE LEWE IN... (VERGELYK DIE UITTOG UIT EGIPTE MET DIE SEWE LAASTE PLAE)

1. Inleidend

- Dit is die 'vooraand' van die voleinding
- Handel oor die dankbare verligting ("lekkerkry") van die kerk van die Here oor Sy oordeel oor die ongelowiges (Vgl Op 6:9-10; Op 11 – veral vs 8)
- Herinner sterk aan die plae in Egipte
- Vergelyk Op 18:4 en Op 11:8. Sodom en Egipte = die verlore wêreld
- Sondag 19 HK vraag 52 – ons verlang na God wat kom om te oordeel. God sal die wraak neem.

2. Wat is die verband tussen hoofstuk vyftien en die res van die hoofstukke?

- Op 15 is die kortste hoofstuk in Openbaring – die kortste hoofstuk oor die grootste oorwinning en grootste oordele van God oor die onbekeerde nasies!
- In Op 14 het ons gesien hoe die parskuip getrap word en die ellende wat dit vir die goddeloses bring.
- Nou word die besonderhede van God se oordeel oor die goddeloses in Op 16 uitgespel in sewe plae – "*daarmee het die toorn van God sy einde bereik*" (Op 15:1). God se oordele bereik hulle volle maat.
- Hoofstukke 15 en 16 bied hierdie laaste oordele van God in 'n onlosmaaklike eenheid aan. In Op 16 giet die sewe engele die sewe bakke met die sewe plae uit oor die goddeloses.
- As inleiding tot die uitgooi van die 7 bakke met God se toorn, word 'n 'teken' in die hemel gesien. Die teken is 'groot en wonderbaarlik.' Dit getuig van die oowinning oor die goddeloses en word beskryf in Op 15:2-8.

3. Wat is die kontras tussen Op 15:2 en 16:2?

Die kinders van God het die oorwinning oor die dier, sy beeld en sy getal behaal, terwyl die plae diegene tref wat die dier aanbid en sy getal dra (slegs die ongelowiges word getref). Voordat die plae egter die goddeloses tref, word in Op 15 die versekering aan God se kinders gegee dat hulle "meer as oorwinnaars' is (Rom 8). Daarom sing hulle die lied van Moses, wat terugslaan op die oorwinning oor die farao en sy verdrukking (Eks 15). God se verbond (wat in die doop beseël is) kom hier tot sy volle seën. Hy bewaar sy kinders deur sy oordele heen op so 'n wyse dat ons kan sing van sy grootheid en genade! Dit dien as troos vir die lesers en al God se kinders.

4. Waarna verwys die sing van die lied van Moses en wat is die betekenis daarvan?

Voor die troon staan die verloste skare – hulle het sy oordele aanskou, maar nie beleef nie! Hulle lyk soos 'n spieëlgladde see (die nasies het stil geword) met vuur daarin – dit spreek van rus en kalmte en van geregtigheid (vrede op aarde kom deur geregtigheid – vuur). Weens die bewaring sing hulle die lied van Moses (Eks 15). Toe Israel na 430 jaar se verdrukking in Egipte droogvoets deur die Rooisee getrek het, kon hulle terugkyk op hulle vyande en jubel oor die oorwinning. Ons het hier dus te make met die triomferende kerk! Die lied van Moses is ook die lied van die Lam! Dit is 'n lied van lof aan God wat ons die oorwinning gee deur die Lam, Jesus Christus.

Die lied van Moses juig omdat die verlossing vir Israel deurgebreek het – as farao in sy doel sou geslaag het, sou daar geen Israel en geen Verlosser of Messias wees nie! Dan sou die draak reeds in sy doel geslaag het!

Maar God het sy volk bewaar, getrou aan sy verbond het Hy hulle gered en sy verbondsbeloftes gestand gedoen op wonderbaarlike wyse – deur die deurtog deur die Rietsee en die farao se manne wat verdrink. As teken van God se verbondstrou het Israel kort vantevore die Paaslam geslag en geëet. Die deurtog deur die Rooisee is ook 'n aanduiding van die doop (verbond).

- 1 Kor 10:1-2.
- Eks 15:3,4,11,18-21
- Vgl ook Deut 32:4, Am 3:13, Ps 86:9

Moses laat hulle die lied van oorwinning sing, terwyl Mirjam en die meisies met koordanse antwoord. God neem wraak oor Egipte en so straf Hy hulle wat nie na Hom wil luister en hulle bekeer nie. God se kinders wag op God wat wraak neem op sy eie tyd en dan jubel ons oor sy troue liefde!

Die lied van Moses word die lied van die Lam (lied ter herdenking van die oorwinning oor die bose). Hy het strydwa en ruiters in die see gewerp, die see wat brand met vuur en swael – die ewige straf, die tweede dood. Golf na golf spoel die oordele van die Lam oor die onbekeerde nasies, al meer en hewiger...totdat die volle toorn van God geld. Die eindoordeel het begin – die tempel het vol rook geword. En daar aan die kant van die see staan die gelowiges as die triomferende kerk, 'n see van glas met vuur daarin. Behoue sing hulle die lied van Moses en van die Lam! Almal wat by die see staan, het reeds die satan en sy dier oorwin. Hulle is rein, omdat hulle enduit aan God getrou was (Jood en Griek!).

5. Hoe vergelyk hierdie lied met ander liedere wat gesing word in Openbaring en elders?

In Openbaring 5:9 sing die ouderlinge biddend die nuwe lied en saam met hulle die engele en die hele skepping. In Openbaring 7 resiteer die 144 000 'n loflied en in Openbaring 14:3 sing die 144 000 'n nuwe lied wat niemand anders kon leer nie, omdat hulle die diepe geheimenisse van God nie ken nie. As Jesus klaar met sy dissipels die eerste Nagmaal (verbondmaal) gevier het, sing hulle die lofsang en gaan dan na buite (Matt 26:30).

As daar dus van God se verbondstrou en sy heerlike oorwinnings sprake is, kan die gelowiges nie anders as om te sing nie! Ons toekoms op aarde lyk maar donker, ons wêreld is in die nood en tog word ons opgeroep om te sing.... te sing van ons ewige verlossing!

Sing ons wel genoeg?

6. Verse 5-8

- Die tempel (woonplek van God) gaan oop en die engele kom uit (Vgl Op 11:19)
- 7 engele, 7 plae = die volmaakte oordeel
- Helder, blink klere = heilige oordeel
- Goue band om die bors = goddelike, koninklike en priesterlike geregtigheid
- Vers 8 – God se oordeel sal klaar wees, voordat enige iemand in die ewige lewe sal ingaan.

7. Praktyk?

- Laat die lied van die Lam op ons lippe wees – Christus verlos ons uit die slawerny van die sondes
- Gee uiting aan jou blydskap in vertroue in God
- God is in beheer! Sing van oorwinning en geregtigheid – dit bring vrede
- Verlossing geld vir Jode (Moses) en die heidene (Lam)

8. Vanwaar gaan die opdrag uit om die sewe bakke met die plae uit te gooi?

Ons lees van ’n harde stem wat uit die tempel kom. Dit is dus die oordele van God self. God is immers ’n wreker van die sonde (Nahum 1) en Hy laat die sonde nooit ongestraf bly nie. Wie in Christus glo se straf is egter deur Christus gedra...Maar hierdie plae tref “die aarde” – simbool vir die goddelose wêreld! Ons sien daarom die verskil tussen Op 15:2 en 16:2 weer duidelik: Die plae tref hulle wat die merk van dier uit die aarde het, maar dit tref hulle nie wat die seël van die Lam dra nie! Die 144 000 sien en aanskou dus die oordele van die troue God, maar hulle beleef dit nie!

9. Die verskriklike visioen van die sewe bakke (Op 16)!

Ons moet onthou dat Op 15:1 ons geleer het dat dit hier gaan om die vooraand van die eindoordeel. Op 16:17 noem dit ook so: Dit is verby! Dit is God wat die aarde tref met sy eindoordeel. Daarom sal dit moeilik wees om presies te verklaar waarvoor elkeen van die plae staan. (Die bakke kom van die troon van God af en word aan die engele gegee om die goddelike opdrag uit te voer.)

Wat ons wel opmerk, is dat die plae ooreenstem met die plae in Egipte. Die goddelose wêreld is immers al in Op 11 vergelyk met Sodom en Egipte. En God lei sy volk uit Egipte en ook hier maak Hy skeiding en laat sy volk van uitverkorenes uittrek (Op 18:4), terwyl Hy regverdig oordeel oor die goddeloses. Soos die plae verharding by die farao veroorsaak het, so bring hierdie plae in Openbaring verharding en gevolglike verwerping in die poel van vuur!

Daar is ook ’n sterk verband tussen die sewe trompette wat voorlopige oordele was en gedien het tot loutering en suiwering. Nou is daar egter geen loutering meer oor nie. God tref die mens en sy hele bestaanswyse en vir die ongelowiges is daar geen uitkoms, geen genade en geen omdraaikans meer nie!! Die trompette het nog gewaarsku, maar die sewe bakke met die plae is die voltrekking van sy oordeel. Wie dus weier om hom of haar te laat waarsku sal deur die plae vernietiging belewe in die volheid van die grimmigheid van die toorn van God. Waar die trompette net gedeeltelik die aarde, see en kosmos geraak het, raak die plae die aarde in sy geheel en dui dit op volledige onomkeerbare oordeel. By die trompette is net ’n derde van die skepping getref. Die mens is nie geraak nie. Nou is daar geen verdere perke meer nie. Alles word in volle omvang getref. Die toorn bly gerig op dié wat die merk het en sy beeld aanbid.

	Trompette (Tref almal – beproewing, reiniging, suiwering)	**Bakke (Tref net die ongelowiges)**
1	Hael en vuur *op die aarde* gegooi, ’n derde van plantegroei verbrand, 8:7	Bak *op die aarde* uitgegooi 16:2 Mense word geraak.
2	’n Derde van *die see word bloed,* ’n derde van seelewe sterf, 8:8	*Die see word bloed,* die lewe uitgewis, 16:3
3	’n Derde van *riviere en fonteine* word bitter, 8:10	*Riviere en waterbronne* word bloed, 16:4
4	’n Derde van *die son* en sterre word verduister, 8:12	*Die son* verbrand die mense met vuur 16:8
5	Sprinkane uit die onderaarde *verduister die son en pynig die mense,* 9:1–12	Ryk van die dier word *verduister* en *die mense word gepynig* 16:10
6	Vier engele by *die groot Eufraatrivier* word losgemaak, 9:14	Bak word op *die groot Eufraatrivier* gegooi, 16:12
7	*Weerligstrale, dreunings, donderslae, aardbewing, haelstorm,* 11:19	*Weerligstrale, dreunings, donderslae, aardbewing, hael* 16:17–21
Bron: Dr EP Groenewald: Die Openbaring van Johannes		

1. Die eerste bak bring pynlike swere. Die mens word in sy gesondheid getref.
2. Die tweede bak verander die see in bloed. Die dood tref die mens in grootse geweld.

3. Die derde bak laat die waterbronne wat die bron van lewe is nuttelose bloed word. Hier is vergelding ter sprake (vs 6). (Sonder water is lewe onmoontlik.)
4. Die vierde bak tref die kosmos en die son verskroei die mense.
5. Die vyfde bak tref die troon van die dier, die antichristelike regerings van die aarde en sy maghebbers en tog kom daar nie weer bekerings nie. Hulle laster selfs meer. (Dier self word getref.)
6. Die sesde bak bring die veldslag van Armageddon, die laaste oorlog (Op 20:8-9). Die afstootlike paddas dui op die walglike demone wat nog hulle laaste kans waag teen die kerk van die Here. (Sinspeling op Meggiddo-vesting is simbolies. Vgl Rigt 1:27; 5:19; 2 Kon 23:29. (Matt 24:43-44; 1 Tes 5:2; 2 Pet 3:10). (Finale oorlog tussen die wêreldmagte aangehits deur satan. Die Armageddon is die plek waar die vyandige wêreldmagte vergader vir 'n uitwissingsoorlog. Armageddon verwys simbolies na die plek waar die vyande van God se volk verslaan is.) Die oproep is steeds helder soos in vers 15 – wees gereed, wees gelowig en gehoorsaam en wees heilig in Christus anders kom jy in dié oordeel. (Eufraatrivier is beskou as die skeidslyn tussen die volk in die beloofde land en die onbekende vyandige magte oos van die rivier – Babel, Persië en Assirië. As die rivier opdroog, stuit niks die vyand meer nie. Die aanslag van die leërs uit die Ooste is simbool van die finale oordeel.)
7. Die sewende en laaste bak bring die einde in volle krag en dit is die volheid van die eindoordeel van Christus. Hier kom die weerlig, donderslae en aardbewings van Op 8:5 weer terug. Die groot stad is die goddelose wêreld en dit skeur onherstelbaar en kom tot 'n einde (vgl Op 17 ev). Die eilande is die nasies en die berge dié wat magtiges onder die nasies is. Hulle vergaan in die oordeel van God. En wie nog sou ontkom, word deur die groot haelstene verpletter. Niemand ontkom aan sy oordele nie.

- 2 Pet 3:7

10. Wat is die boodskap tot dusver met hierdie verskriklike visioen?

As God verskyn om te oordeel dan tref Hy die heelal in sy geheel. Dit oortref die plae van Egipte wat nog maar net 'n voorspel was van waartoe God in staat is. God laat nie met Hom speel nie (vgl Heb 12:29).

Ook leer ons dat God regverdig oordeel en nie toelaat dat hulle wat sy profete en sy volk verdruk of gedood en vervolg het enigsins ongeskonde daarvan af kom nie. God vergeld hulle na hulle werke!

Die visioene oor sy oordele boesem ontsag by God se kinders in en ook dankbaarheid omdat ons nou verstaan waarvan Christus ons kom verlos het! 'n Ewige dankbaarheid word in ons opgewek!!

DIE BOEK VAN OPENBARING

OPENBARING 17

TEMA: DIE VAL VAN BABILON

1. Inleiding

- **‘**Ander’ blik op die einde
- Moeilike begrippe, miskien ook so bedoel?

2. Hoe onderskei ons die beeld van die vroue in die boek Openbaring?

Die vrou in Op 12 is die Ou Testamentiese kerk en bring die Messias voort en word mettertyd die verloofde en bruid van Christus in Op 19 en 21.

Die wêreld en sy geestelike verval word egter voorgestel in die beeld van die sedelose vrou of ’n hoervrou (Op 17), ’n groot internasionale prostituut! Hierdie teenbeeld vind ons ook op verskeie plekke in die Skrif, bv:

- Waar Israel soos ’n slegte vrou is wat weg hoereer van die Here
- Spr 5:3-6 waar die dwaasheid voorgestel word in ’n verleidelike vrou en
- Sag 5:5-11 word die sonde van die land voorgestel in die vrou in die efa (mandjie) - dus as ’n slegte of verleidelike vrou

Ander voorbeelde:

- Eseg 16:15
- Hos: 2:1-4
- Jes 23:15-18
- Nah 3:4

(Die vrou is simbool van die vroeë Romeinse Ryk met al sy gode. Sy is egter ook die simbool van enige goddelose regeringstelsel.) Haar onsedelike gedrag is die beeld van die ongeregtigheid van die goddeloses. Ons kan haar ook die **valse kerk** noem.

Teenoor haar verleidelikheid staan die opdrag van Rom 12:2 dat ons nie wêreldgelykvormig moet word nie. Die bruid moet haar geestelike maagdelikheid bewaar.

Die interessante ooreenkoms en verskil in die vroue van Op 12 en 17 is ook geleë in die feit dat die vrou in Op 17 haar **einde** bevind *in die woestyn*, maar die vrou in Op 12 **woon** (veiligheid, beskerming) *in die woestyn*!

Die vrou is die groot stad wat heerskappy oor die aarde uitoefen (vs 18). Het ons wel te make met die internasionale strewe? Die eeue-oue stryd en strewe na een wêreldstaat met een wêreldheerskappy? Dui dit dus die gevaar van internasionalisme en globalisme aan? Met die tegnologiese ontwikkeling blyk hierdie strewe al meer en meer moontlik te wees!

3. Wat is die verhouding tussen die vrou Babilon en die dier?

Die hoervrou sit op/by die baie waters (vs 1,15; Vgl ook Ps 137:1; Jer 51:13. Babilon was aan die

Eufraatrivier geleë met baie waterkanale). Dit dui op die menigte nasies, volke en tale wat hierdie vrou dra en aan haar bestaansreg gee. Sy leef nie uit God se genade nie, maar uit die welvaart van die wêreld.

Die dier kom op uit die onderaardse diepte (die hel? Vgl 17:8). Sy het op hierdie dier se rug gery (vs 3). Die dier is die **Antichris** self, en eintlik niemand anders as die dier uit die aarde van Op 13 nie. Sy word dus deur die antichristelike staatsmag (een wêreldstaat) gedra. (Sy dra ook haar eie naam op haar voorkop soos straatvroue destyds in Rome gedoen het.) Sy word genoem *"Groot Babilon, die moeder van die sedeloses en van die losbandigheid op die aarde"* (Vs 5) – die naam het 'n **verborge** betekenis. Die eerste lesers sou waarskynlik dadelik aan 'n stad soos die destydse Rome gedink het met sy weelderigheid, plesiersoekery en uitspattighede. Tog is dit die beeld van die hele wêreld van goddeloosheid en verleiding weg van God af - die sentrum van antichristelike verleiding op enige tydstip van die geskiedenis.

Sy is oormatig en uitspattig geklee in pers en helderrooi klere en goedkoop opgetooi met 'n oormaat van juwele, soos 'n tipiese goedkoop straatvrou. Die verleiding word voorgestel in die goue (aantreklike) beker van losbandigheid, onreinheid en onsedelikheid. En die feit dat sy dronk is van die bloed van die gelowiges dui op haar sukses om gelowiges te verlei en/of te vervolg! Dié wat vir Jesus getuig is natuurlik dié wat sy vervolg het! (Vs 6)

In sy verduideliking wys die engel aan Johannes dat die dier oppad is na die verderf (Vgl 1 Pet 5:8). Die antichris se eindbestemming is die verderf self, maar oppad daarheen soek hy om te verslind en saam te sleep al wat hy kan. Almal wie se name nie opgeskryf is nie gaan verwonderd (verlei deur ongeloof) agter die dier aan.

V9-11: Beskrywing van satan se finale stryd teen God. V9: Benodig verstand en wysheid.

7 koppe se betekenis:

- 7 berge - Rome was op 7 heuwels gebou. Egter simbool van alles wat sleg is – slegte mense, godsdienste, groepe, regerings of strukture wat teen Christus gekant is.
- 7 konings: Verklaar simbolies. Die meeste koninkryke se heerskappy is verby. Nog net 'n klein rukkie dan sal die dier self weer sy verskyning maak.

V12-13: Die ander konings wat saam met die dier regeer se heerskappy sal van korte duur wees. Hulle stel hulle mag en gesag tot die dier se beskikking.

V14: Konings veg teen die kerk (Lam). Niemand kan egter teen God standhou nie.

4. Waaroor het Johannes hom so verwonder toe hy die vrou sien?

Die valse kerk word voorgestel om byna soos die ware kerk van Christus te wees – 'n vrou in die woestyn! Die waarheid en die skyn is so naby mekaar. Tog is die een daar om die kerk van die Here om elke hoek en draai te verlei en die ander is die bruid van die Here. So naby en tog so ver uit mekaar!

V8: *"Eers was hy en nou is hy nie en tog sal hy wees"*: Die dier is tydelik in die onderaardse diepte waaruit hy te voorskyn sal kom oppad na die verderf toe. Satan is die teenstaander van God – Hy wat was, is en kom. (Vgl Op 1:4,8; 4:8). Die antichris het ook 'n wederkoms (2 Tess 2:9). Hy tree nou al op (1 Joh 2:18) en kom later weer.

Daarom dien vers 3 vir my as groot troos dat dit die **Heilige Gees** is wat aan Johannes hierdie dinge laat sien. Die Gees laat ons immers **onderskei** wie by die waarheid en die leuen staan. Gelowiges moet

hulle dus deur die Gees laat lei en moet die geeste op die proef stel! (1 Joh 4:1) Onderskeidingsvermoë kom egter nie soos Isebel in Tiatira dit wou hê nie – sy beweer hoe meer jy meedoen, hoe beter ken jy die vyand. Die Gees het ons egter deur hierdie gesig en deur die res van die Skrif die vermoë gegee om die ware en valse kerk te onderskei. (Vgl ook NGB 28, 29)

'n Verdere troos is dat Johannes ook die uiteinde van die sedelose vrou sien: Sy sal gehaat en kaal agter gelaat word. Wie agter haar aangaan sal net leegheid, weersin en wanhoop oorhou! (Vgl ook Ps 73 veral vs 17 ev). Sy bring niks meer in die sak nie as probleme en selfverwyt en uiteindelik verwildering. Die een op wie sy gery (geteer) het, sal haar vernietiging wees. Dit sal met haar gaan soos 'n groot stad wat verwoes word of 'n mens wat deur wilde diere verskeur word. Die ondergang van die vrou word deur die dier en die konings bewerk. (In 'n onheilige alliansie, stel elkeen sy belange eerste.) So is en was dit ook God se bedoeling en plan (Op 17:17). Terwyl ons op die Here wag en sy uiteinde met die valse kerk en die antichris, is dit dus belangrik dat ons onsself afvra waar ons as kerk self met die waarheid en leuen staan!

OPENBARING 18

TEMA: DIE VAL VAN BABILON (VERVOLG)

1. Waarom word die val van Babilon in die verlede tyd beskrywe?

Die waarheid van die profesie en die **sekerheid** van die oordeel oor die valse kerk en die tydsgees word daarmee bevestig. By God is dit vas besluit. In vs 21-24 word dit weer bevestig deur die beeld van die meulsteen wat in die see gegooi word. So 'n swaar klip kry jy nie weer na die oppervlak toe nie. Die stad se val is dus vas en **permanent**. Alles wat nog die stad se lewe opgevrolik het, het tot 'n finale einde gekom – die woordjie "nooit" kom 6 maal voor om die verskriklike **finaliteit** aan te dui! Soos die swaar klip wegsink in die see (word met geweld gegooi), so sal Babilon van die aangesig van die aarde af verdwyn. Dit is finaal. Alles sal verdwyn – kuns & kultuur (musiek), ambagsmanne (handel & ekonomie; industrie), meul (normale leefwyse), lig van die lamp (huislike en dekadente groot stadslewe wat nag ook verlig) en die stemme van die bruid en bruidegom (toekomsverwagting).

- Vs 1: Groot gesag, sterk engel
- Vs 2: Jes 13:21-22; 21:9; Jer 50:39

Die algehele vernietiging van Babilon word uitgebeeld. Daar sal met geweld 'n einde gemaak word aan alles en almal wat God se planne in die wiele ry.

- V 8: Jes 47:8-9 gaan in vervulling.

2. Waaroor huil die die mense so vreeslik?

- Die **konings** (politieke leiers en aansienlikes) wat hulle vertroue op die stad, die valse kerk of vervalle gees van die wêreld gestel het, treur oor die val.

  "*In een oomblik het die oordeel oor jou gekom!*" (vs10).

  Die konings het die stad besoek en daar onsedelik verkeer. Hulle het moontlik ook transaksies beklink wat hulleself verryk het. Hulle staan ver weg, want hulle is bang dat hulle ook getref sal word. Hulle treur oor hulle eie verlies.

- Die **sakemanne** (die ekonome en handelaars) wat op die materiële hulle hoop gestel het, het alles verloor.

  "*Hierdie produkte wat die lus van jou lewe was, is nou daarmee heen.*" (vs 14).

  Die handelaars sal treur, omdat Babilon hulle beste klant was. Sake-ondernemings en regerings word dikwels op fondamente van hebsug, geld en mag gebou. Individue gebruik dikwels ook 'n bepaalde stelsel tot hulle eie voordeel. Dit is 'n waarskuwing aan ons om nie ons lewens oor te gee aan die verleiding van geld, status en plesier nie. Hulle staan ver weg, want hulle is bang dat hulle ook getref sal word. Hulle het selfbejammering oor hulle eie verlies.

Vs 11-13: Dui op uiterste materialsime. Min noodsaaklikhede op die lys, maar uiterste luukshede. Selfs mense word gebruiksartikels – die lewens van mense word verkoop.

- Die **seemanne** (stuurmanne - OAV) wat hulle hoop op internasionalisme, wêreldverbindinge en bondgenootskappe met ander moondhede gestel het en nie op die Here vertrou het nie en van die see (goddeloses) geleef het, treur oor hulle verlies. Die matrose sal nie meer goedere kan aflaai nie, want daar sal niemand meer wees om dit te koop nie. Almal wat voordeel uit die bose stelsel getrek het, sal ingrypend geraak word wanneer dit vernietig word. Hulle staan ook ver weg, want hulle is bang dat hulle ook getref sal word.

    - Globalisme, 'konneksies', 'networking', ..op prinse vertrou...

God se kinders mag nooit net ter wille van die materiële dinge lewe nie en moet op hulle hoede wees vir gierigheid en manipulasie. In die ewige lewe sal slegs die geestelike dinge waarde hê.

Wêreldpolitiek, wêreldekonomie en wêreldkommunikasie staan verleë en *huil* oor die puinhope van Babel! Hulle is verslae en gooi stof op hulle koppe in roubeklag oor hulle verlies aan die tydelike dinge. Hulle vind geen troos in Christus nie – **geen ware berou nie**!

- Vergelyk Lot se vrou (Gen 19:15;26) (Wie agterbly kom om.)

Waaroor het Jesus in Luk 19:41 gehuil? Oor Jerusalem wat sy rug op die Verlosser gekeer het. So het Jerusalem (Israel) geestelik verval en deel van Babel geword! Jesus het nie net sy trane gestort nie, maar ook sy bloed – daarmee bou hy die fondament van sy nuwe stad, die nuwe Jerusalem! Ons treur nie oor Babel nie, maar jubel oor die Nuwe Jerusalem! Dan sal God al die trane van ons oë afvee (Op 21:4). Met Babilon se val, sien ons al die skimme van die Nuwe Jerusalem.

Wat oor Babilon kom, is die straf van God oor die sonde en die antwoord op die gebede van die siele onder die altaar. God doen aan die stad wat die goddelose stad aan die godvresendes gedoen het. Daarom kan al die gelowiges saam met die apostels, profete en hemelinge verheug wees oor die regverdige oordele van God. God maak die goddelose se netwerke in 'n oomblik tot niet! Babilon word behandel soos wat sy ander behandel het. Sy word vergeld vir wat sy aan ander gedoen het. Die 'groot' stad word 'klein' – verwoeste en verlate blyplek van duiwels en ongelowiges.

3. Wat is die rede vir die oordeel oor die stad Babilon?

In vs 24 is dit duidelik: "*Babilon is skuldig aan die bloed van die profete en die gelowiges, almal wat op die aarde doodgemaak is*". God se oordeel is regverdig en sal vergelding bring oor diegene wat sy kinders vervolg het! Al geniet die goddeloses hulle lewe op aarde ten koste van die kerk van die Here, is hulle uiteinde verskriklik.

- Ps 73

Laat dit vir die kerk van die Here 'n **waarskuwing** wees dat ons nie ons hoop vestig op die tydelike dinge van rykdom en materialistiese dinge nie. Die goddelose bou vir hulle 'n stad op aarde, terwyl die gelowiges maar net tentbewoners is wat weet dat hulle 'n vaste gebou in die hemel het.

- 2 Kor 5:1-5

Redes vir Babilon se val:

- Welgestelde sakemanne beheer nie net die lewe in die stad nie, maar die aarde. Geldmag het die moraal verkrag ter wille van winsbejag.
- Bedrog (wat toormiddels/dwelmmiddels insluit). (Vgl Nah 3:4). Babilon het die nasies ook verlei tot keiseraanbidding en die gevolglike onderdrukking van Christusaanbidding.
- Ernstigste aanklag: Skuldig aan die bloed van die profete en gelowiges (Matt 23:29-36, veral 35; Op 6:10; Jer 51:49)

4. Wat is die opdrag van die kerk volgens Op 18:4?

"Gaan uit haar uit my volk." Hier is 'n duidelike opdrag tot heiligmaking

Vs 4: Gelowiges word opgeroep om te vlug om so die sonde en die plae wat Babilon tref te ontvlug. Die volk moet die stad verlaat vir hulle eie behoud. Dit is nie 'n letterlike ontvlugting nie, maar 'n simboliese daad om nie deel te neem aan haar verkeerde dinge (sonde) nie. Babilon kry in dubbele maat terug wat aan die gelowiges uitgedeel is. Dit is deel van God se regverdige oordeel.

- Op 22:11

Ons moet anders leef en ons vertroue op die Here rig, dan sal die plae, die oordele van God ons nie tref nie. Heiligmaking word dus uiters belangrik!

- Jak 1:27

Is ons nie dalk nog heeltemal te aards-gerig en te materialisties nie?

5. Wat mag die gelowiges doen as God sy oordeel oor die stad en oor diegene wat op haar vertrou het, voltrek?

Vers 20 gee ons die vrymoedigheid om te juig en te jubel. Die hemel word opgeroep om te juig oor die regverdige voltrekking van God se oordele. God is getrou in sy oordele en sal die bloed van die martelare wreek. God se oordeel is een van reg en geregtigheid!

Troos:

- Heb 10:32-39

OPENBARING 19

TEMA: DIE BRUILOF VAN DIE LAM

1. Hoe vergelyk die lied van Openbaring 19 met die reaksie van die wêreldlinge?

Met die val van Babilon hoor ons drie maal *"wee, wee jou, o groot stad"* of *"hoe vreeslik, hoe vreeslik, die groot stad"* – Uitroepe deur die goddeloses wat in volkome rou gedompel is en treur oor die val van die stad Babilon. Hulle wat hulle hoop op die sogenaamde aardse en wêreldse grootsheid gestel het, is soos die vrou van Lot: Hulle staan van ver af en toekyk - sonder berou - want hulle het hulle hart in die wêreld met sy verleidinge verloor.

Die hel kan gesien word as 'n **ewige** doodgaan, 'n **ewige** verval, 'n **ewige** rampsaligheid.

Daarteenoor hoor ons die loflied, soos 'n bruilofslied waarin die vreugde en dankbaarheid van die gelowiges verbeeld word. 'n Groot menigte (vgl Op 9:7) wat onder leiding van die ouderlinge (Op 5:9 ev) en vier lewende wesens drie maal "Halleluja" uitroep. Hulle prys die Here vir sy verlossing. Sy oorwinning is volkome en volkome regverdig ("*haar rook styg op tot in **ewigheid**"* [Vs 3]. Die vuur waarmee Babilon verbrand word, word nooit geblus nie. Daar is geen verandering of einde aan haar oordeel.). God laat reg geskied aan sy kerk.

Hierdie lied van die kerk groei tot 'n koor van almal wat aan God behoort, *"al sy dienaars wat hom vrees, klein en groot"* (Vs 5), totdat dit 'n massakoor is wat klink soos die gedruis van 'n menigte waters en swaar donderweer.... en weer is daar die gesamentlike (vierde keer!): **Halleluja**! (Vs 6) (Hallelujakoor in Openbaring!) Christus heers as Koning en die lof van die oorwinning kom aan God die Almagtige toe! Dit is die antwoord van die kerk op die rouklaag van die wêreld. Die bruilofsfees het aangebreek.

(Vgl die Klaagliedere oor die val van Babilon met die Jubelliedere in die hemel.)

2. Waarom word die oorwinning hier verbeeld in terme van 'n bruilof?

As ons onthou dat die bruilof destyds oor 'n paar weke gevier is, dan begryp ons die beeld van die gereedmaking. Eers was daar die verlowing, dan 'n kort tyd van skeiding en gereedmaking en dan die bruilofsfees wat selfs 'n week lank kon geduur het.

Christus is die Bruidegom en sy kerk die bruid en Hy is oppad om haar te kom haal. Met sy oorwinning by Golgota het Jesus reeds die bruidskat betaal en Homself aan ons verloof (verbond gesluit). Noudat die konkurrent, die bose, die sedelose vrou, Babilon oorwin is, nou is die Bruidegom gereed en die bruilof het aangebreek.

So is daar vir die kerk reeds feesvreugde, daar is verwagting, want die Bruidegom is oppad en die bruid en bruilofsgaste maak hulle gereed. As Hy kom sal die Nuwe Jerusalem kom, *"soos 'n bruid wat vir haar man versier is"* (Op 21:2). Ons is nou in daardie "verlowingstyd" - en dit is die tyd van "vergunning," genadetyd (die halfuur van Op 8!) waartydens die bruid haar bruidsrok maak en haar optooi in die mooiste mooi, vir haar Bruidegom! Fyn, helder, blink klere! (In teenstelling met die uitspattige klere van die sedelose vrou, is die klere van die Bruid van Christus *"fyn, skoon en wit."*) Gewas in die bloed van die Lam (Op 22:14) is hulle sondes vergewe en leef hulle 'n lewe van heiligmaking – "*Hierdie klere is die*

regverdige dade van die gelowiges"(Op 19:8). (Goeie werke van die gelowige verrig uit liefde vir die Here – Ef 2:10 – vorm die bruidskleed van die kerk van Christus. Dit is nie haar verdienste nie, maar die genade van God.)

Vgl ook:

- Hos 2:1,9; Eseg 16:8; Jes 54:1-8 –Verhouding tussen God en sy volk in OT as huwelik uitgedruk.
- Matt 9:15; Matt 22:2; Joh 3:29 – Jesus verwys na Homself as bruidegom.
- Ef 5:25, 32 – Paulus praat van die gemeente as bruid van die man, naamlik Christus.

Die kerk is alle getroue gelowiges van alle tye en die reinheid van die bruid kontrasteer skerp met die ontrou van die sedelose vrou. Die kerk word uitgebeeld as bruid (Vs 7-8) en as bruilofsgaste (Vs 9). Ons is aan Christus gegee en is daarom sy bruid, maar ons is ook deel van God se koninkryk en daarom genooide gaste.

- 2 Kor 4:17

Die heerlikheid wat wag, word beskryf as die bruilof van die Lam. Nou het die tyd vir die bruilofsmaal gekom en die bruid het haar daarvoor gereed gemaak.

Die vraag is dus aan die kerk: waarvoor gebruik ons die tyd van die verlowing? Is dit die tyd vir die selfverryking met die wêreld wat al hoe vuiler word of gebruik ons dit om al heiliger te word (Op 22:11)? Die halfuur van Op 8:1-5 moet gebruik word om wierook te wees, waarin ons in gebed en aanbidding ons voorberei vir die wederkoms van ons hemelse Bruidegom!

3. Wat beteken die verklaring van die engel? (Vs 9-10)

Met die oproep van die engel moet Johannes dit as die volle waarheid van God neerskryf. God troos sy kerk met die waarheid van die evangelie van oorwinning. As dit lyk of die Here vertoef om te kom, moet ons vashou aan sy belofte van die wederkoms wat feesvreugde sal bring. (Onthou hier weer die tema van die boek: "Kyk, Hy kom met die wolke..." (Op 1:7).

Salig/geseënd is diegene wat na die bruilof genooi is. Hier word die kerk weer uitgebeeld as **eregaste** na die bruilof. (4de van die 7 "geseënd"-uitsprake in Openbaring.) Die klem moet hier geplaas word op die feit dat die evangelie 'n uitnodiging is – dit is 'n genadegawe van Bo en geen eie verdienste nie! Die uitnodiging is, soos dit destyds met 'n bruilof gedoen is, die roeping om na die fees te kom.

Griekse woord **"kaleo"** is baie sterk**.** Dit gaan nie oor die uitnodiging en die vryheid van die mens se keuse om te aanvaar of nie! Hier het ons te make met die roeping tot geloof (die gawe van geloof) wat die genadewerk van die Heilige Gees is – *"dit is die Gees wat die profesie gegee het"* (vs 10). Die Gees roep deur die profesie - dit is die bediening van die Woord! Om die ewige lewe te ontvang is pure genade, 'n gawe wat uitgedeel word deur die krag van die Woordbediening!

Daar is maar een manier om te antwoord op die roeping: Aanbid God! Glo! Glo en leef uit geloof. Dit is ware aanbidding. Die Skrif is die profetiese woorde van God en dit is waar! Dit is die versekering dat ons geloof nooit tevergeefs is nie. Christus het die bruidskat, die losprys ten volle betaal, Hy is die Oorwinnaar op die wit perd (Op 19:11) en deur die geloof kry ons vas en seker deel aan al die ewige genade en vreugde wat Hy vir ons verdien het!

Weer is ons by die gedagte van Op 8 – aanbidding soos wierook (heilige lewe) waarin ons gebede opstyg voor God. Buig in gehoorsame geloofsaanbidding en laat jou lewe (gehoorsaamheid) getuig van die feit dat jy soos die bruid jou klere (lewe) gereedmaak vir sy wederkoms!

'n Oproep tot groei:

- Hebr 6:1
- 2 Petr 1:20-21
- 2 Petr 1:10

(Op 19:10: Johannes wil die hemelwese aanbid, maar word verhinder, omdat slegs God aanbid moet word.)

4. Wie is die Ruiter op die wit perd?

Jesus Christus self, die Bruidegom wat in heerlikheid as die Oorwinnaar kom! Met sy eerste koms kom Hy nederig op 'n donkie om te toon dat Hy die Dienaar van God en sy kerk is. Hy het gekom en sy lewe oorgegee vir sy kudde! Nou is Hy die Oorwinnaar wat op 'n koninklike perd ry! Dit is egter geen romantiese prentjie nie - Hy is op die oorlogspad. Agter hom volg die hemelse leërs in 'n heerlike triomftog

- Kol 2:15

Sy naam is "*Getroue en Betroubare"* (Slegs Jesus Christus is só genoem [Op 1:5; 3:4], sodat daar geen twyfel bestaan oor wie die Ruiter is nie. Dit is nie dieslefde perd as in Op 6:2 nie.) – Hy was getrou aan sy roeping en op Hom kan ons ten volle vertrou! Sy Naam ken niemand, want hy is **uniek**. (Niemand kan Hom deurgrond nie.) Tog word Hy genoem die *Woord van God* – Hy is die vervulling van al die beloftes van die Woord! (Joh 1:1; 1 Joh 1:1) Hy kom oorlog maak teen die goddelose wat agter die diere uit die see en die aarde aangegaan het.

Ons sien weer die Christus van Openbaring 1 – sy oë vlam soos vuur en heerserskrone (Onbeperkte getal – sy gesag en heerskappy ken geen grense nie. Die draak het 7 gehad en die dier 10 – beperkte mag.) op sy kop. Uit sy mond kom die swaard (Heb 4:12) en Hy het 'n ystersepter. Vir die nasies is daar geen genade meer nie! Sy klere is deurweek met bloed, die bloed van betaling vir mense se sondes. Op sy klere is die Naam wat bo elke naam is (Fil 2) – *"Die Koning van die konings, en die Here van die here."* Hy word gevolg deur die hemelse leërskare, die engele wat die oordeel sal voltrek - ook hulle ry almal op wit perde. Christus kom in heiligheid en met geregtigheid.

5. Wat is die doel van die koms van hierdie heerlike Ruiter op die wit perd?

Hy kom as oorwinnaar en Regter (2 Tess 1:7-10). Sy doel is om die finale oordeel oor die goddelose en die diere wat die draak gehelp het te voltrek. Die oordeel het aangebreek. Die aasvoëls word opgeroep om die vleis van die goddeloses en hulle leiers (verleiers) te eet. (Vgl Eseg 39:4,17-20; Matt 24:28) Niemand van die goddeloses word ontsien nie: "*vryes en slawe, klein en groot*" (vs 18). Die genadetyd is verby! Sy koms sal nie sonder weerstand wees nie. Die dier uit die see en die politieke leiers poog om weerstand te bied in 'n oorlog teen die Lam van God. Hulle en ook die dier uit die aarde, die vals profeet (dwaalleraars), word egter oorwin en in die poel van vuur gegooi. Nou bly nog net die draak oor! (Hy oordeel met geregtigheid.)

(Bruilofskleed vs Finale verwoesting)

Vs 19-21: Die antichris en vals profeet het al die regerings en leërs van die aarde onder aanvoering van die antichris self byeengebring. Hulle is onder die indruk dat hulle uit vrye wil opgeruk het, maar dis eintlik

die Here wat hulle finaal aansê tot die stryd, sodat Hy hulle finaal kan verslaan. Daar is egter geen geveg nie...Jesus het reeds die oorwinning behaal toe Hy aan die kruis gesterf en uit die dood uit opgstaan het.

6. Hoe vergelyk die eerste koms met die tweede koms (wederkoms) van Christus?

Eintlik moet ons dit alles sien as een groot koms van die Here, ons Bruidegom. Van die eerste koms waar Hy Hom aan sy kerk verloof het, tot die finale einde, as die ewige bruilof aanbreek, is eintlik alles een groot oorwinningswerk van Christus. Hy kom om vrede en vreugde te bring deur reg en geregtigheid. Ons Regter is ook ons Verlosser!

By die geboorte van Christus in Betlehem verskyn ook die engele, die hemelse leërskare – 'n gewapende soldatemag uit die hemel! Hulle sing van *"vrede op aarde,"* maar dan kom daardie vrede deur die swaard en deur stryd... Ook by sy wederkoms is dit juis hierdie hemelse weermag wat hom volg en sy oordele uitvoer! Christus kom en vervul die belofte van die paradys en oordeel in geregtigheid oor al sy en my vyande, terwyl ons uit genade soos 'n brandhout uit die vuur gered word! Hy reken met 'n verskriklike oordeel af met die diere en hulle volgelinge. In hoofstuk 20 maak Hy ook korte mette met die draak/satan en almal wat deur hom verlei is.

Jesus Christus is voorwaar: **Koning van die konings, en Here van die here!**

Halleluja!

- *"Nadat die bruid haar gereed gemaak het vir die bruilofsmaal (19:5–10) word die koms van die Bruidegom verwag.*
- *Hy verskyn as die Ruiter op die wit perd (19:11–16) om die aanvoerders van alle opstand teen Hom en sy koninkryk te verslaan, eers die dier of antichris en die vals profeet (19:17–21), en daarna die draak of Satan.*
- *Laasgenoemde word vir duisend jaar gebind (20:1–6) en daarna finaal oorwin (20:7–10).*
- *Nadat al die vyande oorwin is, volg die laaste oordeel oor alle mense (20:11–15).*
- *Dan kom die nuwe skepping tot stand, 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde (21:1–8), en die nuwe Jerusalem daal neer uit die hemel (21:9–22:5).*
- *Dit word aangedui as die bruid van die Lam (21:9–14), en in sy heerlikheid beskrywe (21:15–21) as die hemelse verblyf van 'n nuwe mensheid (21:22–26) waar almal in volle geluksaligheid by die waters van die lewe en tot in alle ewigheid regeer."*

Bron: Dr EP Groenewald: Die Openbaring van Johannes

OPENBARING 20

TEMA: SATAN GEBIND!

1. Wat is die Chiliasme of millennialisme?

Die Chiliasme (Gr = chilias = 1000) en Millennialisme (Latyn - mille annus = 1000 jr) leer dat daar voor die eindoordeel 'n eerste wederkoms van Christus sal wees, wanneer die sogenaamde (geheime) wegraping van gelowiges sal plaasvind. Daarna sal die gelowiges in 'n duisendjarige vrederyk by Christus woon. Dit word na duisend jaar gevolg deur die kort tydperk waarin die Satan losgelaat word en die gelowiges geweldige aanvegting van Satan moet verduur. Eers daarna volg die tweede en finale wederkoms en oordeel van Christus.

2. Is die hoofstuk chronologies of nie?

Om Openbaring 20 te verstaan is dit nodig dat jy weereens besef dat die visioene van die apostel **nie in chronologiese** volgorde geopenbaar word nie. Openbaring 20 gaan wel oor die **eindoordeel** (Vgl. Vs 11-15), maar die binding van die draak wat hier in verse 1-6 beskryf word, is **nie** 'n gebeurtenis wat na die wederkoms van die Here eers gaan plaasvind nie. Nee, dit gaan juis die wederkoms van die Here Jesus **vooraf**!

- Op 12:7-9

Ons teks dui met die name van die Satan aan dat ons die verband met hoofstuk 12 nie moet vergeet nie. Dieselfde name word in Op 12:9 gebruik. Hy word genoem:

- **Draak:** Afskuwelik en sterk; Slang van ouds: verleidelik, bedrieglik

en WEER

- **Duiwel:** Verdeler, vernietiger; Satan: teenstander, aanklaer

Hy word in beide hoofstukke (Op 12+20) so benaam en lê die ontknoping van hierdie hoofstuk juis daarin.

In hoofstuk 12 gaan dit om die Satan (draak) wat die kind wil verslind. Hy wil verhinder dat Christus met sy eerste koms (Bethlehem...) sy roeping volvoer. Daarin slaag hy nie en gaan dan daartoe oor om die vrou en haar nakomelinge te vervolg. (Lees Op 12:18). Daarvoor moet hy die dier uit die see en die dier uit die aarde aanstel. Hulle maak dit bitter vir die gelowiges in die wêreld in die laaste dae (= tyd na eerste koms tot die wederkoms).

3. Waarom doen hy dit nie self nie?

Hier in hoofstuk 20 kry ons die antwoord. Die Satan is vir duisend jaar lank GEBIND! Met die koms van Christus in Betlehem het dit begin. Satan kon sy geboorte nie verhinder nie. Later, met die oorwinning oor die duiwel in die woestyn, toe dié Hom versoek het, demonstreer Jesus hoe Hy mag het oor die Satan. Daarna word dit telkens weer bevestig as Jesus die duiwels uit besetenes uitdryf! Uiteindelik met sy oorwinning aan die kruis en met sy opstanding en hemelvaart word die Satan se BINDING ten volle bewerk. Die slang se kop is vermorsel!

4. Wanneer begin die 1000-jarige vrederyk (binding)?

Die duisendjarige binding begin by die volledige eerste koms van Christus wat deur die vier Evangelies beskryf word. Dit duur tot kort voor die wederkoms. Duisend jaar dui hier simbolies op ’n bepaalde, vasgestelde, afgemete en begrensde tyd, wat wel lank duur, maar wat ook tot sy einde sal kom. Die duisend dui ook op die volheid van hierdie tydperk, wat daarin geleë is dat die raadsplan van God ten volle tot uitvoering sal kom (o.a. die sewe seëls word almal oopgemaak - Hfst 5 e.v.).

10x10x10 = 1000 (10 = volkomendheid, volmaaktheid)

5. Hoe is die Satan gebind?

Hierdie tydperk is Satan gebind met 'n sterk ketting. Omdat die Satan 'n wrede, woeste draak is, is 'n sterk ketting nodig sodat hy nie kan loskom nie, tensy God dit wil (nie letterlik ‘n ketting nie). Dit was egter nie so 'n maklike taak om hom te bind nie. Daardie vreeslike name dui daarop dat hy in groot verset gekom het teen sy inhegtenisname. Kyk hoe het hy in die lewe van Jesus gepoog om Hom te versoek...in die woestyn, deur die vrae van wetgeleerdes, sy eie dissipels verraai en verloën die Here en selfs die vrou van Pilatus probeer die kruisiging verhinder!

As Jesus aan die kruis hang, hoor jy die geslepe slang deur die stem van die spotters wat roep: As u die Seun van God is, kom van die kruis af...Satan veg daar met sy rug teen die muur en probeer die kruis verhinder, omdat hy weet dat die gevolge daarvan vir hom geweldig is. So het hy hom met alle mag verset teen sy binding.

MAAR, ons lees dat hy oorwin en gebind word. Die engel wat die sleutel het van die onderaardse diepte, het die draak geboei en in die diepte gegooi en hom toegesluit en dit verseël. Al die maatreëls is getref om hom vir die bestemde tyd te bind. Hy sal nie meer in staat wees om self sy diaboliese werk te doen nie. So lees ons in vs 3: *"sodat hy nie meer die nasies kan verlei, voordat die 1000 jaar om is nie".* (2 Pet 2:4; Judas: 6) Die Satan is nog tot baie dinge in staat, maar hy kan nie doen wat hy graag wil nie (1 Pet 5:8): Hy kan nie gedurende hierdie tydperk die nasies mobiliseer teen die kerk van die Here nie! Die evangelie kan dus vrylik aan al die nasies verkondig word. Sy trawante (diere v. Op 13) verlei die mense en saai die leuen met hul valse profesieë, maar eers na die 1000 jaar word die Satan self losgelaat (Op 20:7,8) en wel vir 'n kort tydjie. Dan sal hy die nasies versamel en aanvoer in die groot slag van Armageddon (Op 16:16;19:19;20:7,8). Hy sal die heidennasies saamsnoer in een wêreldmoondheid onder 'n eenvormige "geloof" (holisme) en teen die gelowiges te staan kom.

6. Watter troos vind jy in hierdie binding van die Satan?

Vir die gelowiges is hierdie binding van Satan tot groot TROOS. God is steeds in beheer! Hy sit op die troon. En die draak, die duiwel, is aan Hom totaal ondergeskik! Jesus se kruisoorwinning, opstanding en hemelvaart is daarvoor verantwoordelik! Daar het Hy alle mag verdien en word Hy die Koning van die konings en Here van die heersers.

En as Satan dan wel losgelaat word, so sê ons teksvers, sal dit net vir 'n kort rukkie wees. Die Satan sal dus net vrygelaat word om sy finale aanslag te loods, wat hy buitendien gaan verloor...hy word dus net losgelaat om finaal oorwin te word en in die poel van vuur te beland, daar waar sy trawante, die twee diere, ook is (Op 20:10)!

As ons egter die verband met die volgende verse bekyk, dan sien ons daarin die openbaring van hoe dit in hierdie tydperk van Satansbinding, met die gelowiges gesteld is! (Vs 4-6). Johannes sien trone in die hemel en die gelowiges wat gesterf het, gaan sit op daardie trone om saam met Christus te regeer. Wie is hulle? Ons lees hier van "siele." Hulle wat as gelowiges gesterf het se siele is in die hemel en is lewend by God! Die trone dui juis op die heerlikheid wat hulle alreeds ontvang het. Daar is dus na die dood nie so iets soos 'n "sieleslaap" nie - die Woord leer ons geen bewustelose tussentoestand nie, maar dat mense van wie die liggaam en siel wel geskei is, nà die dood wel lewe! Hulle lewe by Christus. En hulle is nie passief nie, hulle het werk in die hemel...hulle sit op die trone en regeer saam met Christus! Daarom praat Johannes hier van "die eerste opstanding" (Vers 5). In al ons droefheid by die dood wat ons elke dag bedreig en dikwels bedroef,

mag ons dus met sekerheid weet: Die dood is nie die einde nie, maar dit is die begin van die saligheid. By die sterfte van 'n gelowige mag ons met sekerheid weet, dat so 'n persoon opgestaan het (1ste opstanding) (1 Tess 4:13-18 = ontslaap) (Luk 23:43; Fil 1:23) en dat die dood niks anders is nie as 'n deurgang tot die ewige lewe! (HK Sondag 16) (Hulle is geseënd.)

Op 20:6 bevestig dit as daar gesê word dat "die tweede dood" (dit is die ewige dood) oor hierdie gelowiges geen mag het nie. Wie dus sterwe, gaan dadelik na Christus toe en by die tweede opstanding (dan word liggaam ook lewend) (waarvan ons in verse 12,13 lees), sal siel en liggaam eers weer verenig word en sal die ewige lewe in volkomenheid aanbreek!

Die ongelowiges is "die ander dooies" waarvan in vers 5 gepraat word. Hulle sterf in hierdie tyd reeds tragies! Hulle sterf om die verderf (die hel) in te gaan. Hulle sal slegs lewend word om geoordeel te word en met siel en liggaam in die poel van vuur te beland (vers 15) - dit is die tweede dood!

Vir ons is die duidelike boodskap dat hierdie tyd waarin ons nou lewe, 'n tyd van geloof moet wees. Geloof sal die VERSKIL maak oor wat ons bestemming sal wees. Geloof wat ons daarvan weerhou om die dier en sy beeld te aanbid en om sy merk op ons voorkoppe te dra (vers 4). Jesus sê in Joh 11:25,26 "*Wie in My glo sal lewe al sterwe hy ook; en elkeen wat lewe en in My glo, sal in alle ewigheid nooit sterwe nie.*"

7. Openbaring 20:7-10 - Die Satan word oorwin

- Op 20:3 en 7

Die duiwel word losgelaat om die kerk nog ’n klein rukkie te verdruk. God laat dit toe, want Hy wil hê die duiwel moet in opstand kom, sodat Hy hom **regverdiglik** kan oordeel. Die Satan word nou losgelaat en trap al hoe dieper in die dryfsand.

Nou mik die Satan vir globalisme, internasionalisme, wêreldeenheid, globale bewindhebber - onder leiding van die Gog en Magog.

(Loslating van Satan = toename in felheid in sy aktiwiteite hoe nader die einde kom.)

- 1 Kron 1:5; 5:4
- Gen 10:2
- Eseg 38:2+6

Magog = Een van die seuns van Jafet en ‘n land in die uithoeke van die noorde. Gog = Hoofregeerder van Mesek + Tubal). Beide is verbondsname - die aanval kom dus uit die binnekant van die kerk . Kerkmense gaan dus nie almal uitverkies wees nie! Oor die uiteinde van die stryd heers daar geen onsekerheid nie. Gog en Magog is dus simbool van Christene wat in die Naam van Christus self die kerk verlei het (al die nasies op aarde).

- Rom 9:6

Die vuur het uit die hemel gekom – van BO af! Ons verlossing kom van BO af. Die Nuwe stad daal neer...Nou is die duiwel en sy trawante vir ewig weg. “*Hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid.”*

- 1 Kor 15:26.

Nou nog net die laaste vyand! Die dood.

8. Wat leer ons van die laaste oordeel in Op 20:11-15?

Die aarde het weggevlug ... alles wat nietig, verganklik en sondig is, gee pad - vir die verganklike is daar net nie meer plek nie!

- 2 Pet 3:7

Die hele skepping word geraak. Die oordeel geskied deur Hom wat op die troon sit: Jesus Christus is die Regter. Die Leeu en die Lam! Nie meer die Man van Smarte nie, maar die Seun van die mens! Die Alfa en Omega! Die Koning van die konings en Here van die here!!

Johannes sien baie mense - **alle** mense voor die troon en die **boeke van die gewete** is oopgemaak.

- Luk 8:17
- Luk 12:2
- 2 Kor 5:10
- Matt 12:36
- NGB Artikel 37

Elkeen sal rekenskap gee – hoeveel keer het jy gesondig en dit nie geweet nie...

Die uitverkorenes word nie veroordeel nie. (Joh 3:18). God het hulle sondes vergewe en sal nooit weer daaraan dink nie. (Jes 43:25; Jer 31:34)

Die verskriklike dag bring egter ook die **troos van die boek van die Lewe** (vs 12)! Redding is 'n gawe van God se verkiesende liefde! Skape en bokke word geskei en oordeel en genade word uitgedeel!

Dié wie se sonde nie vergewe is nie se verkeerde dade staan nog opgeskrywe in die ander boeke en word hulle daarvolgens geoordeel. (Ps 28:4; 62:13; Jer 17:10; Rom 2:6; 1 Pet 1:17)

Die vuurpoel is die tweede dood, die ewige dood, die hel self. Die dood en doderyk beland ook self in die vuurpoel.

- 2 Tess 1:3-9
- Matt 25:46

OPSOMMING:

- **1e dood:** Liggaamlike dood
- **2e dood:** Liggaamlike en geestelike dood = vuurpoel

- **1e opstanding:** Weergeboorte, lewe uit die geloof, bekering
- **2e opstanding:** Liggaam en siel verenig

- **1e koms:** Kersfees-Paasfees-Hemelvaart
- **2e koms:** Finale wederkoms

Christus bind die duiwel – die duiwel is uit die hemel gegooi.

- Luk 10:18: Toe sê Hy vir hulle: "*Ek het die Satan soos 'n weerligstraal uit die hemel sien val.*
- 2 Tim 1:7 "*Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing."*

TWYFEL **(**Voorbeeld van Johannes die Doper)

- Luk 1:5-45. Lees vers 12-17 en 39-45. Hy het al geloofsekerheid gehad voor Jesus gebore is.
- Luk 7:20. Hoe moet ons iemand begelei wat twyfel?

- **'geloofstwyfel': Bid** en **wag** vir die Here. Gaan na die Woord vir antwoorde en jy sal vrede kry! Sodoende maak jy die deur oop vir die Heilige Gees.

NIE

- **'verwyte-twyfel'** waar jy met die Here baklei en net vrae vra en verwyt nie. Hoekom ek? So maak jy die deur vir die duiwel oop.

OPENBARING 21

TEMA - DIE NUWE HEMEL EN AARDE – ALLES NUUT!

1. Waar is ons nou in die verloop van die openbaringsgeskiedenis?

As ons van voor af begin, lees ons in Gen 1:1 van die eerste skeppingsoomblik. God het die hemel en aarde geskep. Hemel en aarde is hier die begrip vir die geskape heelal en dit gaan nie oor die hemel as God se woonplek nie. As ons 2 Petrus 3:5-7 hierby lees, sien ons dat daardie 'hemel en aarde' reeds een keer vergaan het in die oordeel van die sondvloedwater. Die tydperk na Noag was soos 'n "herskape" hemel en aarde. Die 'hemel en aarde van vandag' word bewaar vir die oordeelsdag, as alles nie met water nie, maar met vuur sal vergaan.

So gebeur dit dan dat ons hier lees in Openbaring 21 dat die apostel 'n nuwe hemel en aarde sien. Die eerste hemel en aarde, dit is die hele skepping, het verdwyn in die vuur van geregtigheid. In sy plek verskyn die Nuwe Jerusalem, die heilige stad, wat van God af uit die hemel kom. (Rom 8:18-21; 2 Pet 3:7-13) Van bo af en totaal nuut. God bring 'n totaal nuwe skeppingswerk tot stand. Volmaak en heerlik en skoon, soos 'n bruid wat haar vir haar Bruidegom gereed gemaak het! (Die nuwe aarde is nie noodwendig 'n nuwe fisiese aarde nie. Dit is egter nuut, want dit is God se volmaakte woonplek. Dit sal ook 'n volmaakte saamwees beteken tussen dié wie se name in die boek van die lewe staan en God.)

Die see was nie meer daar nie. (See = aanduiding van die sondige en sataniese.) Die wêreldstad, sinnebeeldig Babel (Babilon – Op 17-20) met sy goddeloosheid, het deur die oordeelsvuur van God vergaan en toon geen bedreiging meer vir die volk van God nie. Die kerk is afgesonder as bruid vir die komende Bruidegom, wat Hom met sy eie bloed aan haar verloof het. En nou sien Johannes hierdie nuwe kerk neerdaal van God uit die hemel. Die werkwoord is in die teenswoordige tyd (Praesens Part), wat aandui dat dit 'n voortdurende proses is. Die ou stad word dus deur die nuwe vervang op 'n deurlopende basis. Soos Christus aan die kom is, so kom die koninkryk, totdat die oomblik van sy verskyning deurbreek en Hy "alles nuut maak" (vs 5). Die vernuwingswerk is van God, die stad kom "van God af uit die hemel." Die hele proses van heiligmaking van sy aardse kerk is die werk van God – 2 Kor 5:18! In 'n bepaalde sin is dit dus nou reeds in die tyd op deurlopende basis besig om te gebeur! Elke oorwinning en elke bekering vir die koninkryk bring die Nuwe Jerusalem 'n tree of wat nader! En soos die bruid haar gereed maak (Op 19:8) so kom die nuwe Jerusalem deur die genadewerk van Christus, totdat sy (die Grieks gebruik vroulike terme) op die jongste dag in volle heerlikheid verskyn en dan is dit die bruilof van bruid en Bruidegom, die kerk en Christus!

2. Wat beteken die woorde van vers 3: *Die woonplek van God is nou by die mense*?

Ons het reeds geleer dat die boek Openbaring baie met 'tabernakelterme' werk (kandelare, wierook, ens). Letterlik staan hier geskrywe dat God by die mense sy tent sal opslaan. Hier verwys dit na die tabernakeltent wat God in die middel van sy volk destyds in die woestyn opgeslaan het. Hy woon onder sy volk. Nou is dit egter nie net meer in die tydelike tabernakel van destyds nie, maar word die simboliese betekenis van die tabernakel hier in volheid vervul. Die verbonds-werklikheid dat ons sy volk is en Hy ons God, as God in volle heerlikheid as't ware by ons "tabernakel." Geen hindernis, geen onvolmaaktheid, geen simboliek meer nie, maar God in ons en ons in God!

En dan laat die Gees vir Johannes hierdie woorde skrywe om enige moontlik twyfel uit te wis: *"Skryf hierdie woorde op, want hulle is betroubaar en waar."* Onthou dat hierdie boek aan die vroeë kerk in tye van vervolging en swaarkry geskryf is. Die waarheid moet hulle hoop en verwagting sterk maak, veral in swaarkry tye wanneer die geloof soms sterk onder die druk van twyfelmoedigheid kom. Hou gerus vas aan hierdie hoop, want dit is die reine waarheid en kom van God self!!

3. Hoe word hierdie verklaring van Christus se deurlopende herskeppingswerk in Op 21:5 bevestig?

Ons lees *"Hy wat op die troon sit sê: Kyk Ek maak alles nuut."* (God is nou self aan die woord.) Die werkwoord is hier in die Grieks in die onvoltooide teenwoordige tyd. Christus is dus in 'n voortdurende proses besig met die herstel van die in-sonde-gevalle wêreld. Nou is dit egter in orde andersom: Hy begin nou deur die werk van die Gees in wedergeboorte en bekering by die hart en gees van die mens, en daarna, op die laaste dag sal Hy alles voltooi – 'n nuwe hemel en aarde, 'n nuwe volmaakte bestaan en bestel, die ewige volmaakte lewe in heerlikheid, waar daar geen leed, smart en pyn of dood meer sal wees nie (Op 20:14). Die dinge van vroeër het verby gegaan. Die trane word – so staan daar letterlik – uit ons oë uitgevee! Ons sal nie meer kan of hoef te huil nie.

4. Wat beteken die verdere verduideliking vanaf vers 6?

"Dit het klaar gebeur"! Hierdie herskepping is dus nie '*a pie in the sky when you die'* nie, maar het sy begin by die eerste koms van Christus, Immanuel. Johannes skryf daarvan in Joh 1:9-14 – "*Die Woord het mens geword en onder ons kom woon*." Hy het ons met God versoen. God het sy Seun na die wêreld gestuur en deur sy oorwinning kom woon God deur sy Heilige Gees in ons harte! En deur die Gees maak Hy ons elke dag meer en meer nuut na die beeld van Christus! (Ons is dus nou reeds nuwe skepsels, maar moet dit nog in volmaaktheid word.) So word ons kinders van God en daarom ook erfgename saam met Christus – vers 7 leer dat ons dit alles sal ERF! Verniet. Die water van die lewe uit die fontein van die lewe, verniet! (Die volmaakte gemeenskap met God laaf die gelowiges vir altyd.) Heerlike absolute verbondsvervulling! (Vgl ook die woorde in vers 7 *"Ek sal sy God wees en hy sal my seun wees.")*

5. Wat van die beskrywing van die hele optog in vers 8?

Terwyl die kerk die heerlikheid van die ewige lewe in die nuwe stad beërwe, sien ons daar in die verte die optog van goddeloses hulle pad loop na die verderf, die tweede dood (Vgl Op 20:14,15). Hulle stap die afgrond tegemoet waar die wurm nie sal sterf en die vuur nie uitgeblus sal word nie. So raak die gelowiges intens bewus van die lot van die goddeloses - om nooit, vir ewig te vergeet waarvan ons uit genade gered is nie! Hierdie mense is diegene wat volhard het op die sondaarspad en dus hulle nie bekeer het nie.

("Bang" verwys na dié wat hulle rug op God gekeer het en Hom nie verder wil volg nie. Hulle is nie sterk genoeg om standpunt vir Christus in te neem nie.)

Die seën wat die oorwinnaars ontvang:

1. Sal van die boom van die lewe eet (Op 2:7)
2. Nie in die vuurpoel gegooi word nie (Op 2:11)
3. Nuwe name ontvang (Op 2:17)
4. Mag en gesag oor die nasies hê (Op 2:26)
5. In die boek van die lewe opgeskryf word (Op 3:5)
6. Pilare in God se geestelike tempel gemaak word (Op 3:12)
7. By Christus op sy troon sit (Op 3:21)

6. Wat kan ons hieruit vir onsself vandag leer?

Maak seker dat jy aan die kerk van Christus behoort. Die ware kerk van ware gelowiges wat hulle daagliks bekeer en volhard totdat die oorwinning behaal is. Laat die Heilige Gees toe om jou daagliks te vernuwe en te verander na die beeld van Christus. Maak jou as bruid van Christus gereed vir die dag dat Hy met die wolke sal verskyn! So kom die koninkryk reeds nou in jou lewe en deur jou lewe ook daar waar jy leef en woon en werk. Leef die nuwe lewe wat Hy aan jou gegee het, nou reeds. En die Here sal jou lei en bystaan en bewaar, totdat jou voete in die ewige Sion staan!

Ds A Myburg wys op die mooi lyn in hierdie verse van : ’n Nuwe stad/wêreld
’n Nuwe lewe
’n Nuwe volk

7. Hoe bring jy die visioen aan Johannes by die woorde van Paulus in 1 Kor 2:9?

(Op 21:9-22:5 = Laaste visoen van Openbaring.)

Hierdie gedeelte bring ons by die hoogtepunt van die visioene van Johannes. Deur die Gees meegevoer sien hy die heilige stad, die bruid van Christus, die kerk van die ewige lewe. Tog sê Paulus dat niemand dit ooit gesien het nie en homself dit nie eers kan verbeel nie. Johannes sien ook nie hoe die stad self lyk nie, maar in simboliese taal beskrywe sien hy net die heerlikheid daarvan. Ons moet dus nie probeer voorstel hoe dit werklik sal lyk nie, maar wel in die geloof (deur die Gees) probeer verstaan dat dit ’n ewige volmaakte heerlikheid sal wees wat alle menslike verwagtinge oortref! Ons sal nie teleurgesteld wees nie!

Die engel neem Johannes juis na ’n **hoë** berg om hom die stad, die vrou van die Lam te wys. Van die gewone posisie op aarde kan ’n mens dit dus nie sien nie. Jy moet deur die Gees opgelig word en van bo af kan kyk. Die stad kom immers van bo af (vs 10 – van God af uit die hemel) en kan met aardse maatstawwe gemeet of begryp word nie. Die stad is die vervulling van al God se verbondsbeloftes.

Vers 9 meld dat een van die engele met die bakke van die laaste plae aan Johannes hierdie nuwe stad kom wys. Hier lê 'n duidelike verband met hoofstuk 17. Daar het hierdie engel Johannes ook die verwoesting van die hoerstad Babilon (ongelowige wêreld) laat sien. Babilon het geval en die nuwe stad van God is die oorwinnaar wat deur die oordeel (die plae) heen bewaar gebly het in die genade van God!
In sy kommentaar skryf **William Hendriksen** daaroor soos volg: "*Bokant die puin van die **hoer-stad** hang die luisterryke visioen van die **bruid-stad,** die stad van God, die Heilige Jerusalem wat neerdaal van God uit die hemel." (p. 183)*

8. Waarom word die stad die vrou van die Lam genoem?

Die kerk word regdeur hierdie boek vergelyk met ’n vrou of met die bruid wat haar vir haar man gereed gemaak het. Hierdie bruidskerk is die volmaakte en geseënde teenpool van die slegte en verleidelike vrou, Babilon, waarmee die wêreld(gees) voorgestel word.

9. Wat beteken die vergelyking dat die stad se glans soos ’n edelsteen is?

Die stad is absoluut heilig, kristalhelder soos opaal. Die skoonheid en heiligheid van die stad kan nie anders beskrywe word as met dieselfde heiligheid wat Hy wat op die troon sit (Op 4:3) ook gehad het nie. Die stad is die finale werk van die Heiligmaker self! Hier kom die mens weer by die ware beeld van God wees uit! Die bouwerk is volmaak, dit is van God. In pragtige simboliek sien ons die heerlikheid, heiligheid en volmaaktheid van die verheerlikte en ewige kerk van Christus, die bruid, die stad van God, die Nuwe Jerusalem!

10. Wat leer ons aangaande die BOUSTYL van die stad (vs 12-14)?

Die **hoë muur** om die stad spreek van absolute veiligheid en beskerming. Die engele by die poorte is die beskermers van die toegang tot hierdie veilige vesting. Hulle hou alles wat onrein en onheilig is uit hierdie stad uit. So lees ons dit in vers 27*: "niks onreins en niemand wat iets losbandigs doen, sal ooit daarin kom nie."*

Die **twaalf poorte** gee toegang tot die stad. Twaalf is 'n getal van volheid (3x4) en word met die twaalf poorte aan ons getoon dat daar oorvloedige geleentheid is tot toegang. Van alle kante is daar toegang. Die poorte is nie gesluit nie, maar staan oop na al die wêreldoorde - dat die gelowiges uit al die volke en tale en nasies kan ingaan. Die stad is dus geen tronkvesting nie, maar een van ewige vryheid en vrede. Hier sien ons die boustyl van God is geleë in die die **vrymakende evangelie** van Jesus Christus. Sy genade gee ruimte en vryheid aan die mens wat slaaf was weens die sonde.

Die twaalf **fondamente** strek van poort tot poort. Hierdie fondamente bevestig die ewige en blywende waarde van die stad - niks sal dit ooit kan vernietig nie. Stewig staan dit gebou op die rots-fondament. Die name van die twaalf apostels staan daarop geskrywe, d.w.s. die **boodskap van die apostels** is hierdie fondasie. So skryf Paulus ook in Efesiërs 2:20. En wat het hulle anders geleer as dat Jesus die Gekruisigde en Opgestane Christus die basis en beginsel van die ewige lewe is? So skryf Paulus in 1 Kor 3:11 - *"Want niemand kan 'n ander fondament lê as wat reeds gelê is nie. Die fondament is Christus."* Sy versoeningswerk maak die bestaan van die Nuwe Jerusalem moontlik en 'n heerlike werklikheid!

Die twaalf **stamme** van die Ou Testamentiese Kerk staan geskrywe op die poorte en die twaalf apostels van die Nuwe Testamentiese Kerk op die fondamente. Hierdie simboliek teken die werk van God in die geskiedenis. Die OT Kerk het gesentreer rondom Jerusalem (vgl Psalm 122).

Die NT Kerk sentreer rondom Christus. En die Nuwe Jerusalem (ewige lewe) kom deur Oue (die OT en NT Kerk) tot stand. (Alle getroue gelowiges sal saam op die nuwe aarde woon.) Deur die hele kerkgeskiedenis heen was en is God dus besig om die nuwe en heilige Stad voor te berei. God kom tot die Nuwe deur die Oue. God berei die ewige deur die tydelike heen. Sy **boustyl** is om deur die kerk in die wêreld vir Hom 'n **ewige Koninkryk** op te rig waar daar **vrye en feestelike toegang** sal wees (2 Pet 1:11).

Is u ook deel van die ou kerk?

11. Hoe verstaan ons die AFMETINGS van die stad? (Vs 15-17)

Die engel meet vervolgens die stad met 'n goue **meetstok**. Goud spreek van absolute betroubaarheid. Die stad sal in alle opsigte ooreenstem met die heilige raadsplan van God - volmaak, heilig en goed.

As jy goed gelees het, sal jy merk dat die afmetings weergegee word as 'n **presiese kubus.** Die Joodse lesers kon hier dink aan die binneste heiligdom van die tempel (1 Kon 6:20) wat ook 'n volmaakte kubus was. Daar het God gewoon. (God is hier ons Allerheiligste.) Die Nuwe Jerusalem is dus 'n volmaakte eenheid van harmonie en dit veral omdat God self ook daar sal woon. (Die hele stad is ‘n tempel.)

Hier kom die skepping maar veral die **herskepping** van God tot sy volmaakte afronding. Die doel van skepping én herskepping word in **volslae volmaaktheid** bereik. En om die volmaaktheid te beklemtoon word die afmeting gegee: 12 000 kilometer in al drie die dimensies! 12 000 = 3 x 4 x 10 x 10 x 10.

- 3 - getal van God
- 4 - getal van die mens/skepping
- 10 - getal wat afgerondheid uitdruk, in drievoud!

Hier is **God en mens** in volmaakte vrede en harmonie versoen!

Die muur rondom die stad word weergegee as **144m.** Weer 'n getal van volheid! Die muur van **beskerming** is ondeurdringbaar en die inwoners dus absoluut **veilig** en gelukkig.

12. Watter BOUMATERIAAL word gebruik? (Vs 18 - 21)

Bekyk ons die boumateriaal waarmee hierdie Stad aangelê word dan bemerk ons dat dit van die kosbaarste **edelstene en goud** skitter. Die muur is van opaal en die stad self van die suiwerste goud wat soos 'n spieël blink. Heerlikheid en rykdom en heiligheid in die oortreffende trap! So iets het geen mens nog ooit aanskou nie! Die fondamente is met die **kosbaarste edelstene** versier en skitter in ware rykdom en veelkleurigheid.

Die stad is immers die Triomferende Kerk van Christus. Die uitverkorenes is ’n gebou (’n tempel) van God wat deur die ryke genade van die wysheid van God gered is van die verderf. Die verskeidenheid van **kleure van die edelstene** toon aan ons die heerlike deugde en veelvuldige wysheid van God. In sy wonderlike genade vervul Hy elkeen van sy kinders met hierdie rykdom van sy heerlikheid en so word die mens weer waarlik herstel as beeld van God. Selfs die strate van die stad is van suiwer goud. (Die volk wat soos goud gelouter is – 1 Pet 1:6-7)

In jou gees sien jy nou die ewige lewe as glansende verskyning – dit sal vol **heerlikheid en reinheid en suiwerheid** sal wees. Daar sal geen sonde of onreinheid meer wees nie, maar almal wat daar ingaan sal vervul wees met die genade en liefde van God.

13. Wat leer ons van die stad se INWONERS?

Wat die bewoners van die stad betref, oortref dit alle aardse norme. Geen tempel (=kerk) nie en geen son en maan nie. **God self** sal in soveel heerlikheid daar woon dat die tempel onnodig is en sy heerlikheid sal so skitter in glans dat dit elke mens se lewenslig sal wees. Daar sal ook geen nag meer wees nie, want die lig van God verdryf alle duisternis, sonde, onreg, smart en pyn. Hy is die lig vir die nasies. (God en die

Lam verlig die stad.) In die eerste plek is **God self** dus inwoner van hierdie Nuwe Jerusalem. Hy maak sy woonplek volledig onder en tussen die mense. Ja, Hy sal alles wees en in almal woon!

Tweedens is die **nasies en hul konings** inwoners van die stad. Die poorte staan immers oop na al die wêreldoorde dat die nasies in kan gaan. In Christus gaan die evangelie immers na al die nasies toe (Matt 28:19).

Uit elke nasie, volk en taal sal hulle daar wees...diegene wat in Christus verlos is. Hier sien ons dat ook in die ewige lewe die verskeidenheid van die nasies nie sal verdwyn nie. Nee, die mense bring die kultuurskatte en die rykdom van hul kundigheid en ontwikkeling in die stad in.

Derdens sien ons dat hier **niemand** sal woon wat nie gewas is in die bloed van Christus nie (vs 27). Hulle is onrein en behoort soos die melaatses van ouds buite die stad te bly. Hulle sal op die ashope van die verderf ronddwaal en dit uitroep in hulle nood, terwyl niemand hulle noodroep hoor of hulle uitred nie – (vgl Op 21:8 dit is die tweede dood!). Nee, in die stad woon net die ware **kinders van God!** Hulle **is** die stad van God. Hulle **is** die bruid, versier vir Christus. Hulle is die ou kerk...wat nuut geword het! Hulle is die kinders van God, erfgename van die volmaakte heerlikheid wat Hy in Christus toeberei het.

(Dié wat genade ontvang, sal inwoners van die nuwe stad wees.)

Wat Ons van die Ewigheid Weet:

- *'n Plek wat vir ons gereed gemaak is deur Jesus Christus se soendood (Joh 14:2-3)*
- *Ons sal soos Jesus wees (1 Joh 3:2)*
- *Ons sal nuwe liggame hê (1 Kor 15:1-58)*
- *Ons sal wonderlike dinge ervaar (1 Kor 2:9)*
- *'n Nuwe toestand saam met God (Op 21:1)*
- *God se teenwoordigheid op 'n nuwe wyse ervaar (Op 21:3; 1 Kor 13:12)*
- *Ou emosies het nie meer 'n houvas nie (Op 21:4)*
- *Die dood sal nie meer daar wees nie (Op 21:4)*

Die Bybel sê meer omtrent die feit dat die ewige lewe as gratis genadegawe deur God aan ons gegee word en dat ons dit moet aanvaar, as wat dit omtrent die ewigheid self sê.

Ons deel reeds in die ewige lewe as ons in Christus ingeplant is!

Bron: Bybel in Praktyk

OPENBARING 22

TEMA: 'N RIVIER VAN LEWENDE WATER

1. Wat is die ooreenkomste en verskille met die visioen en die paradys?

In Genesis 2:8-14 sien ons die tuin wat God aangelê het en daar het 'n rivier ontspring om die tuin nat te lei. Daar was dus ook 'n rivier, maar dit was vir die grond bedoel. Die rivier van die visioen is lewegewende water vir die mens. Daar is ook bome ter sprake. Die boom van kennis staan nie meer in die stad van God nie, maar die boom van die lewe wel. Waar Genesis dus te doen het met 'n letterlike verklaring, het ons in Openbaring 22 te make met 'n geestelike boodskap. Die verbinding tussen die twee tuine is geleë in die heerlikheid en volmaaktheid daarvan.

(Die paradystuin het nou 'n stad geword waar al die uitverkorenes bly.)

2. Watter vergelykings kan gemaak word tussen die volgende verse: *Openbaring 22:1; Esegiël 47; Jesaja 8; Psalm 46; Johannes 7:37-38; Jesaja 55:1; Ps 42:7-8*

Die begrip" water" word dikwels gebruik om die genade van God aan te dui. Neem byvoorbeeld die oproep van Jes 55:1. Soos die mens en dier totaal en al nie sonder water kan klaarkom nie, so kan die mens nie sonder genade klaarkom nie. Sonder die genade van God is die mens totaal en al verlore.

In Ps 46:5 dui die stroompies op die standhoudende genade van die verbond. In Jes 8:5-8 word die genade met 'n klein stroompie van Siloam vergelyk, maar ten minste is dit 'n bestendige stroom en nie soos die wispelturige Eufraat nie...God is nie soos die gode nie.

In Eseg 47:1-2 kom die genade van die troon soos water wat van die tempel af kom. Hoe verder jy daarin gaan hoe dieper die stroom. Herskeppende genade – genade wek lewe.

In Joh 7:37-38 word die water-beeld deur Christus op homself toegepas. Hy is die groot genadegawe van God aan die mensdom.

Die wonderlike verskil tussen al hierdie verse en Op 22:1 is die feit dat die stroompie van genade in die stad van God soos 'n groot rivier sal loop! Die stroompie word 'n yslike rivier van oorvloedige liefde en genade van Bo, want dit stroom uit die troon van God uit.

(Water van die lewe bring krag en genesing.)

3. Waar kom die boom van die lewe vandaan?

Uit die paradys, die tuin van Eden, waar God na die sondeval deur die gerubs met die vlammende swaard verhinder het dat die sondige Adam van die boom eet. Nou, nadat Christus alles vernuwe het, is die uitverkorenes gereed om van die boom van die lewe te eet. Dit is die simboliek van die gawe van die ewige lewe. Die boom dra elke maand vrugte en sal dus nooit sonder vrugte wees nie. Die nuwe mens sal altyd vol van die goeie vrugte van goeddoen wees – daar sal immers geen sonde meer wees nie. Die blare bring genesing vir die nasies, dui daarop dat die nuwe en verloste mens nie op homself in selfsug ingestel is nie, maar op die voordeel van die ander rondom jou!

4. Wat leer ons nog in hierdie verse (Op 22:1-5) van die stad en sy heerlikheid?

- Daar sal niks wees wat vervloek is nie.
- Daar sal geen nag meer wees nie.
- God self en die Lam sal daar wees! Al weet ons niks meer as dit nie, is dit vir ons genoeg...ons sal by die Here wees en Hy sal by ons woon!

(Liggaamlike behoeftes sal nie meer bestaan nie. Daar sal nie gebrek of siekte wees nie.)

5. Wat beteken dit dat ons nie meer 'n lamp of 'n lig sal nodig hê nie?

In Psalm 119:105 word die Woord van God 'n lamp en 'n lig genoem. Ons het die Bybel gekry as die openbaring van God, waardeur ons God kan leer ken. Sy woord is die lig vir ons pad op aarde. In die hemel, die stad van God, die ewige lewe, sal ons nie meer die Bybel benodig nie. Dan sal alles wat in die Skrif belowe is en geglo moes word, vervul wees. Dan sal die Skrif-Woord ten volle bewaarheid word. Christus is immers die Vleesgeworde Woord en Hy sal daar wees en by ons wees as die lamp en lig van ons lewe!

Alles wat dus hier nog onvolmaak en voorlopig is, sal daar in volle heerlikheid vir ons waar wees!

Kyk na die lyn van priester, profeet en koningskap in verse 3,4 (Vgl Myburgh)

SLOT: DIE BOEK WAT GEBRUIK MOET WORD!

Die openbaring (apokalips) aan Johannes het ten einde geloop. Nou volg daar enkele slotverse wat die laaste spykers net goed wil inslaan. En die opvallende is dat die geskrif afsluit met 'n ernstige waarskuwing*: "Moenie die woorde van die profesie van hierdie boek verseël nie..." (vs 10*). Die Here wil nie dat die gegewens van hierdie boek geheim gehou moet word nie. Juis aan almal moet bekend gemaak word wat die Here se wil in die laaste dae is.

- 1 Tess 5:20-22

Daar is **VIER REDES** waarom ons die boek nie moet verseël nie:

1. Die inhoud is die absolute waarheid

Op drievoudige wyse word in hierdie hoofstuk die waarheid van die profesie bevestig.

- **Eerstens** die **engel** (vs 6) verklaar dat hierdie woorde betroubaar en waar is, omdat dit deur die Heilige Gees aan die profete geopenbaar is. So het ons tog van hoofstuk 1:10 gesien dat Johannes deur die Gees "meegevoer" is.
- **Tweedens** staan **Johannes self** (vs 8) in vir die waarheid daarvan. Hy het die openbaringe persoonlik ontvang, gehoor en gesien.
- **Derdens** staan **Jesus** (vs 16) vir die absolute waarheid van hierdie boek. Johannes ontvang van die engel slegs dit wat deur Christus self gestuur is. Op 1:1b lui: "*Jesus het toe sy engel gestuur om sy dienaar Johannes dit alles te laat sien.*" Drie persone! Die waarheid staan vas in die mond van twee of drie getuies (Joodse regsbeginsel). En in die mond van DRIE getuies staan dit vas vir die absolute waarheid. Daarom mag dit nie geheim bly nie! Die kerk moet die waarheid hoor en weet en glo!

2. Die eindtyd is naby

So staan in vers 10 geskryf as REDE waarom die profesie bekend gemaak MOET word. Hierdie dinge is van baie aktuele waarde vir die kerk wat in die laaste dae is. Die wederkoms van die Here is naby. En dan kom die einde. Ook die einde van die geleentheid om genade te ontvang! Vers12 lui soos die liefdevolle vermaning van die Here Jesus: "*Kyk, Ek kom gou! Ek bring die loon saam met my om elkeen te beloon vir wat hy gedoen het. Ek is die Alfa en die Omega, die Eerste en die Laaste, die Begin en die Einde.*" Die boek Openbaring is dus bedoel om die kerk in hierdie laaste dae tot waaksaamheid aan te spoor en te lei in geloofsekerheid.

3. Dit gaan om lewe en dood

In vers 11 word dit baie duidelik wat deur die hele boek verkondig word: Daar is naamlik twee lyne - dié van die lewe en dié van die dood.

- Die lyn van die LEWE: Wie reg doen en die teken van die Here op hulle voorhoofde dra.
- Die lyn van die dood: Wie die dier en sy beeld aanbid en die kerk vervolg.

Ons taak is nie om die vuilheid en onreg te verhinder nie, maar wel om te **groei in heiligmaking**.

Regverdigmaking:	Wat Christus vir jou gedoen het
Heiligmaking:	Regverdige moet meer regverdig word

Die laaste dae sal dus een wees waarin dit steeds duideliker word dat daar TWEE POLE is:

- Die gelowige, strydende en volhardende kerk wat die sekerheid het van die ewige lewe **EN**
- Die afvalliges wat vir seker bedoel is vir die poel van vuur en swael.

(Bybel in Praktyk: "Uitsig op ons toekoms bring ook insig in ons hede. Hoe meer ons van God se eindpunt verstaan, hoe meer kan ons die hede betekenisvol beleef.")

4. Die twee saligsprekinge in hierdie paragraaf.

In verse 7 en 14 hoor ons Jesus twee maal roep "salig is..." of "geseënd is..." net soos by die saligsprekinge in die bergrede (Matt 5). Hierdie twee saligsprekinge vorm deel van 'n deurlopende reeks van sewe saligsprekinge in die hele boek openbaring. Dit bevestig ook opnuut weer die eenheid van die hele boek:

- Op 1:3 Geseënd is dié wat die boek lees, hoor en ter harte neem.
- Op 4:13 Geseënd is dié wat van nou af in die Here sterwe.
- Op 16:15 Geseënd is die een wat wakker bly en sy klere reghou.
- Op 19:9 Geseënd is hulle wat na die bruilofsmaal van die Lam genooi is.
- Op 20:6 Geseënd en heilig is die wat aan die eerste opstanding deel het.
- Op 22:7 Geseënd is elkeen wat die woorde van hierdie profesie ter harte neem
- Op 22:14 Geseënd is die wat hulle klere was.

Omdat hierdie saligspreking soos 'n goue draad deur die boek loop, verstaan ons daaruit wat die bedoeling van die boek is. Behalwe dat ons mag weet dat Jesus se wederkoms NABY IS (tema van die boek), mag ons ook weet dat die kerk deur Christus BEWAAR word tot saligheid. Hy het dus nie verniet gesterf nie. Hy bring vergifnis van sonde. Hy skenk aan ons die bleikmiddel vir ons vuil klere. Hy was ons skoon deur sy verlossingsbloed. En dit maak die groot verskil, nl. die ingang tot die **nuwe** Jerusalem.

Wie gewas is in die bloed van Christus het reg op die boom van die lewe. Maar, sonder Christus bly jy buite. Met vuil klere hoort jy saam met die draak en die diere by al die moordenaars en bedrieërs buite die stad in die ewige verdoemenis. (Hinnomdal?)

Hierdie boek verkondig ook aan ons hierdie Christus wat die draak oorwin het! Hy is die ruiter op die wit perd wat vir die oorwinning gesorg het. Deur Hom is ons MEER AS OORWINNAARS! Deur Hom en deur sy verlossingswerk word ook ons SALIG genoem! 7 maal salig (makarios)!!

DUS

Ons mag hierdie boek nie as iets onaantasbaar beskou nie. Dit is God se bedoeling dat hierdie besondere boek gelees en weer gelees en verstaan sal word en dat ons ons lewe daarvolgens sal inrig!

Christus se werk in oënskou:

- Hy wat verhoog is tot aan die regterhand van sy hemelse Vader en wat die boekrol ontvang het.
- Jy het gesien hoe Hy die sewe seëls oopmaak en hoe Hyself die kerkgeskiedenis binne die storm en drang van die wêreldgebeure lei tot oorwinning.
- Jy kon die versekering kry dat die verlostes verseël en beskerm word tot in ewigheid en dat niemand hulle uit sy hand kan ruk nie.
- Jy weet nou dat die einde naby is wanneer die duiwel, die draak, en sy trawante in die vuurpoel sal beland en ons die heerlike stad Jerusalem sal binnegaan, waar die rivier met die water van die lewe is en waar die boom van die lewe staan. Ja, wanneer ons by die Here sal wees in volle heerlikheid.

Kan 'n mens dit dan nog GEHEIM hou? Kan mens hierdie boek verseël? Ek glo nie! Mag ons nie hierby gaan stilstaan nie, maar weer en weer en weer die boek Openbaring lees en bestudeer.

NS: En dan geld dit nie net hierdie boek nie, maar die hele Bybel, al 66 boeke wat die volle raad van God aan u verkondig. So ook Op 22:18,19 waarin beveel word dat ons niks mag byvoeg of weglaat nie! Dit geld vir die boek Openbaring, maar ook vir die hele Skrif!!

DIE GEES EN BRUID ROEP: "KOM"! (OP 22:17)

Let op na die samehang tussen die KOMS van Christus en die "KOM" van die mens/kerk. So word in vers 17 die KERK opgeroep om te kom. (Vgl Joh 4:10 -15) Die Gees roep: Kom!

- Die (Heilige) Gees roep tot geloof – Kom! (hoor)
- Die bruid (kerk) roep saam met die Gees: Kom! (hoor)
- Elkeen wat die evangelie **hoor** en **glo**, moet weer tot die ander roep, om te kom en te glo!

En elkeen wat dan gewillig is MOET KOM! Ja, hulle moet kom en die water van die lewe neem. Verniet!

Die mens moet ook steeds nader KOM en glo. Hy moet steeds meer en meer GEWILLIG wees om vir die Here te lewe en so steeds NADER en nader kom aan ons Here en aan sy koms en aan dié van sy koninkryk. Die koninkryk kom nie net deur die werk van die Here nie, maar juis ook deur die werk van sy kerk!

In hoofstuk 8:1 het ons duidelik gesien dat die Here op die kerk WAG om hul werk te doen, voordat Hy die koninkryk laat kom. Hierin maak Hy dus die mense sy MEDEWERKERS!

MARANATA! (**Op 22:20)**

Vers 20 bestaan uit 'n belofte en 'n gebed.

- **Belofte:** Jesus belowe om gou weer te KOM.
- **Gebed** van die kerk: Johannes bid ernstig vir hierdie KOMS.

Die boek sluit dus af met die tema waarmee dit begin het. In hoofstuk 1:7,8 het ons die hooftema gelees: "*Kyk Hy KOM met die wolke*...." Hier word dit deur Jesus herbevestig. Bowendien is dit in vers 20 al die derde maal in een hoofstuk dat Jesus dit bevestig (Vgl ook vers 7 en 12).

Die kerk moet dit baie goed weet: al die gebeure van ons dag en tyd en al die dinge van die eindtyd en die laaste dae, al die verskrikkinge en aanslae op die kerk, ja, ook al die rampe en ellendes van die lewe. Dit alles bring die KOMS VAN JESUS al hoe nader!

Hy kom op die wolke as OORWINNAAR! Hy kom as die ruiter op die wit perd (Op 19). Hy kom om te oordeel die lewendes en dooies, maar Hy kom ook om die Nuwe Jerusalem se poorte oop te stel, sodat ons daar mag binnegaan en ewig bruilof vier saam met die Lam van God!

Die boek Openbaring laat ons dus uitsien na die EINDE, die voleinding. Die boek wek ons op om vorentoe te kyk en ons Verlosser te VERWAG op die wolke.

En wie nou hierdie boek so gelees het, kan nie anders as Johannes reageer nie:

- Sy verwagting het gegroei.
- Sy hoop het vergroot.
- Sy verlange na die groot dag is versterk.

En daarom sy GEBED: **"Amen. Kom, Here Jesus!"**

Hier gaan Johannes die hele kerk voor in 'n gebed om die koms van die koninkryk! So het Jesus ons al by sy eerste koms op aarde leer bid: "Laat u koninkryk kom." 'n Gebed om die spoedige koms van die Here. 'n Gebed om die voleinding van 'n gebroke wêreld. 'n Gebed om die koms van die ewige lewe. So 'n gebed moet in die harte en op die lippe van die kerk van die Here wees: **Amen. Kom, Here Jesus**!

In 1 Kor 16:22 word dieselfde gebed deur Paulus gebid en dan word daar die woorde MARANATA gebruik. Die woord Maranata kom van die Aramees en was dit waarskynlik vroeër in Jerusalem se kerk al oor die algemeen gebruik as kort gebed om die dringende koms van die Here. Wie nie vas geraak het aan hierdie tyd en sy aanloklikhede nie, se verlange sal steeds meer en meer groei om uit te roep, keer op keer:

- **MARANATA!**
- **KOM, HERE JESUS!**

'n Bybelstudie oor Openbaring saamgestel deur Ds Maarten van Helden

In samewerking met:

Nelly Silvis en Esmé Prins

Ander bronne geraadpleeg:

- Afrikaanse Vertaling van die Bybel (Ou en Nuwe Vertalings)
- Verklarende Afrikaanse Bybel
- Bybel in Praktyk
- Dr B Duvenage: *Van Stryd tot Oorwinning*
- *Die Openbaring van Johannes:* Dr EP Groenewald